**“Geprojekteerde advertensieteken”** beteken enige teken wat met behulp van 'n laserprojektor, videoprojektor of ander apparaat geprojekteer word, maar sluit elektroniese en digitale tekens uit.

**“Goedkeuring”** beteken goedkeuring deur die Stad of sy amptenare, subrade of komitees.

**“Grafika”** behels onder andere enige komponent wat tot die visuele voorkoms of estetika van 'n advertensieteken bydra, wat die agtergrond van die teken insluit.

**“Hommeltuig”** beteken 'n afstandbeheerde onbemande vliegtoestel, wat model- en speelgoedvliegtuie uitsluit.

**“Intern verligte advertensieteken”** beteken 'n struktuur wat gebruik word om 'n advertensie te vertoon en wat toegerus is met elektriese of ander krag en 'n kunsmatige ligbron wat hetsy ten volle of gedeeltelik deur die struktuur of teken omsluit word, welke lig bedoel is om die advertensie of 'n gedeelte daarvan te verlig, en “verligting” en “verlig” het 'n soortgelyke betekenis.

**“Kandela”** beteken die standaard SI-eenheid van ligsterkte (per sekonde ligintensiteit) van 'n ligbron wat in 'n bepaalde rigting skyn.

**“Kimteken”** beteken 'n advertensieteken waarvan enige bopunt die hoogte van die dakvlak waarop dit aangebring is, oorskry.

**“Koerantopskrifplakkaat”** beteken 'n tydelike plakkaat wat die inhoud van 'n dag- of weekblad wat te koop is, adverteer.

**“Kommersieel geborgde advertensieteken”** beteken 'n teken wat goedere of dienste adverteer, maar waarvan die oprigting ook 'n sekondêre doel het, naamlik om 'n erkende

openbare of gemeenskapsdoelwit, -byeenkoms of -geleentheid te bevorder of daartoe by te dra.

**“Kommersiële reklame”** beteken enige woorde, letters, logo's, figure, simbole of prente met betrekking tot die naam van 'n onderneming, saak, vennootskap of individu, of enige inligting, aanbeveling of aansporing ten opsigte van enige bepaalde goedere wat vervaardig of verkoop word, of enige bepaalde dienste wat gelewer of aangebied word, of enige geleentheid vir handel of vermaak, wat sportbyeenkomste insluit.

**“Kontrakteursbord”** beteken 'n tydelike teken wat vertoon word by 'n perseel waar bouwerk, die lê van veselkabel, loodgieters, elektriese werk, tuinontwerp, besproeiingsinstalling, herstelwerk of enige ander verbeteringe aangebring of aan die gang is en wat slegs die kontrakteur se naam, kontakbesonderhede en soort diens of produk adverteer wat by die perseel gelewer en onderneem word.

**“Kussone”** beteken dieselfde as in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, Wet 24 van 2008.

**“Lamppaaldraibanier”** beteken 'n tydelike banier wat met behulp van draaiskarnierarms gemonteer en teen straatlamppale aangebring word om byeenkomste, geleenthede of veldtogte te adverteer óf vir die doel van verkiesingsveldtogte of kieserregistrasie.

**“Liggaam sonder winsoogmerk”** beteken 'n liggaam wat hoofsaaklik tot stand gebring is om 'n gemeenskapsdoelwit of -voordeel te bevorder sonder direkte of persoonlik finansiële gewin, en kan opvoedkundige, sport- en mediese liggame, Stadsdepartemente sowel as liefdadigheid- en gemeenskapsorganisasies insluit.

**“Ligstorting”** beteken verligting vanaf 'n ligbron wat 'n advertensieteken verlig, maar wat ook buite die area van sodanige teken val.

**“Los draagbare advertensietekens”** beteken 'n losstaande teken wat nie permanent op een plek vasgemaak is of bedoel is om op een plek vasgemaak te bly nie, en wat hetsy op sy eie staan of vasgehou word.

**“Losstaande advertensietekens”** beteken enige teken of groep tekens wat in een losstaande struktuur vervat is of daarop vertoon word en wat nie vas is aan 'n gebou of aan enige struktuur of voorwerp wat nie hoofsaaklik vir reklame bedoel is nie.

**“Lugteken”** beteken 'n advertensieteken wat in die lug vertoon of uitgevoer word, wat onder meer insluit ballonne en ballonskepe wat aan geboue of ander strukture op 'n perseel vasgemaak is en van binne die Stad se regsgebied gesien kan word.

**“Luminansie”** is 'n maatstaf van hoe helder die oppervlakte van 'n verligte advertensieteken vir die menslike oog is en word in kandela/m<sup>2</sup> gemeet.

**“Multigebruikgebou”** beteken 'n gebou of terrein wat vir sowel residensiële as enige bykomende nieresidensiële doeleindes gebruik word.

**“Nieresidensiële gebou”** beteken 'n gebou waarvan geen gedeelte hetsy tydelik of permanent vir menslike bewoning beset of gebruik word nie.

**“Omgewing”** beteken die konteks waar die aanbring of oprigting van 'n advertensieteken voorgestel word en sluit in alle natuurgebiede sowel as gebiede en strukture wat deur mense aangepas of gebou is, met inbegrip van biodiversiteits- en natuurlike hulpbronne, kultuurerfenis en visuele aantreklikheid, estetika en alle faktore wat mense se gesondheid en die gehalte van menselewens beïnvloed.



**“Ontwikkelingsbord”** beteken die tydelike teken van 'n ontwikkelaar wat vertoon word by 'n perseel waarvoor daar 'n goedgekeurde bouplan vir 'n voorgestelde ontwikkeling bestaan, welke teken beskryf watter soort ontwikkeling daar onderneem word of sal word, en wat 'n prentevorstelling of beskrywing van die voorgestelde ontwikkeling, pryse en die naam en kontakbesonderhede van die ontwikkelaar, die finansiëlediensteverkaffer en/of die eiendomsbemarkingsagent kan insluit.

**“Opblaasteken”** beteken enige teken wat 'n mate van gepompte lug of gas vereis om te vertoon.

**“Openbare fasade”** beteken enige fasade wat vensters, openinge of ander boukundige artikulasies bevat, welke fasade hetsy op die straat uitkyk of teruggeset is van 'n sy- of agtergrens van die erf, en wat ontwerpte aansigte insluit, of 'n fasade wat blind is.

**“Openbare pad”** beteken 'n openbare pad soos wat die Nasionale Padverkeerswet, Wet 93 van 1996, dit omskryf.

**“Openbare plek”** beteken enige openbare pad, openbare parkeerterrein, openbare straat, deurgang, brug, duikweg, looppad, geplaveide voetgangerarea, voetpad, sypaadjie (of soortgelyke voetgangergedeelte van 'n padreserwe), laan, plein, openbare ruimte, tuin, park, strand of ingeslote plek onder die Stad of 'n ander staatsowerheid se beheer, of wat as sodanig op die landmeter-generaal se rekords aangedui word, of wat deur die publiek benut word, of wat as sodanig in die tersaaklike soneringskema gesoneer is.

**“Padowerheid”** beteken die munisipale of provinsiale regeringsdepartement wat daarvoor verantwoordelik is om 'n pad in 'n bepaalde regsgebied te administreer.

**“Padreserwe”** beteken die gebied binne die statutêre breedte van 'n pad, wat insluit ryvlakke, padskouers en sypaadjies, en die lugruimte bo sodanige ryvlakke, padskouers en sypaadjies, en alle ander areas binne die padreserwegrens, waaronder reserwes van paai wat nog nie gebou is nie.

**“Pasgemaakte ontwerp”** beteken die unieke ontwerp van enige teken wat uitsluitlik vir oprigting op 'n bepaalde plek ontwerp en gemaak word en wat ten minste een van die volgende elemente bevat—

- (a) Spesiale effekte soos gespesialiseerde karaktersnymodelle, maar nie LED-strookligte waar dit die enigste spesiale effek is nie;
- (b) Gespesialiseerde karaktervorms;
- (c) Driedimensionele aanbiedings; of
- (d) Bewegende dele.

**“Persoon”** sluit in—

- (a) enige staatsorgaan;
- (b) enige maatskappy wat kragtens enige wet as sodanig ingelyf of geregistreer is; en
- (c) enige groep persone, hetsy ingelyf of nie, wat om watter rede ook al as 'n enkele entiteit funksioneer.

**“Plakkate”** beteken tydelike tekens wat teen straatlamppale van die Stad aangebring of teen vaste strukture opgesit kan word om geleentheid of veldtogte van 'n beperkte tydsduur, waaronder verkiesings of referendums, te adverteer, of wat vir die doeleinde van verkiesingsveldtogte of kieserregistrasie gebruik word, maar sluit uit reklameplakkate vir dieselfde geleentheid wat op 'n permanente of gereelde grondslag op meer as twee dae per maand gehou word.

**“Plat advertensieteken”** beteken 'n teken wat direk teen 'n muur van 'n gebou aangebring of daarop geprojekteer, geplak of gevef is, maar nie op of oor vensters of deure of boukundige artikulasies nie, en wat op geen punt verder as 250 mm van die oppervlak van

sodanige muur uitsteek nie, of 'n teken wat in die gebou self ingegraveer of gevorm is en 'n integrale deel van die gebou uitmaak, of 'n teken wat plat teen 'n grensmuur aangebring is.

**“Plekgebonde reklame”** beteken enige teken wat op 'n bepaalde erf, perseel of gebou vertoon word en wat verwys na die naam van die perseel of gebou, die naam of logo van die saak wat op of vanaf daardie erf, perseel of gebou bedryf word, of 'n aktiwiteit, produk, diens of attraksie wat op of vanaf daardie erf, perseel of gebou gelewer of voorsien word.

**“Reklamebord”** beteken enige losstaande skerm of bord met 'n totale reklameoppervlakte van meer as 4,5 m<sup>2</sup> wat gestut word deur, of bestaan uit, 'n struktuur wat gebruik word of bedoel is vir die aanbring, vertoning of tentoonstelling van 'n derdeparty-advertensieteken.

**“Residensiële gebou”** beteken 'n gebou of gedeelte van 'n gebou of terrein wat vir hetsy tydelike of permanente menslike bewoning ontwerp is, en sluit onder andere in woonhuise, wooneenhede, woonstelle, gastehuse, bed-en-ontbytondernemings, losieshuise, hotelle, kamers te huur, selfsorgeenhede en hostelle.

**“Ryvlak”** beteken daardie gedeelte van 'n pad, straat of deurgang wat vir voertuigverkeer verbeter, gebou of bedoel is, soos wat die Nasionale Padverkeerswet, Wet 93 van 1996, dit omskryf.

**“Saamgestelde advertensietekens”** beteken 'n enkele losstaande tekenstruktuur vir die vertoning van meer as een advertensie.

**“Sekuriteitstekens”** beteken 'n buitereklaametekens vir 'n—

- (a) buurtwag;
- (b) straatkomitee;
- (c) sentrale verbeteringsdistrik; of
- (d) sekuriteitsdiens;

welke teken slegs die naam, logo, adres en telefoonnommer van die bogenoemde skema of diens mag bevat.

**“Staatsorgaan”** beteken—

- (a) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer; of
- (b) enige ander funksionaris of instelling—
  - (i) wat 'n bevoegdheid uitoefen of 'n werksaamheid verrig ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale grondwet; of
  - (ii) wat 'n openbare bevoegdheid uitoefen of 'n openbare werksaamheid verrig ingevolge enige ander wetgewing.

**“Stad”** beteken die Stad Kaapstad, 'n munisipaliteit wat ingestel is deur die Stad Kaapstadstigtingskennisgewing No. 479 van 2000, wat ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998, uitgereik is, en sluit in enige struktuur of werknemer, verteenwoordiger of agent van die Stad wat in verband met hierdie verordening optree ingevolge 'n bevoegdheid of gedelegeerde bevoegdheid van die Stad.

**“Straatmeubels”** beteken openbare fasiliteite en strukture van die Stad wat nie hoofsaaklik vir reklame bedoel is nie, en sluit onder andere in sitbanke, planthouers, vullisdromme, paalgesteelde vullisdromme of vullissakhouders, busskuilings, sypaadjehorlosies, waterfonteine, telekommunikasiekaste, Wi-Fi-kolle, verduidelikende kaarte en tekens, verkeersligbeheerders en elektrisiteitskaste, maar sluit uit padverkeerstekens, verkeersligte, straatligte of enige ander padverwante strukture.

**“Straatnaamtekens”** beteken paalgemonteerde, dubbelkant-, intern verligte óf nieverligte tekens van hoogstens 1 m<sup>2</sup> wat reklame insluit, welke reklame saam met straatname vertoon word.

**“Subraad”** beteken 'n metropolitaanse subraad wat ingestel is ingevolge artikel 3 van die Stad Kaapstad: Verordening op Subrade, 2003, soos gewysig.

**“Tekens-impakbeoordeling”** beteken 'n beoordeling om te bepaal of 'n voorgestelde advertensietekens 'n nadelige of negatiewe impak op die kunsmatige of natuurlike omgewing kan hê, wat onder meer insluit die sosiale, visuele, erfenis- en verkeersveiligheidsimpak van die voorgestelde tekens.

**“Tekensmeesterplan”** beteken 'n voorlegging met sketse, teks en spesifikasies wat die besonderhede uiteensit van die ligging, uitleg, verligting en konseptuele tipe en ontwerp van die voorgestelde tekens en/of bestaande tekens op 'n perseel of in 'n bepaalde gebied.

**“Tekensstruktuur”** beteken enige struktuur of deel daarvan, wat onder andere insluit 'n raam, staander, paal, materiaal, bord, hegstukke, stutarms of verligtingstoestel, wat gebruik word om 'n advertensietekens te stut of te vertoon, ongeag of dit die struktuur of onderdeel se primêre doel is of nie, en “advertensiestruktuur” en “reklamestruktuur” het 'n ooreenstemmende betekenis.

**“Toepaslik gekwalifiseerde persoon of praktisyn”** beteken 'n persoon of praktisyn wat oor professionele kwalifikasies, opleiding, vaardighede of ervaring met betrekking tot buiterekame beskik en aan die hand van literatuur, gevestigde protokolle of objektiewe standaarde en metodes gesaghebbende beoordelings, advies en ontledings ten opsigte van buiterekame kan voorsien.

**“Totale hoogte”**, ten opsigte van 'n advertensietekens, beteken die vertikale afstand tussen die hoogste kant van die tekens en die afgewerkte vlak van die grond, looppad of verkeersweg reg onder die middelpunt van die tekens.

**“Transito-advertensietekens”** beteken advertensietekens op of in samehang met 'n gemotoriseerde of niegemotoriseerde voertuig, ongeag of sodanige voertuig van 'n standaardontwerp is of pasgemaak of doelgebou is om vir 'n tekens voorsiening te maak, en sluit in vaartuie soos bote of ander vervoermiddele wat op water beweeg, hetsy gemotoriseer of nie, of sleepwaens wat hoofsaaklik vir reklamedoeleindes gebruik word.

**“Tydelike openbare kuns”** beteken kunswerke of ontwerp-elemente wat tydelik in 'n openbare ruimte geleë is en verskeie vorme kan aanneem, wat onder andere insluit beeldhouwerke, skilderye, muurskilderye, mosaïekwerk, landkuns, fotografie en digitale tegnologieë.

**“Tydelike tekens”** beteken tekens wat vertoon word vir hoogstens 14 opeenvolgende dae of sodanige ander tydperk as wat die Stad op aanvraag kan goedkeur.

**“Uitsigpad”** beteken 'n pad of roete wat hetsy op 'n goedgekeurde soneringskaart of in die munisipale raamwerk vir ruimtelike ontwikkeling as sodanig aangewys is en van waar landskappe of esteties of kultureel belangrike kenmerke wat die Stad van tyd tot tyd aanwys, gesien of besigtig kan word.

**“Uitsteekteken”** beteken 'n tekens wat teen 'n muur van 'n gebou aangebring is en wat op 'n sekere punt verder as 250 mm van die oppervlak van sodanige muur uitsteek.

**“Vensteradvertensietekens”** beteken plekgebonde tekens wat tydelik of permanent geverf, gesandstraal, geplak, aangebring of geskryf word op, of vertoon word agter, die vensterglas van winkelfronte of die kommersiële, kantoor-, nywerheids- of vermaaklikheidsseenhede waarop die venstertekens betrekking het en wat nie oor die rame, hoofstyle, tussenstyle, kalwe, banke of lateie van die betrokke vensters strek nie.

“**Veranda**” beteken 'n oordekte platform wat aan die buitekant van 'n gebou gelyk met die grondvlak geleë is en sluit 'n vrydraende afdak en sonblinding in.

“**Verkeersimpakbeoordeling**” beteken 'n beoordeling wat uitgevoer word deur 'n geregistreerde verkeersingenieurspraktisyn met bewese ervaring op die gebied van verkeersingenieurswese om te bepaal watter impak 'n voorgestelde teken op die veiligheid van motoriste, voetgangers en fietsryers en op verkeersbedrywighede kan hê, ooreenkomstig die riglyne vir buitereklaam wat die Stad van tyd tot tyd kan publiseer.

“**Verkeerslig**” beteken 'n padverkeerslig of -sein soos wat die Nasionale Padverkeerswet, Wet 93 van 1996, dit beskryf.

“**Verkeersligkruising**” beteken 'n kruising wat met behulp van verkeersligte beheer word.

“**Verkeersteken**” beteken 'n padverkeersteken soos wat die Nasionale Padverkeerswet, Wet 93 van 1996, dit beskryf.

“**Vertoon**” beteken die vertoon van 'n advertensieteken, wat insluit die oprigting van enige reklamebord of teken, of 'n struktuur wat uitsluitlik of hoofsaaklik bedoel is om 'n reklamebord of teken te stut, sowel as die vertoon van 'n teken van 'n onderneming, saak of vennootskap waarop, of individu op wie, die inhoud van die teken of die teken self betrekking het, en “vertoning” het 'n ooreenstemmende betekenis.

“**Vervoerterminusse**” beteken gebiede wat die Stad as sodanig aanwys en waar die publiek formeel van openbare vervoer verwissel, wat onder andere insluit aangewese treinstasies, amptelike taxistaanplekke en busterminusse.

“**Voertuigadvertensietekens**” beteken advertensietekens op gemotoriseerde of niegemotoriseerde voertuie wat hoofsaaklik oor land beweeg, wat onder andere insluit fietse, taxi's, busse en afleweringvoertuie, maar wat voertuie uitsluit wat primêr vir reklamedoeleindes gebruik word.

“**Voortgesette misdryf**” beteken die optrede van 'n persoon wat ná skuldigbevinding aan 'n misdryf ingevolge hierdie verordening voortgaan met die gedrag wat tot sodanige skuldigbevinding gelei het.

“**Vryhoogte**”, ten opsigte van 'n advertensieteken, beteken die vertikale afstand tussen die laagste kant van die teken en die natuurlike vlak van die omliggende grond, looppad of verkeersweg reg onder die teken.

“**Wet**” beteken enige wet, verordening, uitvaardiging, ordonnansie, nasionale of provinsiale wetgewing of enige ander voorskrif wat regsrag het.

“**Winkel**” beteken 'n gebou wat vir kleinhandel of dienste gebruik word.

## 2. OOGMERKE VAN HIERDIE VERORDENING

Die doel van hierdie verordening is om—

- (1) buitereklaam in die regsgebied van die Stad Kaapstad te reguleer om te sorg dat dit die integriteit respekteer van enige terrein waarop dit vertoon word, en nie die karakter van die plek waar dit vertoon word negatief beïnvloed nie. Die beskerming van visuele, toeriste-, verkeersveiligheids-, omgewings- en erfeniseienskappe is belangrike oorwegings in dié verband;
- (2) ekonomiese geleenthede te skep deur dit makliker te maak om met die Stad sake te doen, administratiewe rompslomp te verminder, en voorsiening te maak vir 'n aantal tekens wat sonder 'n aansoek opgerig kan word;

- (3) die reguleringsleemte te oorbrug wat as gevolg van nuwe digitale en elektroniese tekentegnologieë ontstaan het, en die gebruik van sodanige kreatiewe tegnologieë aan te moedig;
- (4) beheergebiede te bepaal om die dinamiek tussen die tekentipe, die teken self en die voorgestelde ligging te hanteer; en
- (5) 'n uiteensetting te bied van die prosedures en kriteria wat die Stad Kaapstad sal volg en toepas ten opsigte van 'n aansoek om goedkeuring vir 'n teken wat as buitereklaamte beskou word.

### **3. TEKENS WAT VRYGESTEL IS VAN HIERDIE VERORDENING**

Die volgende tekens vereis nie die Stad se vooraftoestemming ingevolge hierdie verordening nie—

- (1) Inligtingstekens wat ook toeristebestemmingspadtekens is, soos wat die padverkeerstekenhandleidings van onderskeidelik die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en Suid-Afrika dit omskryf;
- (2) Tekens wat volgens wet vertoon moet word, waaronder padverkeerstekens wat ingevolge enige wet opgerig word;
- (3) Openbarewerke-projekborde van nasionale, provinsiale of plaaslike regering;
- (4) Tekens wat nie vanaf 'n openbare buitelugplek sigbaar is nie;
- (5) Tekens wat binne-in 'n ingeslote ruimte soos 'n stadion of 'n winkelsentrum of -wandelhal vertoon word;
- (6) Reklame op kledingstukke;
- (7) Nasionale vlag wat teen gepaste vlagpale gehys word, mits geen kommersiële reklame hetsy op die paal aangebring of by die ontwerp van die vlag ingesluit word nie;
- (8) Muurskilderye en kunswerk wat nie iets adverteer of op sigself advertensietekens is nie en wat ingevolge die Stad se permitstelsel vir openbare kunswerk goedgekeur word; en
- (9) Tekens wat slegs die naam, straatnommer of straatnaam van 'n privaat residensiële eiendom identifiseer.

### **4. TEKENS WAT VERBODE IS INGEVOLGE HIERDIE VERORDENING**

Die volgende tekens is verbode ingevolge hierdie verordening:

- (1) Tekens op torings, wat onder andere insluit koeltorings, watertorings en silo's, sowel as tekens op hyskrane, oorhoofse stellases, padstellases, telekommunikasiemaste en traliemaste;
- (2) Tekens op of oor 'n brug, buiten ten opsigte van 'n tydelike geleentheid waar die paaie gesluit is en toestemming ingevolge die Stad se geleentheidspemitprosesse bekom is;
- (3) Tekens en produkte vir kommersiële geleenthede, waaronder vir die bevordering, bemerking en bekendstelling van produkte en dienste op, of vir die verspreiding daarvan vanaf, Stadsgrond, -geboue en -infrastruktuur;

- (4) Elektroniese skerms, televisiestelle en rekenaarskerms wat sigbaar is vanaf enige openbare plek, buiten ten opsigte van 'n tydelike geleentheid waar die paaie gesluit is en toestemming ingevolge die Stad se geleentheidspersmitprosesse bekom is;
- (5) Lopende advertensies, dubbelkantlyfborde met advertensies op, en tekens wat met die hand vasgehou word; en
- (6) Tekens wat vir kommersiële reklamedoeleindes vertoon word op of in samehang met—
  - (a) afstandbeheerde hommeltuie of modelvliegtuie in die lug;
  - (b) enige vaartuig, boei, platform of boot op water in die kussone; en
  - (c) sleepwaens, buiten in omstandighede waarvoor bylae 15 voorsiening maak;

indien dit vanaf enige openbare plek sigbaar is, ongeag of die teken aan die beweeg is of nie.

#### **5. INDIENING VAN AANSOEKE**

- (1) Afgesien van daardie tekens waarna artikel 12 verwys, mag geen persoon enige advertensie vertoon of enige teken of tekenstruktuur vir reklamedoeleindes oprig of gebruik sonder goedkeuring ingevolge hierdie verordening en enige ander tersaaklike wet nie.
- (2) Elke persoon wat beplan om 'n nuwe teken te vertoon of om wysigings te maak aan, of iets by te voeg by, 'n bestaande goedgekeurde teken, of wat 'n tekenaansoek of tekenmeesterplan ingevolge hierdie verordening indien, of 'n aansoek om 'n tydelike gebou ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, wat die struktuurveiligheid van 'n voorgestelde teken en sy onderbou bevestig, moet skriftelik of elektronies op die voorgeskrewe vorm by die Stad aansoek doen en moet die volgende inligting by die aansoek insluit—
  - (a) 'n Terreinplan van die terrein waar die aansoeker die teken wil oprig of vertoon, welke plan op 'n skaal van minstens 1:200 geteken is en die posisie van die teken en, indien van toepassing, die gebou waaraan die teken vasgeheg sal wees duidelik en akkuraat aandui, sowel as elke gebou en bestaande teken op die terrein, bestaande en voorgestelde buiteontwerp, verkeersligte en padverkeerstekens, die posisie en afmetings van die teken, die teken in verhouding tot die grense en boulynbepelings en enige serwitute wat oor die terrein geregistreer is, en die ligging van die strate wat die terrein begrens.
  - (b) 'n Skets wat aan die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, voldoen en genoeg besonderhede bevat om die Stad in staat te stel om die voorkoms van die teken te oorweeg, sowel as alle tersaaklike konstruksiebesonderhede, waaronder 'n beskrywing van die materiale waarvan die teken gemaak sal word, die kleure wat gebruik sal word, of dit 'n verligte teken sal wees, en indien wel, of dit 'n elektroniese teken is, en indien wel, volledige besonderhede ingevolge artikel 5(2)(i) hier onder.
  - (c) Die skets waarna artikel 5(2)(b) hier bo verwys, moet detailsketse van die voorgestelde teken insluit op 'n skaal van minstens 1:50, en 'n terreinplan op 'n skaal van minstens 1:200 wat die posisie van die teken op die terrein aandui.
  - (d) Indien die grafika van 'n goedgekeurde derdepartyteken met hetsy vaste grafika of 'n pasgemaakte ontwerp in enige stadium gedurende die

goedkeuringstydperk verander, moet die aansoeker die nuwe grafika by die Stad indien voordat dit vertoon word om na te gaan dat dit steeds aan die oorspronklike goedkeuringsvoorwaardes voldoen.

- (e) Indien slegs die grafika van 'n bestaande goedgekeurde plekgebonde teken in enige stadium verander, ongeag of daar oorskryding is of nie, word geen voldoeningkontrole of skriftelike goedkeuring van die Stad vereis voordat dit vertoon word nie.
- (f) Indien 'n teken teen die muur of fasade van 'n gebou aangebring of vertoon sal word, kan die Stad vereis dat 'n bykomende skets ingedien word met 'n gebouaansig in kleur, die besonderhede en posisie van die voorgestelde teken, en die besonderhede en posisie van elke bestaande teken op die gebou, welke skets op 'n skaal van minstens 1:100 geteken is, of 'n kleurfoto of -rekenaarbeeld van die gebou waarop die besonderhede van die voorgestelde teken gesuperponeer is op 'n skaal so na as redelikerwys moontlik aan dié van die foto of beeld.
- (g) Die Stad kan sodanige bykomende sketse, berekeninge en ander inligting aanvra as wat nodig is om te bepaal of die voorgestelde metodes om enige teken, advertensie of reklamebord te verstewig, vas te maak of te stut voldoende sal wees, sowel as vir die bepaling van die weerstandsvermoë teen alle laste en kragte waaraan die teken, advertensie of reklamebord blootgestel kan word, en die veiligheidsgrens teen faling of onklaarraking.
- (h) Indien die aansoeker nie die geregistreerde eienaar is van die eiendom waarop die teken opgerig sal word nie, moet die aansoeker die handtekening bekom van die geregistreerde eienaar(s) van die grond of gebou waarop die teken opgerig sal word, of volmag van sodanige eienaar(s) wat bevestig dat hulle bewus is van, en toestem tot, die aansoek.
- (i) Indien die voorgestelde teken 'n elektroniese teken is of intern verlig sal word, word die volgende inligting vereis—
  - (i) Volledige besonderhede van alle steunstrukture, installasiebesonderhede en volledige spesifikasies van die elektroniese skerm, wat aangedui moet word op 'n skets met die regte skaaldimensies.
  - (ii) Vir 'n teken groter as 4,5 m<sup>2</sup> moet 'n versoek vir vergunning vir 'n groter teken ingevolge artikel 8(4)(h) saam met die tekenaansoek ingedien word.
  - (iii) Vir enige teken groter as 4,5 m<sup>2</sup> kan die Stad aandrang op die indiening van 'n tekenimpakbeoordeling, erfenishulpbronnebeoordeling, verkeersimpakbeoordeling of enige ander impakbeoordeling wat die Stad dalk nodig ag, wat deur 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon of praktisyn onderneem moet word en enige temperingsmaatreëls moet aanbeveel wat nodig kan wees as gevolg van enige impak wat 'n beoordeling identifiseer.
- (j) Indien die voorgestelde teken of enige deel daarvan of 'n gepaardgaande ligtoebehoorsel oor of op 'n aangrensende eiendom of eiendomme oorskry, moet die toestemming van die eienaar(s) van sodanige aangrensende eiendom(me) vir die beoogde oorskryding bekom word, en toestemming kan ook vereis word waar die voorgestelde teken of ligtoebehoorsel op of oor Stadseiendom oorskry.

- (k) In geval van geborgde tekens deur of vir liggame sonder winsoogmerk moet die gasheerliggaam dokumentêre bewys indien van die aard en omvang van die voordeel wat uit die oprigting en vertoning van die teken ontvang sal word.
- (l) Die Stad kan die dokumentvereistes in artikel 5(2)(a) tot (c) hier bo laat vaar of wysig ten opsigte van—
  - (i) koerantopskrifplakkate;
  - (ii) baniere, vlag, ballonne, opblaastekens en lamppaaldraaibaniere;
  - (iii) plakkate;
  - (iv) rigtingtekens vir eiendomsbemarking en tydelike eiendomsbemarkingstekens van tot 0,3 m<sup>2</sup>; en
  - (v) los draagbare advertensietekens;

wat ooreenkomstig die bepalings van bylae 9, 10, 11, 12 en 13 vertoon moet word en onderworpe is aan die vereistes daarin.

## VOORAF-EVALUERING

### (3) Vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole van aansoeke

- (a) Aansoeke om die tekenipes wat in bylae 2 tot 17 beskryf word, en aansoeke wat nie uit die staanspoor aan die voorwaardes in artikel 12 voldoen nie, sal vóór fooiberekening aan vooraf-evaluering onderwerp word, wat deel uitmaak van 'n meefaseproses.
- (b) Aansoeke moet die vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole slaag voordat 'n formele aansoek verder verwerk kan word.
- (c) As die eerste fase in 'n meefaseproses, sal 'n aansoek vóór fooiberekening 'n vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole ondergaan om te bepaal of—
  - (i) dit volledig is en aan die tersaaklike vereistes in artikel 5 en 7 voldoen;
  - (ii) dit aan die vereistes van enige ander toepaslike artikels en bylaes voldoen;
  - (iii) daar enige strydigheid is met 'n bepaling van hierdie verordening wat reggestel kan word; en
  - (iv) daar strydigheid is met 'n absolute vereiste in hierdie verordening, wat dus nié reggestel kan word nie.
- (d) Die Stad moet die aansoeker binne sewe werksdae ná ontvangs van 'n aansoek in kennis stel van—
  - (i) die uitslag van die vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole;
  - (ii) enige tekortkominge wat reggestel moet word; en
  - (iii) enige bykomende of uitstaande inligting wat vereis word.



- (e) 'n Aansoeker moet binne 21 werksdae na kennisgewing van die uitslag van die vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole enige tekortkominge in 'n aansoek regstel en enige bykomende inligting wat die Stad vereis, voorsien.
- (f) 'n Aansoek sal nie as volledig beskou en verder verwerk word tensy dit die vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole slaag nie.
- (g) Sodra die Stad skriftelik bevestig dat die aansoek die vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole geslaag het, en 'n faktuur vir die betaling van die voorgeskrewe aansoekfooit uitreik, sal die aansoek verder verwerk word. Indien die voorgeskrewe aansoekfooit nie binne 21 kalenderdae na die uitreiking van die faktuur betaal word nie, word die aansoek teruggestuur na die aansoeker en gesluit.
- (h) Indien daar bevind word dat 'n aansoek strydig is met 'n absolute vereiste in hierdie verordening soos wat artikel 5(3)(c)(iv) hier bo beskryf, sal die aansoek geweier en die aansoeker dienoooreenkomstig in kennis gestel word.
- (i) Indien 'n aansoek nie die vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole ingevolge artikel 5(3)(d)(ii) of (iii) hier bo slaag nie omdat tekortkominge reggestel of enige bykomende of ontbrekende inligting vereis word, moet die aansoeker binne 21 werksdae na kennisgewing van die uitslag van die vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole sodanige tekortkominge regstel of sodanige bykomende of ontbrekende inligting voorsien.
- (j) Die slaag van die Stad se vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole plaas geen verpligting op die Stad om 'n formele aansoek om die betrokke teken goed te keur nie, en skep ook geen regmatige verwagting in dié verband nie.

#### **Aansoeke wat die vooraf-evaluering en -volledigheidskontrole slaag**

- (4) Ondanks die bepalings van artikel 5(6) en (7) hier onder, kan die Stad in enige stadium aandrang op die indiening van 'n tekenimpakbeoordeling, erfenishulp-bronnebeoordeling, verkeersimpakbeoordeling of enige ander impakbeoordeling wat die Stad dalk nodig ag. Sodanige beoordelings—
  - (a) moet deur toepaslik gekwalifiseerde persone of praktisyns onderneem word;
  - (b) moet enige temperingsmaatreëls aanbeveel wat dalk nodig kan wees as gevolg van enige impak wat 'n beoordeling identifiseer; en
  - (c) moet dalk voorafgegaan word deur 'n erfenis-, visuele of verkeersveiligheids-kontrolelys, indien die Stad so versoek.
- (5) Indien die publiek, 'n gedeelte van die publiek óf 'n persoon na die Stad se mening moontlik deur die voorgestelde teken geraak word, kan die Stad sodanige geaffekteerde partye skriftelik van die aansoek in kennis stel, of vereis dat die aansoeker sodanige geaffekteerde partye in kennis stel, en moet die geaffekteerde partye 21 werksdae gegun word om skriftelike verhoë aan die Stad te rig. Die Stad kan ook vereis dat 'n kennisgewing op die voorgestelde terrein en in plaaslike koerante geplaas word wat belangstellende en geaffekteerde partye nooi om kommentaar te lewer.
- (6) Die Stad moet die aansoeker binne 21 werksdae na die indieningsdatum van die aansoek en die betaling van die aansoekfooit van enige bykomende vereistes in kennis stel.
- (7) 'n Aansoeker moet aan enige sodanige bykomende Stadsvereistes voldoen binne 21 werksdae nadat die aansoeker daarvan in kennis gestel is, op voorwaarde dat hierdie tydperk op versoek van die aansoeker verleng kan word indien die aansoeker

meer tyd nodig het om bykomende beoordelings te onderneem of spesialisering te bekom.

- (8) Die Stad sal 'n afskrif bewaar van elke dokument wat as deel van 'n aansoek by die Stad ingedien word.
- (9) In geval van 'n aansoek om 'n teken, waaronder 'n tekenstruktuur, wat die grootte, hoogte en gewig in tabel 1 hier onder oorskry, word sodanige teken as 'n tydelike gebou beskou, en moet 'n aansoek om 'n tydelike gebou ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde (Wet 103 van 1977) ingedien en goedkeuring daarvoor bekom word.

**TABEL 1: ADVERTENSIE TEKENS WAT GOEDKEURING VIR 'N TYDELIKE GEBOU INGEVOLGE DIE NASIONALE BOUREGULASIES VEREIS**

TEKENTYPE	HOOGTE	GEWIG	GROOTTE	VEREISTE
<b>BYLAE 2 &amp; 3</b> Derdepartyreklameborde en plekgebonde losstaande tekens	>2,4 m in totaal	≥25 kilogram	≥4,5 m <sup>2</sup>	Aanstelling van 'n struktuuringenieur
<b>BYLAE 4</b> Plat, uitsteek-, geprojekteerde en venstertekens	n.v.t.	≥25 kilogram	≥10 m <sup>2</sup>	Aanstelling van 'n struktuuringenieur
<b>BYLAE 5</b> Kimtekens	>1,5 m	≥25 kilogram	≥4,5 m <sup>2</sup>	Aanstelling van 'n struktuuringenieur
<b>BYLAE 6</b> Plekgebonde daktekens (slegs vir strukture)	>1,5 m	≥25 kilogram	≥4,5 m <sup>2</sup>	Aanstelling van 'n struktuuringenieur
<b>BYLAE 7</b> Tekens op 'n veranda, balkon, afdak, steunkolomme, pilare en pale	n.v.t.	≥25 kilogram	≥4,5 m <sup>2</sup>	Aanstelling van 'n struktuuringenieur
<b>BYLAE 8</b> Tekens op grensmure en -heining, bouterreintekens en ontwikkelingsborde	>2,4 m in totaal	≥25 kilogram	≥4,5 m <sup>2</sup>	Aanstelling van 'n struktuuringenieur
<b>BYLAE 10</b> Reklame op baniere, vlae, ballonne, opblaastekens en lamppaaldraaibanier	n.v.t.	≥25 kilogram	≥10 m <sup>2</sup>	Slegs indien dit aan steierwerk vasgemaak word – aanstelling van 'n struktuuringenieur

<b>BYLAE 12</b> Rigtingtekens vir eiendomsbemarking en tydelike eiendomsbemarkingstekens (groter as 0,3 m <sup>2</sup> )	>2,4 m in totaal	≥25 kilogram	≥4,5 m <sup>2</sup>	Aanstelling van 'n struktuuringenieur
<b>BYLAE 16</b> Tekens op Stadgrond en -geboue	>2,4 m in totaal	≥25 kilogram	≥4,5 m <sup>2</sup>	Aanstelling van 'n struktuuringenieur
<b>BYLAE 17</b> Tekens wat deur of tot die voordeel van liggame sonder winsoogmerk opgerig word	>2,4 m in totaal	≥25 kilogram	≥4,5 m <sup>2</sup>	Aanstelling van 'n struktuuringenieur

### TEKENMEESTERPLAN

- (10)(a) Die Stad kan 'n tekenmeesterplan vereis en goedkeur ten opsigte van enige nuwe of bestaande ontwikkeling waar die oprigting van verskeie tekens voorgestel óf die rasionalisering van vorige goedgekeurde tekens op 'n konsekwente ontwerpmeesterplan vereis word, voordat die Stad enige individuele teken oorweeg.
- (b) Die tekenmeesterplan moet 'n uiteensetting bied van die besonderhede van die ligging, uitleg, tipe en ontwerp van die tekens wat op 'n perseel of in 'n bepaalde gebied opgerig sal word. Daarbenewens is die volgende van toepassing—
- (i) Die tekenmeesterplan moet deur die advertensiekonsessiehouer, eiendomseienaar of betrokke verantwoordelike Stadsdepartement ingedien word en moet voldoening aan die voorskrifte in hierdie artikel aandui.
  - (ii) Die meesterplan sal met inagneming van die algemene vereistes en oorwegings in hierdie verordening beoordeel word.
  - (iii) Meesterplangoedkeuring kan bepaalde voorwaardes insluit ten opsigte van die vertoning van die teken, wat nie die voorgeskrewe vorm, hoogte, hoeveelhede, verligtingsperke, energiedoeltreffendheids- en alternatiewe-energievereistes, vertoontydperk of tekengrootte in sodanige meesterplangoedkeuring mag oorskry nie.
  - (iv) Die Stad kan die dokumentvereistes in artikel 5(2)(d), (g), (k) en (l) ten opsigte van tekenmeesterplanne laat vaar.
- (c) Tekemeesterplanne kan ingevolge artikel 5(5) hier bo aan openbare oorlegpleging onderwerp word.

## **6. HEFFINGS, EN ALGEMENE OORWEGINGS VIR GOEDKEURING OF VIR DIE WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES**

### **Heffings**

- (1) Elke persoon wat 'n aansoek om goedkeuring ingevolge hierdie verordening by die Stad indien, moet ten tyde van die aansoek 'n aansoekfooï aan die Stad betaal wat die Stad ingevolge sy goedgekeurde tariewe en heffings bepaal.
- (2) Wanneer 'n aansoek om 'n derdepartyteken goedgekeur word, is 'n goedkeuring- en moniteringsfooï betaalbaar wat die Stad ingevolge sy goedgekeurde tariewe en heffings bepaal.
- (3) Geen teken mag opgerig word voordat sowel die aansoek- as die goedkeuring- en moniteringsfooï ten volle betaal is nie.
- (4) Die Stad sal ingevolge sy goedgekeurde tariewe en heffings wat van tyd tot tyd gepubliseer word, die toepaslike jaarlikse oorskrydingsfooï bepaal wat betaalbaar is wanneer 'n uitsteekteken met meer as 50 mm op Stadgrond oorskry.

### **Algemene oorwegings**

- (5) Die Stad sal die volgende faktore in ag neem in die oorweging van 'n aansoek om die vertoning van 'n advertensie of die oprigting van 'n advertensieteken ingevolge hierdie verordening—
  - (a) Die beheergebied waarin die voorgestelde teken opgerig of vertoon sal word, welke gebiede in bylae 1 by hierdie verordening uiteengesit word, op voorwaarde dat indien 'n teken in meer as een moontlike beheergebied val, of indien 'n voorgestelde tekenterrein in een beheergebied dalk 'n aanliggende beheergebied sal beïnvloed, die Stad kan bepaal watter beheergebied van toepassing is.
  - (b) Die ligging, landskap en reklamegeleenthede van daardie beheergebied.
  - (c) Die getal advertensietekens wat reeds op die erf en in die omgewing van die erf vertoon word of vir vertoning voorgestel word.
  - (d) Die bestaande of voorgestelde verligting op die erf.
  - (e) Die bevindinge van enige verkeersimpak-, tekenimpak- of erfenishulpbronne-beoordeling, en veral die bevindinge oor of die voorgestelde teken nadelig sal wees vir die omgewing of 'n negatiewe uitwerking op die gerief van die spesifieke plek, omliggende buurt of geaffekteerde eiendomme sal hê.
  - (f) Plekgebonde tekens moet met die regmatige gebruik van 'n eiendom verband hou, op voorwaarde dat geen sodanige teken op residensiële geboue of gedeeltes daarvan aangebring of geplaas mag word nie, buiten toelaatbare tekens vir tuisberoepe, gebouname en regmatige tydelike gebruike.
  - (g) Die uitslag van enige proses van openbare oorlegpleging oor die voorgestelde teken.
  - (h) Die bepalings van artikel 7 en 8.
  - (i) Voldoening aan, en die vermoë om te voldoen aan, spesifieke voorwaardes met betrekking tot die spesifieke teken tipes wat in bylae 2 tot 17 uiteengesit word, en aan die spesifieke voorwaardes in artikel 12.
  - (j) Waar 'n gebou, struktuur of deel daarvan so opgerig is of word dat die Stad redelike gronde het om te glo dat die primêre doel van die gebou of struktuur is

om vir die vertoning van 'n teken voorsiening te maak, kan die Stad die gebou, struktuur of deel daarvan beskou as 'n teken of tekenstruktuur waarop hierdie verordening betrekking het, selfs al is ander wetgewing dalk ook op sodanige gebou of struktuur van toepassing.

- (k) Die Stad mag nie 'n teken of advertensie goedkeur wat —
- (i) 'n gevaar vir enige persoon of eiendom sal inhou nie;
  - (ii) as gevolg van sy grootte, intensiteit, gereeldheid, verligting, ontwerpgehalte, materiaal, voorgestelde grafika, ligging of enigiets anders nadelig sal wees vir die omgewing of die gerief van die omliggende buurt nie;
  - (iii) enige ander tekens sal verberg wat ingevolge hierdie verordening of sy voorganger goedgekeur is en welke goedkeuring nog geld nie;
  - (iv) nadelig sal wees vir, of 'n negatiewe invloed sal hê op, die kunsmatige of natuurlike omgewing nie;
  - (v) uitsigte of die waarneming van 'n gebied wat met 'n geslotekringteleviesiekamera of iets soortgelyk bewaak word, sal belemmer nie; en
  - (vi) enige materiaal of grafika sal bevat wat, hetsy in vorm, inhoud of albei, na redelike verwagting aanstootlik sal wees vir die publiek of 'n identifiseerbare klas persone nie.
- (l) In die oorweging van nuwe grafika vir 'n teken met hetsy vaste grafika of 'n pasgemaakte ontwerp sal die Stad die oorspronklike goedkeuringsvoorwaardes in ag neem voordat die nuwe grafika vertoon word.
- (m) Die Stad sal slegs 'n aansoek om 'n verdere goedkeuringstydperk ingevolge artikel 10(5)(b) oorweeg mits die betrokke teken op die datum van die aansoek om sodanige verdere goedkeuringstydperk aan die bepalings van hierdie verordening voldoen.
- (n) Die Stad sal die oorwegings in artikel 5(3)(a) tot (j) in ag neem in die beoordeling van 'n aansoek om 'n verdere goedkeuringstydperk ingevolge artikel 10(5)(b).
- (o) Enige aansoek om 'n verdere goedkeuringstydperk ingevolge artikel 10(5)(b) sal onderworpe wees aan die betaling van die aansoekfooi en die goedkeuring- en moniteringsfooi waarna artikel 6(1) en (2) hier bo verwys.

#### **7. OORWEGINGS MET BETREKKING TOT SPESIFIEKE ADVERTENSIE TEKENS, KOMMERSIEEL GEBORGDE TEKENS EN BEHEERGEBIEDE**

- (1) Benewens die oorwegings in artikel 5, 6 en 8, pas die Stad ook spesifieke standaarde en vereistes op spesifieke tekentipes en voorgestelde liggings toe wanneer 'n aansoek om goedkeuring daarvoor ingedien word. Die standaarde en vereistes van toepassing op hierdie spesifieke tekentipes word in die bylaes by hierdie verordening uiteengesit.
- (2) Die Stad sal ook spesifieke kriteria toepas op aansoeke om die oprigting van tekens deur liggame sonder winsoogmerk en kommersieel geborgde tekens vir liggame

sonder winsoogmerk. Hierdie spesifieke standaarde en kriteria word in bylae 16 en 17 uiteengesit.

- (3) Bylae 1 by hierdie verordening dui die beheergebiede aan waarin spesifieke tekentipes toegelaat kan word, onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening en aan enige bykomende vereistes met betrekking tot 'n spesifieke tekentipe wat in die bylaes vervat word.
- (4) Drie beheergebiede word in hierdie verordening toegepas, naamlik gebiede van maksimum, gedeeltelike en minimum beheer. Die moontlikheid dat buiterekame en spesifieke tekentipes oorweeg sal word, hang dus af van die toelaatbaarheid van sekere tekentipes in sekere beheergebiede. Beheermaatreëls word toegepas deur middel van goedkeuring of weiering sowel as algemene en spesifieke voorwaardes en vereistes.
- (5) Die Stad kan 'n beheergebiedkaart saamstel en wysig om 'n grafiese voorstelling te bied van die volgende in soverre dit met buiterekame of advertensietekens verband hou—
  - (a) Sonering;
  - (b) Nodusse of gebiede wat hersoneer is;
  - (c) Paaie of roetes wat tot uitsigpaaie verklaar is;
  - (d) Paaie of roetes wat as verbode roetes aangewys is; of
  - (e) Enige ander omstandighede.
- (6) Die Stad kan vrystelling van die bepalings van hierdie verordening toestaan ten opsigte van die tekentipes of beheergebiede wat in bylae 9, 10, 11 en 12 beskryf word, met inagneming van—
  - (a) die beheergebied waarin die voorgestelde teken(s) vertoon sal word;
  - (b) die aard van die geleentheid, veldtog of omstandighede;
  - (c) die duur van die oprigting en vertoning van die teken;
  - (d) die grootte van die voorgestelde teken;
  - (e) enige verkeersveiligheids-, tekenimpak- of erfenishulpbronnebeoordeling; of
  - (f) die uitslag van enige proses vir openbare oorlegpleging.

#### **8. STANDAARDBEOORDELINGSVEREISTES EN -GOEDKEURINGSVOORWAARDES**

- (1) Die vereistes en voorwaardes in hierdie artikel is van toepassing op alle aansoeke en goedkeurings ten opsigte van alle tekens, wat onder andere insluit die spesifieke tekentipes in bylae 2 tot 17 en artikel 12. Ingeval 'n bylae of artikel 12 'n meer spesifieke vereiste of voorwaarde bevat, word die meer spesifieke vereiste of voorwaarde toegepas.
- (2) **STRUKTUURVEREISTES**
  - (a) Alle tekens moet behoorlik gemaak word en stewig wees, en waar die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde (Wet 103 van 1977) terselfdertyd van toepassing is, moet die aansoek die besonderhede in artikel 5(2)(b) insluit.
  - (b) Ondanks enige goedkeuring vir 'n tydelike gebou ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde (Wet 103 van 1977), kan sodanige

tydelike gebou slegs as 'n tekenstruktuur gebruik word indien 'n geldige tekengoedkeuring kragtens hierdie verordening toegestaan word.

- (c) Vir tekens kleiner as 4,5 m<sup>2</sup> kan die Stad vereis dat die aanstellingsvorm van 'n struktuuringenieur ingedien word.
- (d) Die eienaar van die tekenstruktuur, die media-eienaar en die eienaar van die eiendom of gebou waaraan 'n teken vasgeheg of waarop dit opgerig is, is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die instandhouding van die teken en tekenstruktuur, en moet ten minste twee keer per jaar die veiligheid daarvan inspekteer.
- (e) Indien enige teken skeur, beskadig word of andersins verval, moet die eienaar van die tekenstruktuur, die media-eienaar of die eienaar van die eiendom of gebou waaraan 'n teken vasgeheg of waarop dit opgerig is sodanige herstelwerk of vervanging laat doen as wat aangedui word in 'n voldoeningskennisgewing van die Stad, binne die tyd wat die kennisgewing voorskryf.
- (f) Alle tekens en gepaardgaande steunstrukture moet van duursame materiaal gemaak word wat geskik is vir die doel, aard, gebruiksduur en veiligheidsvereistes van die teken.
- (g) Alle glas wat in 'n teken gebruik word, buiten glas vir verligting, moet veiligheidsglas van ten minste 3 mm dik wees.
- (h) Glaspanele in 'n teken mag nie 0,9 m<sup>2</sup> in oppervlakte oorskry nie, en elke paneel moet stewig in die hoofgedeelte van die teken, struktuur of toestel pas, onafhanklik van alle ander panele.
- (i) Elke teken en sy steunstruktuur moet in 'n goeie toestand gehou word.
- (j) Geen teken mag oor enige venster of enige opening vir die ventilasie van 'n gebou geplaas word, of enige trappe, deuropeninge of ander uitgang van 'n gebou versper, of keer dat mense van een deel van 'n dak na 'n ander beweeg nie.
- (k) Geen reklamestruktuur mag nader aan oorhoofse elektriese toerusting wees as die minimum afstand wat die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (Wet 85 van 1993) en die regulasies ingevolge daarvan voorskryf nie.

### (3) ELEKTRIESE VEREISTES

- (a) Alle tekens wat 'n elektrisiteitsverbinding vereis, moet van elektrisiteit voorsien word vanaf die bestaande kragpunt op die betrokke erf. Indien dít nie moontlik is nie, moet 'n aansoek om 'n meterkragpunt by die tersaaklike owerheid ingedien word.
- (b) Elke teken ten opsigte waarvan elektrisiteit verbruik word, moet met gepaste kapasitors toegerus word om te keer dat dit met radio- en televisieontvangs inmeng.
- (c) Elke kragkabel en leipyp wat elektriese geleiers bevat en met 'n teken verband hou, moet so geplaas en vasgemaak word dat dit veilig, buite sig, ontoeganklik en sowel kinder- as dierebestand is.
- (d) Elke hoëspanninginstallasie wat sonder toesig werk binne 'n gebou (soos 'n vensteruitstalling) sowel as elke hoëspanninginstallasie buite moet toegerus wees met 'n aanvaarbare tipe brandskakelaar ooreenkomstig die vereistes van SABS 0142 van 1993, wat kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid

(Wet 85 van 1993) uitgevaardig is, welke vereistes van tyd tot tyd gewysig kan word.

(e) In geval van tekens wat op openbare grond opgerig is of daarop of daarvoor oorskry, moet goedgekeurde deurgangsregte, toestemmings of permitte van die tersaaklike Stadsdiensdepartemente, bewaarders van sodanige grond of enige ander tersaaklike rolspeler bekom word om—

- (i) naby enige bestaande dienste of ander infrastruktuur op 'n voorgestelde tekenterrein te werk; en
- (ii) enige uitgrawings te doen, pale te plant, fondamentstrukture te bou of penne in te slaan dieper as 150 mm in die grond, wat insluit waar tekens in die omgewing van oorhoofse kraglyne opgerig word;

en moet sodanige tekens voldoen aan die veiligheidsvoorwaardes wat deur sodanige deurgangsregte, toestemmings of permitte opgelê word.

#### (4) VERLIGTINGSVEREISTES

Verligte tekens kan goedgekeur word, mits die volgende bepalings van hierdie verordening nagekom word:

##### **Verligting- en energiedoeltreffendheidsvereistes**

(a) Verligting moet ontwerp word om maksimum energiedoeltreffendheid te verseker, wat een of meer van die volgende insluit—

- (i) Die gebruik van 'n alternatiewe energiebron, waaronder son- of windkrag;
- (ii) Lae-energielampe en outomatiese ligverdownwers;
- (iii) Dag-nag-helderheidsensors; en
- (iv) Outomatiese aan-af-tydskakelaars.

(b) Tekens mag nie verlig word indien dit geen grafika of tekeninhoud bevat nie.

(c) Tydelike tekens mag nie verlig word nie, tensy die spesifieke reëls vir die betrokke tekentipe dit toelaat of die betrokke bylae so bepaal.

(d) Verligting mag nie oormatige ligstorting veroorsaak nie. Daarbenewens moet—

- (i) alle ligbronne met 'n soliede, volle ligskerm toegerus wees (*full cut-off*); en
- (ii) die straalspreiingshoek beheer word om ligstorting buite die reklameoppervlakte van die teken te verhoed.

(e) Die helderheid van verligte en elektroniese tekens moet eweredig wees aan die omringende lig, en vol, helder sonlig kan as regverdiging dien vir volle luminansie van intern verligte of elektroniese tekens om 'n sigbare kontras te skep.

(f) Die Stad kan in enige stadium gedurende 'n goedkeuringstydperk 'n kennisgewing aan die houer van 'n goedkeuring uitreik om—

- (i) die verligtingstye of die luminansie van 'n teken te beperk;



- (ii) te vereis dat ligsensors geïnstalleer word wat die luminansie van omringende lig van buite af vasstel; of
- (iii) te vereis dat outomatiese ligverdoowers geïnstalleer word om—
  - (aa) verligting bedags ter wille van doeltreffendheid tot 60% luminansie te verlaag;
  - (bb) verligting saans en wanneer dit bewolk is tot tussen 2% en 10% van maksimum dagluminansie te verlaag, of ander kontroles om die kandela, lumen of wattverbruik van sodanige verligting te beheer; of
  - (cc) die verligtingsvereistes met betrekking tot enige teken te wysig, te verander of aan te pas in reaksie op klagtes oor ligstorting of 'n stoornis in dié verband wat die Stad ontvang en/of indien die tersaaklike padowerheid die luminansie as 'n moontlike padveiligheidsgevaar beskou.
- (g) Die Stad kan in enige stadium nadat 'n goedgekeurde intern verligte of elektroniese teken opgerig is, van die eenaar van sodanige teken vereis om 'n spesialisstudie te laat doen om die aanbevole luminansie van die teken te bepaal met inagneming van enige riglyn wat die Stad van tyd tot tyd kan uitreik, en om sodanige studie by die Stad in te dien. Na oorweging van sodanige studie kan die Stad die eenaar van die teken versoek om die luminansie van die teken onverwyld aan te pas.

#### **Vereistes vir intern verligte en elektroniese tekens**

- (h) Intern verligte en elektroniese tekens wat hetsy plekgebonde of derdepartyreklame bevat, mag in alle stedelike beheergebiede en tot 'n maksimum grootte van 4,5 m<sup>2</sup> vertoon word. 'n Vergunning vir 'n groter teken kan toegestaan word, onderworpe aan artikel 5(2)(i)(i) tot (iii) en—
  - (i) na oorweging van beoordelings van die impak op pad- en verkeersveiligheid, erfenishulpbronne, uitsigpaaie en -hulpbronne, residensiële geriewe en die omgewing, na gelang van wat die Stad dalk aanvra, welke beoordelings die moontlike impak van die voorgestelde vergunning sowel as aanbevelings vir die tempering van sodanige impak moet aandui. Hierdie beoordelings moet deur toepaslik gekwalifiseerde persone of praktisyns onderneem word.
- (i) Die vergunning in (h) hier bo is nie van toepassing op reklameborde nie. Reklameborde val onder bylae 2 en mag nie 36 m<sup>2</sup> per paneel oorskry nie.
- (j) Elektroniese tekens mag nie subliminale flitse, animasie of ander spesiale effekte, waaronder flitsende ligte, bewegende ligte, draai- of soortgelyke panele, bevat, of flitsende, bewegende of wisselende-oorgangsboodskappe vertoon, of oorgangseffekte tussen opeenvolgende boodskappe hê, of 'n enkele tema of boodskap oor verskeie vertoonblaaië laat vervolg nie. Nogtans is die volgende van toepassing—
  - (i) Die Stad kan 'n vrystelling van die vereistes in artikel 8(4)(j) toestaan ten opsigte van tydelike geleenthede waar die Stad se spesifieke skriftelike toestemming vir die geleentheid bekom word.
  - (ii) Die Stad kan ook 'n vrystelling van die vereistes in artikel 8(4)(j) toestaan vir spesiale gebiede wat die Stad aanwys as gebiede waar elektroniese

tekens sodanige effekte of inhoud mag bevat, na 'n proses van openbare oorlegpleging wat die Stad dalk kan vereis, en die Stad—

- (aa) moet in die oorweging van sodanige gebiede ook die impak op pad- en verkeersveiligheid, erfenishulpbronne, uitsigpaaie en -hulpbronne, residensiële geriewe en die omgewing in ag neem, sowel as die potensiaal om in die gebied vir sodanige tekens voorsiening te maak;
  - (bb) moet 'n proses ontwikkel om sulke spesiale gebiede aan te wys, welke gebiede vir hoogstens sewe jaar as sodanig goedgekeur sal word; en
  - (cc) kan die spesiale gebied voor die verstryking van die goedkeuringstydperk in (bb) hier bo herbeoordeel om 'n verdere goedkeuringstydperk van tot sewe jaar te oorweeg.
- (k) Enige elektroniese teken moet luminansiesensors insluit wat omringende lig by die teken meet, sowel as tegnologie wat die luminansie van die teken outomaties by die gemete omringende ligvlakke laat aanpas.
- (l) Die maksimum luminansievlakke in die tabel hier onder is van toepassing op alle advertensietekens waar 'n vorm van verligting toegelaat word.

**TABEL 2: LUMINANSIEVEREISTES**

Verligte oppervlakte	Maksimum luminansie
Kleiner as 0,5 m <sup>2</sup>	1 000 kandela per m <sup>2</sup>
0,5 tot 2,0 m <sup>2</sup>	800 kandela per m <sup>2</sup>
2,0 tot 10 m <sup>2</sup>	600 kandela per m <sup>2</sup>
10 m <sup>2</sup> of groter	400 kandela per m <sup>2</sup>

- (m) Wanneer die Stad so versoek, moet die eienaar van die teken, die eienaar van die media of die huurder van die teken met behulp van 'n luminansiemeter toon dat die goedgekeurde luminansievlakke in tabel 2 hier bo nagekom word.
- (n) Die eienaar van die teken, die eienaar van die media of die huurder van die teken moet—
- (i) op versoek van die Stad 'n sertifikaat van 'n toepaslik gekwalifiseerde onafhanklike persoon voorsien wat die luminansie van die elektroniese teken bevestig; en
  - (ii) die sertifikaat en gepaardgaande inligting vir ses maande nadat die metings gedoen is, bewaar.
- (o) Ingeval 'n elektroniese teken of enige deel daarvan foutief werk, kan die Stad 'n skriftelike voldoeningskenningsgewing aan die grond-, teken- of media-eienaar of die huurder van die teken uitreik wat vereis dat enige vorm van visuele lewering deur die teken gestaak word binne 'n tydperk wat in sodanige voldoeningskenningsgewing bepaal word of totdat die fout herstel is.

**Vereistes vir eksterne verligting**

- (p) Waar vloedligte of ander, soortgelyke toestelle gebruik word om enige teken te verlig, mag die lig nie sigbaar wees vir voertuigverkeer wat in enige rigting verby die teken beweeg óf 'n sigbare bron van stoornis vir omliggende wonings wees nie.
- (q) Vloedligte mag nie so geplaas word dat dit enige oormatige ligstorting buite die oppervlakte van die teken veroorsaak nie.
- (r) Eksterne verligting moet van bo wees, tensy dit geen groter impak op die omliggende omgewing sal hê indien 'n alternatiewe verligtingsrigting met volledige afskerming gebruik word nie.

**(5) PADVERKEERSVEILIGHEIDSVEREISTES**

- (a) Tekens mag nie enigsins belemmerend wees nie, wat onder andere insluit die verberging van 'n padverkeersteken of verkeerslig, of die versperring van die nodige siglyn om 'n pad veilig en doeltreffend te gebruik.
- (b) Tekens is verbode in 'n gebied waar die tersaaklike padowerheid van mening is dat dit 'n onaanvaarbare afleiding is—
  - (i) vir bestuurders of ander padgebruikers; of
  - (ii) waar bestuurders moet draai, op 'n kronkelpad moet bestuur, of waar verkeer ineenvloei, uiteenvloei of heen en weer tussen bane vleg.
- (c) Elektroniese tekens kan toegelaat word indien dit sigbaar is vanaf 'n klas 1-deurpad, mits die tersaaklike padowerheid sodanige tekens skriftelik ondersteun.
- (d) Die vertoon of oprigting van advertensietekens is verbode op—
  - (i) torings, wat onder andere insluit koel- en watertorings;
  - (ii) silo's;
  - (iii) hyskrane;
  - (iv) oorhoofse stellasies;
  - (v) padstellasies;
  - (vi) telekommunikasiemaste;
  - (vii) traliemaste;
  - (viii) enige elektrisiteitsinfrastruktuur;
  - (ix) enige substasieheinings; of
  - (x) brûe, buiten ten opsigte van 'n tydelike geleentheid waar die paaië gesluit is en goedkeuring vir die teken van die Stad bekom is.
- (e) Tekens mag nie nader as 50 m aan die buitegrens van die kruising van 'n aangewese verkeersweg geleë wees nie, tensy die tersaaklike padowerheid dit skriftelik ondersteun.
- (f) Die grafiese inhoud van tekens moet op geen manier visueel as 'n padverkeersteken vertolk kan word nie, wat onder andere insluit as gevolg van—
  - (i) enige gestileerde of prentevoorstelling van 'n padverkeersteken of verkeerslig;

- (ii) enige woord, simbool, logo of ander toestel wat op 'n padverkeersteken gebruik word;
  - (iii) die gebruik van 'n kleurkombinasie wat gewoonlik op padverkeerstekens verskyn, op 'n manier wat waarskynlik verwarring sal veroorsaak; en
  - (iv) enige weerkaatsverf of -materiaal.
- (g) Tekens mag nie vasgeheg word aan, of belemmerend wees vir, 'n padverkeersteken of verkeerslig waarvoor daar spesifiek voorsiening gemaak word in die padverkeerstekehandleidings van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en Suid-Afrika nie.
- (h) Tekens mag nie binne die padreserwe van enige openbare pad opgerig word nie, tensy die tersaaklike padowerheid dit goedkeur.
- (i) Indien tekens by verkeersligkruisings geleë is, mag dit nie rooi, geel of groen as hoofkleure bevat of enige padverkeersteken of verkeerslig verberg of daarmee inmeng nie.
- (j) Elektroniese plat tekens word nie nader as 80 m aan die buitengrens van 'n verkeersligkruising toegelaat nie, buiten waar sodanige tekens hoër as 9 m teen 'n gebou aangebring word, gemeet vanaf die vlak van die ryvlak op die punt waar die teken vertoon sal word.
- (k) Die Stad kan in enige stadium nadat 'n goedgekeurde intern verligte of elektroniese teken opgerig is, van die eienaar van sodanige teken vereis om 'n studie te laat doen om die impak van die teken op verkeersvloei, verkeersveiligheid of albei te bepaal ooreenkomstig algemeen aanvaarde verkeersingenieurspraktyk of enige riglyn wat die Stad van tyd tot tyd kan uitreik. Na aanleiding van sodanige studie kan die Stad versoek dat die luminansie van die teken aangepas word soos wat die Stad aandui, hetsy ter wille van padveiligheid of om die skerp skynsel van die teken te temper.
- (l) Verligting mag nie 'n padverkeersgevaar of moontlike padverkeersgevaar inhoud nie, en die Stad kan in enige stadium 'n kennisgewing aan die houer van 'n goedkeuring uitreik wat vereis dat die verligting van 'n goedgekeurde teken op enige bepaalde manier gewysig, verander of aangepas word om padveiligheidskwessies die hoof te bied.
- (m) Elektroniese tekens mag nie subliminale flitse, animasie of ander spesiale effekte, waaronder flitsende ligte, bewegende ligte, draai- of soortgelyke panele, bevat, of flitsende, bewegende of wisselende-oorgangsboodskappe vertoon, of oorgangseffekte tussen opeenvolgende boodskappe hê, indien dit vanaf 'n openbare pad sigbaar is nie, tensy 'n vrystelling ingevolge artikel 8(4)(j)(i) of (ii) toegestaan word.
- (n) Dit is verbode om 'n enkele tema of boodskap oor verskeie vertoonblaaie van enige elektroniese teken te laat vervolg, tensy 'n vrystelling ingevolge artikel 8(4)(j)(i) of (ii) toegestaan word.
- (o) Tekens met statiese inhoud en eenvoudige oorgange moet 'n volledige eenraambeeld vertoon vir 'n inligtingsiklus van minstens 60 sekondes indien dit sigbaar is vanaf 'n verkeersligkruising, en 15 sekondes op ander plekke.
- (p) Die kleurgebruik, luminansie of kontras van 'n teken mag nie padgebruikers verblind of verwar nie.

- (q) Die oorgang tussen boodskappe op 'n elektroniese teken moet binne 0,3 sekondes plaasvind, en uitdooeffekte is verbode.
- (r) Derdeparty-advertensietekens groter as 4,5 m<sup>2</sup>, waaronder elektroniese tekens, wat langs 'n openbare pad of in 'n spoorwegreserwe opgerig is en afgestem is op persone wat aangewese verkeersweë gebruik, moet op 'n minimum afstand geplaas word van enige ander derdepartytekens, enige vrystaande plekkegebonde tekens groter as 4,5 m<sup>2</sup> wat op dieselfde eiendom geleë is en meer inligting vertoon as net die naam en kontakinligting van die okkupante van die gebou, of enige padverkeerstekens, welke afstand parallel met die middellyn van die ryvlak gemeet word, ooreenkomstig tabel 3 hier onder.

**TABEL 3: LINEÛRE SPASIËRING TUSSEN TEKENS**

Scenario	Vereiste spasiëring indien sigbaar vir verkeer op 'n pad met 'n snelheidsgrens van:		
	<60 km/h	61–80 km/h	81–120 km/h
Waar 'n advertensieteken ná 'n padteken verskyn	380 m	425 m	475 m
Waar 'n advertensieteken ná 'n ander advertensieteken verskyn	310 m	360 m	410 m
Waar 'n advertensieteken vóór 'n padteken verskyn	40 m	70 m	100 m

- (s) Die Stad of die tersaaklike padowerheid kan—
- (i) 'n aansoek oorweeg om die minimum spasiëring in tabel 3 te verminder; en
  - (ii) vereis dat die aansoeker sodanige vermindering in minimum spasiëring motiveer deur die indiening van 'n beoordeling van die impak op verkeers- en padveiligheid, wat deur 'n toepaslik gekwalifiseerde verkeersingenieurspraktisyn onderneem word. Die impakbeoordeling moet tot die bevrediging van die Stad en/of tersaaklike padowerheid wees, in pas met die metodologie wat die Stad en/of padowerheid voorskryf.
- (t) Die inligtingsinhoud van alle plekkegebonde en derdepartytekens groter as 4,5 m<sup>2</sup> wat sigbaar is vir voertuigbestuurders op 'n openbare pad is beperk tot 15 'inligtingsbrokkies', wat gemeet en bereken word ooreenkomstig tabel 4 hier onder.

**TABEL 4: INLIGTINGSBROKKIES**

Elemente van die advertensie	Brokkies per element	
Woorde	tot en met 4 letters	0,5
	5 tot 8 letters	1,0
	meer as 8 letters	2,0

Getalle	tot en met 4 syfers	0,5
	5 tot 8 syfers	1,0
	meer as 8 syfers	2,0
Logo's, simbole en grafika	kleiner as 9 m <sup>2</sup>	0,5
	tussen 9 en 18 m <sup>2</sup>	1,0
	tussen 18 en 27 m <sup>2</sup>	1,5
	groter as 27 m <sup>2</sup>	2,0

## 9. WETSVEREISTES

Alle tekens wat in die regsgebied van die Stad opgerig of vertoon word, moet benewens hierdie verordening, ook aan alle ander toepaslike wetgewing voldoen.

## 10. GOEDKEURING

- (1) Die Stad kan enige aansoek ingevolge hierdie verordening op bepaalde voorwaardes goedkeur, of dit van die hand wys.
- (2) Ondanks enige goedkeuring wat die Stad toestaan of enige handeling wat ingevolge hierdie verordening onderneem of uitgevoer word—
  - (a) is die Stad nie teenoor enigeen aanspreeklik vir enige verlies, skade, besering of sterfte wat spruit of ontstaan uit, of op enige manier verband hou met, die manier waarop 'n teken of tekenstruktuur ontwerp, opgerig, vertoon, afgebreek of gewysig is, of die materiaal wat in die oprigting van sodanige teken of tekenstruktuur gebruik is, of die gehalte van vakmanskap in die ontwerp, oprigting, vertoning, afbreek of wysiging van sodanige teken of tekenstruktuur nie; en
  - (b) word die eienaar van die teken of tekenstruktuur, die eienaar van die media en die eienaar van die eiendom of gebou waaraan 'n teken of tekenstruktuur vasgeheg is, nie onthef van die plig om sorg te dra en te verseker dat sodanige teken of tekenstruktuur ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordening ontwerp, opgerig, vertoon, in stand gehou, gebruik, afgebreek of gewysig word nie.
- (3) Die Stad kan 'n goedkeuring wat ingevolge hierdie verordening of sy voorganger toegestaan is, in enige stadium terugtrek, of enige goedkeuringsvoorwaarde wysig, of 'n verdere goedkeuringsvoorwaarde oplê, indien 'n teken of reklamestruktuur—
  - (a) verval is;
  - (b) vir langer as 90 opeenvolgende dae leegstaan of nie in werking is nie;
  - (c) nie meer aan 'n bepaling van hierdie verordening voldoen nie;
  - (d) dermate verander word dat dit wesenlik afwyk van die oorspronklike goedgekeurde aansoek, in hetsy struktuur, grafiese inhoud of verligting; of
  - (e) geleë is op Stads- of privaat grond op 'n terrein of in 'n gebied wat die Stad vir enige bedryfsdoeleindes moet gebruik, in welke geval die Stad nie vir enige verlies van inkomste as gevolg daarvan aanspreeklik sal wees nie.
- (4) Indien 'n goedgekeurde teken nie binne 12 maande na die goedkeuringsdatum of binne sodanige ander tyd as wat die goedkeuring aandui, opgerig word nie, verstryk

sodanige goedkeuring, tensy die Stad die tydperk skriftelik verleng voordat dit verstryk.

- (5) (a) Enige goedkeuring van derdepartyreklame wat die Stad ingevolge hierdie verordening toestaan, geld vir hoogstens sewe jaar, wat vanaf die goedkeuringsdatum bereken word.
- (b) 'n Nuwe aansoek om 'n verdere goedkeuringstydperk van tot en met sewe jaar kan voor die verstryking van die huidige goedkeuringstydperk ingedien word.
- (6) Ingeval die struktuur wat die teken stut doelbewus voor die verstryking van die goedkeuringstydperk afgebreek word, verstryk die goedkeuring en mag geen verdere teken of steunstruktuur sonder die Stad se vooraf- skriftelike goedkeuring ingevolge hierdie verordening opgerig of heropgerig word nie.
- (7) Onderworpe aan artikel 10(8) hier onder moet alle Stadsbesluite oor aansoeke ingevolge hierdie verordening skriftelik geskied, en sal die Stad sy besluit bekend maak binne—
- (a) 70 kalenderdae na die datum van indiening van 'n volledige aansoek om 'n derdepartyteken en die uitreiking van 'n faktuur vir die betaling van die aansoekfooi;
- (b) 45 kalenderdae na die datum van indiening van 'n volledige aansoek om 'n plekgebonde teken en die uitreiking van 'n faktuur vir die betaling van die aansoekfooi indien sodanige aansoek onderworpe is aan interne oorlegpleging met Stadsdepartemente;
- (c) 15 kalenderdae na die datum van indiening van 'n volledige aansoek om 'n plekgebonde teken en die uitreiking van 'n faktuur vir die betaling van die aansoekfooi indien sodanige aansoek nié onderworpe is aan interne oorlegpleging met Stadsdepartemente nie;
- (d) 10 kalenderdae na die datum van indiening van 'n volledige aansoek om 'n tydelike teken of 'n geleentheidsteken en die uitreiking van 'n faktuur vir die betaling van die aansoekfooi; of
- (e) 7 kalenderdae na die datum van indiening van 'n volledige aansoek om 'n plakkaat en die uitreiking van 'n faktuur vir die betaling van die aansoekfooi;

op voorwaarde dat indien die aansoek onderworpe is aan openbare oorlegpleging, of die Stad bykomende inligting of beoordelings vereis, die bogenoemde besluitnemingstydperke opgeskort sal word, en sal hervat nadat die proses vir openbare oorlegpleging afgehandel is of die Stad die vereiste inligting of beoordelings ontvang het.

- (8) Die Stad sal slegs 'n besluit binne die bogenoemde tye bekend maak indien die genoemde fakture vereffen en betaling bevestig is, en in geval van aansoeke om derdepartytekens, indien 'n faktuur vir goedkeuring- en moniteringsfooi vereffen en betaling bevestig is.
- (9) Alle derdepartytekens moet die tekeneienaar se naam of logo en terreinnommer duidelik op die tekenstruktuur aandui.
- (10) Alle tekengoedkeurings, buiten tekens ingevolge bylae 9, 10, 11, 12 en 13, sal aan die eiendomseienars uitgereik word.
- (11) Die toepaslike oorskrydingsfooi vir plekgebonde en derdeparty-uitsteektekens wat oor Stadsgrond oorskry, moet jaarliks betaal word.
- (12) Indien 'n aansoek wat ingevolge artikel 5 ingedien is, kragtens subartikel 10(1) hier bo van die hand gewys word, mag die aansoeker vir twee jaar vanaf die datum van

sodanige weiering geen verdere aansoek ten opsigte van daardie tekentipe of -posisie indien nie, tensy die faktore waarop die weiering gegrond was, verander. Indien die omstandighede verander of die verdere aansoek op 'n ander tekentipe of -posisie betrekking het, moet 'n skriftelike motivering by die Stad ingedien word wat sodanige veranderinge aandui.

(13) Daar sal van die tekeneienaar verwag word—

- (a) om die Stad te vrywaar teen enige eise deur derde partye wat uit die oprigting van enige teken in 'n padreserwe of op of oor Stadseiendom kan ontstaan; en
- (b) om versekering teen openbare aanspreeklikheid te bekom ten opsigte van tekens waarna artikel 10(13)(a) hier bo verwys.

## 11. APPÈL

Enige persone wie se regte deur 'n besluit ingevolge hierdie verordening geraak word, kan ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, teen daardie besluit appelleer deur binne 21 dae nadat hulle van die besluit in kennis gestel is 'n skriftelike kennisgewing van appèl tesame met redes by die Stadsbestuurder in te dien.

## 12. TEKENS WAARVOOR GOEDKEURING NIE VEREIS WORD NIE

- (1) Indien enige teken nie aan die volgende voorwaardes vir die betrokke tekentipe voldoen nie, moet 'n aansoek ingevolge artikel 5 ingedien word, tensy hierdie verordening uitdruklik 'n aansoek om daardie spesifieke tekentipe uitsluit.
- (2) Geen aansoek word vir die volgende tekens vereis nie, mits die tekens aan die voorwaardes hier onder, die oorwegings en vereistes in artikel 7 en 8 sowel as ander tersaaklike wetgewing voldoen:

### Kontrakteursborde

- (3)(a) Kontrakteursborde mag slegs vertoon word op die eiendom waar werk onderneem word, op voorwaarde dat kontrakteursborde—
  - (i) in gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer nie groter as 0,3 m<sup>2</sup> mag wees nie en tot een teken per kontrakteur beperk is;
  - (ii) in gebiede van minimum beheer nie groter as 1,5 m<sup>2</sup> mag wees nie en tot een teken per kontrakteur beperk is;
  - (iii) gelyk met of agter die eiendomsgrens moet wees;
  - (iv) nie enige inligting buiten die naam van die maatskappy, die naam van die kontrakteur, kontakbesonderhede en die tipe diens of produk wat die kontrakteur op die perseel voorsien en onderneem, mag vertoon nie;
  - (v) onverlig moet wees en nie mag weerkaats nie; en
  - (vi) dadelik verwyder moet word sodra die werk op die perseel klaar is.
- (b) Geen aansoek om 'n afwyking van die bogenoemde bepalings ten opsigte van kontrakteursborde word ingevolge enige bepaling van hierdie verordening toegelaat nie.



### Ontwikkelingsborde

- (4) (a) Ontwikkelingsborde mag slegs vertoon word op die perseel ten opsigte waarvan 'n bou- of terreinontwikkelingsplan vir 'n voorgestelde ontwikkeling goedgekeur is, op voorwaarde dat ontwikkelingsborde—
- (i) onverlig moet wees en nie mag weerkaats nie; en
  - (ii) nie enige ander inligting mag vertoon nie as—
    - (aa) die naam en kontakbesonderhede van die ontwikkelaar, finansiële diensteverskaffer en eiendomsbemarkingsagent;
    - (bb) 'n prentevorstelling van die voorgestelde ontwikkeling;
    - (cc) 'n beskrywing van die voorgestelde ontwikkeling;
    - (dd) die woorde 'Word binnekort bekend gestel', 'Kom binnekort', 'Nuwe ontwikkeling' of 'Herontwikkeling'; en
    - (ee) die woorde 'Te koop', 'Te huur', 'Nou te koop', 'Verkoop' of soortgelyke inligting en enige prysinligting; en
  - (iii) nie langer as drie maande voor die aanvang van die ontwikkeling opgerig mag word nie.
- (b) Ontwikkelingsborde moet verwyder word wanneer boubedrywighede wesenlik voltooi is of gestaak word of wanneer die Stad 'n okkupasiesertifikaat uitreik. Die Stad kan 'n voldoeningskennisgewing uitreik vir die verwydering van die teken binne die tydperk wat die kennisgewing aandui indien die vereistes van hierdie subartikel nie nagekom word nie.
- (c) Ontwikkelingsborde op bouterreine wat uitsluitlik vir enkelresidensiële doeleindes gebruik sal word, mag nie 3 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte en 2,4 m in totale hoogte oorskry nie en moet 'n minimum vryhoogte van 1 m hê. Daarbenewens—
- (i) is enige aansoek om afwykings van hierdie bepalings oor ontwikkelingsborde ingevolge enige bepaling van hierdie verordening verbode in gebiede van maksimum beheer; en
  - (ii) word slegs een ontwikkelingsbord per perseel toegelaat.
- (d) Ontwikkelingsborde op bouterreine wat nié uitsluitlik vir residensiële doeleindes gebruik sal word nie, moet kleiner as 4,5 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte en laer as 2,4 m in totale hoogte wees en moet 'n vryhoogte van 1 m hê; en
- (i) hoogstens twee ontwikkelingsborde, een per straatfront, word per perseel toegelaat.

### Eiendomsbemarkingstekens

- (5) (a) 'Te huur'- en 'Te koop'-tekens van hoogstens 0,3 m<sup>2</sup> word toegelaat, op voorwaarde dat hierdie tekens op die betrokke eiendom of gelyk met die heining of muur van die betrokke eiendom vertoon word, en dat eiendomsbemarkingsagente of -agentskappe geen ander tekens as 'Te huur'- en 'Te koop'-tekens op die betrokke eiendom mag vertoon nie.

- (b) 'Verkoop'-tekens van hoogstens 0,3 m<sup>2</sup> in totaal mag op die verkoopte eiendom of gelyk met die heining of muur van die eiendom vertoon word, en mag nie vir langer as 30 dae vertoon word nie.
- (c) Geen aansoek om 'n afwyking van subartikel (b) ten opsigte van 'Verkoop'-tekens word ingevolge enige bepaling van hierdie verordening toegelaat nie.
- (d) Een 'Op skou'-teken van hoogstens 0,3 m<sup>2</sup> word toegelaat op die eiendom wat op skoudag ten toon gestel word.
- (e) Daarbenewens word een van die volgende vier opsies toegelaat—
  - (i) 'n bykomende skouhuisbord van 0,3 m<sup>2</sup>;
  - (ii) vlagversiering;
  - (iii) een ballon of opblaasteken van hoogstens 3 m hoog en 3 m breed; of
  - (iv) drie veervlae van hoogstens 3 m<sup>2</sup> elk;

op voorwaarde dat hierdie tekens gedurende naweekure op die skoueiendom vertoon word, en dat die tekens in subartikel (5)(e)(ii) tot (iv) hier bo teen 18:00 op elke dag van die naweek verwyder word.

#### **Tuisberoepperseeltekens, bed-en-ontbyttekens, huiswinkelttekens en tuiskindersorgtekens**

- (6)(a) Enige onverligte perseelteken wat 'n tuisberoep adverteer, word toegelaat, mits dit nie oor 'n openbare pad uitsteek nie, nie 0,2 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie, en slegs aandui watter tipe saak, onderneming, bedryf of beroep enige okkupant of permanente inwoner van die perseel waarop die teken verskyn, beoefen, die naam van sodanige okkupant, die tipe aktiwiteit, die adres en telefoonnommer van die perseel, en die besoekure (indien enige), op voorwaarde dat slegs een sodanige teken per okkupant vertoon mag word.
- (b) Slegs een onverligte teken wat 'n bed-en-ontbytonderneming adverteer, word toegelaat, wat teen die muur van die huis aangebring moet word, nie oor 'n openbare straat mag uitsteek nie, en nie 0,5 m<sup>2</sup> in oppervlakte mag oorskry nie.
- (c) Slegs een onverligte teken wat 'n huiswinkel adverteer, word toegelaat, wat teen die muur van die huiswinkel aangebring moet word, nie oor 'n openbare straat mag uitsteek nie, en nie 0,5 m<sup>2</sup> in oppervlakte mag oorskry nie.
- (d) Slegs een onverligte teken wat 'n tuiskindersorgdiens adverteer, word toegelaat, wat teen die muur van die huis aangebring moet word, nie oor 'n openbare straat mag uitsteek nie, en nie 0,5 m<sup>2</sup> in oppervlakte mag oorskry nie.

#### **Venstertekens**

- (7) (a) Venstertekens op die grondvloer van 'n gebou wat regmatig vir sake-, kommersiële, kantoor-, nywerheids- of vermaaklikheidsdoeleindes óf deur liggame sonder winsoogmerk gebruik word, word in alle beheergebiede toegelaat, op voorwaarde dat venstertekens—
  - (i) plekgebonde tekens is en beperk is tot die vensters van die eenhede wat deur die individuele sake-entiteit waarop die plekgebonde reklame betrekking het, beset word;
  - (ii) nie oor vensterrame, -hoofstyle, -tussenstyle, -kalwe, -banke of -lateie mag strek nie;

- (iii) nie op of oor die mure van die gebouvlak waarin die vensters geplaas is, mag strek nie;
- (iv) in 'n gebied van maksimum beheer nie 25% van die glasoppervlakte of 4,5 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte, wat ook al die kleinste is, van die gesamentlike totale reklameoppervlakte per individuele sake-entiteit mag oorskry nie;
- (v) in gebiede van gedeeltelike of minimum beheer nie 18 m<sup>2</sup> van die gesamentlike totale reklameoppervlakte per individuele sake-entiteit mag oorskry nie; en
- (vi) nie geplaas mag word oor enige vensters wat vir gebouventilasie of -verligting bedoel is nie.

#### **Advertensietekens op die buitegrens van sportvelde**

- (8) (a) Enige onverligte advertensietekens van hoogstens 2 m x 1 m wat op die buitegrens van 'n sportveld opgerig word, moet na binne of in die rigting van die veld wys en mag nie aan enige ander openbare plek of uitsigpad adverteer nie.
- (b) Geen aansoek om 'n afwyking van (a) hier bo ten opsigte van advertensietekens op die buitegrens van sportvelde word ingevolge enige bepaling van hierdie verordening toegelaat nie.
- (c) Tekens kan tydelik op die horisontale speeloppervlak of gras van 'n sportveld geverf word met die oog op 'n sportbyeenkoms.

#### **Sekuriteitstekens op persele**

- (9)(a) Onverligte sekuriteitstekens op persele word toegelaat, mits dit nie oor die eiendomsgrens uitsteek en geen teken 0,3 m<sup>2</sup> oorskry nie, op voorwaarde dat sodanige tekens hetsy aandui dat—
  - (i) 'n buurtwagskema in werking is;
  - (ii) 'n sekuriteitsmaatskappy gekontrakteer is om die perseel te beskerm;
  - (iii) 'n straatkomitee bestaan; of
  - (iv) 'n sentrale verbeteringsdistrik in die gebied in werking is.
- (b) Slegs een sekuriteitsteken per kategorie (of diensverskaffer) in (a) hier bo word per perseel toegelaat.
- (c) Die besonderhede op sekuriteitstekens wat vir die dienskatgorieë in (a) hier bo op persele vertoon word, is beperk tot—
  - (i) 'n naam;
  - (ii) 'n logo; en
  - (iii) 'n telefoonnommer.
- (d) Geen aansoek om 'n afwyking van die bogenoemde bepalings ten opsigte van sekuriteitstekens word ingevolge enige bepaling van hierdie verordening toegelaat nie.

**Geborgde en kommersieel geborgde tekens en van liggame sonder winsoogmerk, welke tekens kleiner is as 4,5 m<sup>2</sup>**

- (10)(a) Enige teken wat hetsy deur of in verband met 'n liggaam sonder winsoogmerk op die perseel van sodanige liggaam opgerig word, kan toegelaat word, op voorwaarde dat—
- (i) sodanige teken nie 4,5 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte mag oorskry nie;
  - (ii) hoogstens 'n derde van die totale oppervlakte van die teken vir derdepartyborgskap gebruik mag word;
  - (iii) sodanige teken onverlig moet wees; en
  - (iv) slegs een sodanige teken per erf toegelaat sal word.
- (b) Tekens wat aan die bepalings in 10(a) hier bo voldoen en op Stadsgrond opgerig word, moet die proses in bylae 16 volg.

**Plekgebonde vlae of veervlae op kommersiële persele**

- (11)(a) Plekgebonde reklame op vlae mag slegs op die betrokke perseel en slegs op vlagpale vertoon word, op voorwaarde dat—
- (i) hoogstens vier vlagpale van 3 m elk per perseel vir die doel van die vertoning van reklame op vlae gebruik mag word; of
  - (ii) vier veervlae van 3 m<sup>2</sup> elk per perseel vertoon mag word; en
  - (iv) sodanige vlae en veervlae nie oor die eiendomsgrens mag uitsteek nie.

**Voertuigadvertensietekens**

- (12)(a) Onverligte tekens mag direk op die bakwerk van 'n gemotoriseerde of niegemotoriseerde voertuig gevef of aangebring of daaraan vasgeheg word indien die voertuig gebruik word vir—
- (i) die vervoer van goedere of passasiers;
  - (ii) die verkoop van goedere of voedsel en drank vanuit sodanige voertuig ooreenkomstig 'n geldige permit; of
  - (iii) die lewering van dienste uit sodanige voertuig ooreenkomstig 'n geldige permit;
- en sodanige voertuig nie hoofsaaklik vir die doel van reklame geparkeer of gebruik word nie.
- (b) Voertuigtekens mag nie elektronies wees of enige materiaal insluit wat weerkants of terugkants nie.
- (c) Geen aansoek om 'n afwyking van die bogenoemde bepalings ten opsigte van voertuigadvertensietekens word ingevolge enige bepaling van hierdie verordening toegelaat nie.

**Gemeenskapsinligtingstekens**

- (13)(a) Gemeenskapsinligtingstekens word toegelaat, mits sodanige tekens—
- (i) geen kommersiële reklame, kommersiële borgskap of kommersiële advertensieveldtogte bevat nie;
  - (ii) hoogstens 3 m<sup>2</sup> groot is;

- (iii) nie verlig of elektronies is nie; en
- (iv) indien dit losstaande is, 'n minimum vryhoogte van 2,1 m het en nie 'n maksimum totale hoogte van 3 m oorskry nie.

#### **Gemeenskapsinligtingsplakkate**

(14)(a) Gemeenskapsinligtingsplakkate van hoogstens A4-grootte wat nie op openbare geleenthede of veldtogte betrekking het nie, word toegelaat, mits sodanige plakkate—

- (i) slegs met vermiste troeteldiere en vermiste persone verband hou;
- (ii) slegs teen die Stad se elektriese straatlamppale vasgemaak word;
- (iii) nie nader as 30 m aan 'n verkeerslig geplaas word nie; en
- (iv) binne 90 kalenderdae nadat dit opgesit is deur die verantwoordelike persoon verwyder word.

(b) Geen aansoek om 'n afwyking van die bogenoemde bepalings ten opsigte van gemeenskapsinligtingsplakkate word ingevolge enige bepaling van hierdie verordening toegestaan nie.

#### **Plekgebonde vasgebinde kommersiële baniere**

(15)(a) Die volgende word as 'n plekgebonde vasgebinde kommersiële banier toegelaat—

- (i) Een ongeraamde banier wat nie losstaande is nie en met toue aan die gebou, muur of grensheining van die betrokke perseel vasgebind word, met 'n totale maksimum reklameoppervlakte van 3 m<sup>2</sup>, en wat vir hoogstens 14 dae per kalendermaand vertoon mag word.

(b) In geval van winkelsentrums of -wandelhalle mag slegs een ongeraamde banier per straatfront met betrekking tot die betrokke winkelsentrum of -wandelhal vertoon word, met 'n totale maksimum reklameoppervlakte van 3 m<sup>2</sup>, en vir hoogstens 14 dae per kalendermaand.

(c) Plekgebonde vasgebinde kommersiële baniere mag nie—

- (i) so vasgebind word dat dit verbygaande voetgangers of
- (ii) voertuigverkeer hinder of in gevaar stel nie;
- (iii) nader as 30 m aan enige padverkeerstekens of verkeerslig vertoon word nie, en mag nie enige sigdriehoek by uitdraaipaaie of voertuigtoegangspunte versper nie;
- (iv) teen verkeersligpale of ander pale met padverkeerstekens op, die verdeelkaste van elektrisiteits- of diensowerhede, straatmeubels, rotse, bome, ander natuurkenmerke of ander Stadseiendom aangebring word nie;
- (v) so aangebring word dat dit ander ondernemings of organisasies onbillik benadeel of enige goedgekeurde bestaande tekens verberg nie; en
- (vi) op enige perseel buiten die betrokke perseel aangebring word nie.

### Plekgebonde tekens

- (16)(a) Een onverligte plekgebonde plat teken word per sakeperseel toegelaat, mits dit nie oor 'n openbare straat uitsteek nie, en nie 2 m<sup>2</sup> in gesamentlike totale reklameoppervlakte per individuele sake-entiteit oorskry nie, en mag op die buitewand van geboue op die grond- of eerste vloer vertoon word, op voorwaarde dat dit nie boukundige artikulasies verberg of vensters of openinge versper nie.
- (b) In gebiede van gedeeltelike en minimum beheer word een plekgebonde dakteken wat op die dak van 'n gebou gevef is, toegelaat, tot 'n maksimum van 4,5 m<sup>2</sup> in grootte of 'n kwart van die totale dakoppervlakte waarop dit gevef is, wat ook al die kleinste is.
- (c) Benewens die straatnommer en straatnaam wat op die gebou vertoon word, word een gebouaamteken per straatfront toegelaat om die perseel te identifiseer, welke teken hetsy 'n plat, versonke, gegraveerde, gegote, gevefde of uitsnyletterteken van hoogstens 3 m<sup>2</sup> mag wees, dog onverlig.
- (d) Een plekgebonde grensmuurteken van hoogstens 1 m<sup>2</sup> mag op die muur aangebring word, welke teken hetsy versonke of gevef mag wees of uit individuele uitsnyletters of -simbole mag bestaan wat gelyk met sodanige muur aangebring word en nie verder as 50 mm van die oppervlak van die muur mag uitsteek nie.

### Lugtekens

- (17) In enige stedelike beheergebied mag lugtekens op hetsy een ballon of een ballonskip tot 'n maksimum hoogte van 9 m bo die grondvlak vertoon word, op voorwaarde dat—
- (a) die advertensiepaneel op elke sigbare vlak van die teken nie 1,5 m<sup>2</sup> mag oorskry nie;
- (b) die totale toegelate grootte van die ballon of ballonskip 'n breedte van 3 m is, ongeag in watter rigting dit gemeet word;
- (c) hierdie bepalings beperk sal wees tot—
- (i) 'n plekgebonde winkeluitverkoop op die perseel;
  - (ii) 'n openingsgeleentheid;
  - (iii) 'n geleentheid van 'n liggaam sonder winsoogmerk, met of sonder borginhoud; of
  - (iv) 'n sportbyeenkoms, met of sonder borginhoud;
- (d) die lugteken vir sodanige geleentheid vir hoogstens drie opeenvolgende dae vertoon mag word;
- (e) lugtekens nie bo 'n openbare pad vertoon mag word nie;
- (f) lugtekens slegs in daglig vertoon mag word; en
- (g) buiten subartikel (c)(iii) en (iv) hier bo, lugtekens nie enige derdepartyreklame mag bevat nie.

**Tydlike geleentheidstekens vir liggame sonder winsoogmerk**

- (18)(a) Tydelike baniere, vlae, plakkate, opblaastekens, transito-tekens, lugtekens en los draagbare tekens word toegelaat vir geleenthede van liggame sonder winsoogmerk.
- (b) Tydelike geleentheidstekens vir liggame sonder winsoogmerk mag hoogstens 10% derdepartyborginhoud per teken bevat.
- (c) Liggame sonder winsoogmerk kan hierdie tekens vertoon op die perseel van die gasheerliggaam of op die privaat eiendom waar die geleentheid aangebied word, vir die duur van die geleentheid.
- (d) Indien sodanige geleentheid deels of in die geheel op Stadseiendom of -infrastruktuur plaasvind, waaronder by enige geleentheid wat die Stad aanbied of borg, moet 'n aansoek ingevolge artikel 5 en die toepaslike bylaes ingedien word.
- (e) Indien hierdie tekens op Stadseiendom vertoon word, mag dit nie in enige beton-, teer- of geplaveide oppervlak ingeslaan word nie.

**Plekgebonde los draagbare tekens op privaat eiendom**

- (19) (a) Hoogstens twee plekgebonde los draagbare tekens mag op privaat eiendom vertoon word, mits dit nie 1,2 m x 0,6 m in grootte oorskry en 'n veiligheidsgevaar vir die publiek inhou nie.
- (b) Geen aansoek om 'n afwyking van die bogenoemde bepalings met betrekking tot los draagbare tekens word ingevolge enige bepaling van hierdie verordening toegelaat nie.

**Plakkate op plakkaatpilare**

- (20)(a) Alle plakkaattipes waarna bylae 11 verwys, mag aangebring word op aangewese strukture op terreine wat die Stad vir die uitdruklike doel van plakkate aanwys, op voorwaarde dat—
- (i) slegs een plakkaat per byeenkoms, veldtog of geleentheid per liggaam sonder winsoogmerk op enige enkele pilaar aangebring mag word; en
- (ii) geen plakkate vir uitsluitlik kommersiële geleenthede, waaronder die bevordering of bekendstelling van produkte en dienste, toegelaat sal word nie.
- (b) Geen aansoek om 'n afwyking van die bogenoemde bepalings met betrekking tot plakkate op plakkaatpilare word ingevolge enige bepaling van hierdie verordening toegelaat nie.

**Tydlike rigtingpyltekens vir filmopnames**

- (21)(a) Tydelike rigtingpyltekens vir filmopnames, om die ligging van 'n bepaalde filmstel aan filmspanne en -dienste uit te wys, mag slegs teen die Stad se elektriese straatlamppale aangebring word ooreenkomstig die Stad se beleid oor straatverligting.

## (b) Tydelike rigtingpyltekens vir filmopnames—

- (i) mag nie teen bome, verkeersligpale of ander pale met padverkeerstekens op, straatmeubels of ander Stadseiendom aangebring word nie;
  - (ii) moet aan alle tersaaklike wetgewing, beleide en riglyne sowel as die toepaslike verfilmingspermit voldoen;
  - (iii) mag nie 'n totale grootte van 0,3 m<sup>2</sup> elk oorskry nie;
  - (iv) is beperk tot een teken per paal of twee tekens wat rug aan rug saamgevoeg word; en
  - (v) moet binne 'n dag na die voltooiing van die filmopname verwyder word.
- (c) Geen aansoek om 'n afwyking van die bogenoemde bepalings met betrekking tot tydelike rigtingpyltekens vir filmopnames word ingevolge enige bepaling van hierdie verordening toegelaat nie, buiten met die skriftelike magtiging van die Stad.

**Tydelike openbare kuns**

- (22) (a) 'n Onverligte kunswerk wat 'n teken bevat of vertoon wat 'n advertensie is, word toegelaat indien—
- (i) die kunswerk self nie 'n advertensie is nie;
  - (ii) die advertensiegedeelte nie 5% of 2,5 m<sup>2</sup> van die totale inhoud van die kunswerk oorskry nie, wat ook al die kleinste is; en
  - (iii) daar 'n geldige permit vir die tydelike openbare kunswerk bestaan wat ingevolge die Stad se permitstelsel vir openbare kuns goedgekeur is.
- (b) Kunswerk met reklame sal op multigebruikgeboue toegelaat word, maar slegs indien dit aan die buitekant van die nieresidensiële vlakke van die gebou verskyn.
- (c) Kunswerk met reklame word nie op enige residensiële geboue, residensiële grensmure en verwante strukture toegelaat nie.
- (d) Die Stad kan aandrang op dokumentêre bewys van 'n geldige borgskapsooreenkoms tussen die kunstenaar, die opdraggewende party (waar van toepassing) en die borg.
- (e) Geen aansoek om 'n afwyking van die bogenoemde bepalings met betrekking tot tydelike openbare kuns word ingevolge enige bepaling van hierdie verordening toegelaat nie.

**Verkiesingsplakkate**

- (23) Plakkate vir verkiesingsveldtogte en politieke geleenthede van hoogstens 0,9 m x 0,6 m kan gedurende amptelike verkiesings- en kiesersregistrasietydperke teen die Stad se elektriese straatlamppale toegelaat word, onderworpe aan enige vereistes of voorwaardes wat die Stad ten opsigte daarvan uitreik.



### 13. ONTSIERING

- (1) Buiten waar die Stad se skriftelike goedkeuring bekom of sekere teken tipes ingevolge hierdie verordening toegelaat word, mag geen persoon enige straatfront, padverkeersteken, muur, heining, grond, rots, boom of ander natuurkenmerk, of enige deel van enige gebou of struktuur, op enige manier hoegenaamd ontsier gedurende die oprigting van 'n teken, deur die vertoning of gebruik van 'n teken óf deur die skryf of verf van enige teken, simbool, letter of syfer nie.
- (2) Geen persoon mag enige teken wat regmatig ingevolge hierdie verordening vertoon word, vernietig, beskadig, skend, ontsier of onleesbaar maak nie.

### 14. SKADE AAN STADSEIENDOM

Geen persoon mag gedurende die oprigting of verwydering van enige teken enige boom, die Stad se elektriese straatlamppale of enige ander Stadsinstallasie, -eiendom of -straatmeubels beskadig nie, en enige koste wat die Stad aangaan om sodanige skade te herstel sal ingevolge die Stad se beleid en verordening insake kredietbeheer en skuldinvordering verhaal word van die persone wat vir die skade verantwoordelik is of dit veroorsaak het.

### 15. TOEGANG EN INSPEKSIES

Die Stad is daarop geregtig om, deur sy behoorlik gemagtigde amptenare en ná redelike vooraf- skriftelike kennisgewing aan die eienaar of okkupant van 'n eiendom, enige perseel op 'n redelike tyd te betree om enige wetstoepassing, monitering of inspeksie uit te voer wat nodig is om die bepalings van hierdie verordening na behore toe te pas en af te dwing.

### 16. MISDRYWE

- (1) 'n Persoon wat—
  - (a) in stryd met enige bepaling van hierdie verordening 'n teken oprig, gebruik of vertoon, enige tekenstruktuur oprig, enige tekenstruktuur gebruik om 'n teken te vertoon, of 'n bestaande teken of tekenstruktuur wysig of iets daarby byvoeg;
  - (b) enige bepaling, voorwaarde, vereiste of goedkeuringsvoorwaarde wat ingevolge hierdie verordening opgelê is of as opgelê beskou word, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
  - (c) enige vereiste in 'n voldoeningskennisgewing wat ingevolge hierdie verordening aan hom of haar beteken word, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
  - (d) willens en wetens 'n wanvoorstelling of vals verklaring maak of 'n dokument of permit namaak, vervals of op bedrieglike wyse repliseer ten opsigte van enige aansoek, goedkeuring, vereiste of magtiging ingevolge hierdie verordening;
  - (e) doelbewus verhinder dat 'n gemagtigde amptenaar toegang tot enige eiendom bekom om 'n inspeksie te doen, of sodanige amptenaar lastig val of hinder gedurende sodanige inspeksie ingevolge of kragtens hierdie verordening; of
  - (f) enige gemagtigde amptenaar in die uitvoering van amptelike pligte of werksaamhede ingevolge of kragtens hierdie verordening dreig, teëgaan, lastig val of kortwiek;

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of tronkstraf ooreenkomstig artikel 17(1)(a) en (c).

- (2) In geval van 'n voortgesette misdryf is sodanige persoon by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of tronkstraf ooreenkomstig artikel 17(1)(b) en (c) vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur, en kan die persoon by skuldigbevinding vir 'n tweede of daaropvolgende misdryf gestraf word.

### **17. BOETES EN STRAWWE**

- (1) Die volgende boetes en strawwe is van toepassing op 'n persoon wat hierdie verordening oortree—
- (a) Indien 'n hof die persoon skuldig bevind aan 'n eerste misdryf is die persoon strafbaar met 'n boete of, indien die boete nie betaal word nie, tronkstraf vir hoogstens ses maande.
- (b) In geval van 'n voortgesette misdryf is die skuldige party strafbaar met 'n verdere boete vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur.
- (c) By skuldigbevinding aan 'n tweede of verdere misdryf is die persoon strafbaar met 'n boete of tronkstraf van hoogstens ses maande.
- (2) Waar die Stad onregmatige tekens verwyder, kan die verantwoordelike persoon dit binne drie maande na die verwyderingsdatum by die Stad opeis na die volle vereffening van enige koste wat die Stad vir die verwydering van die genoemde tekens moes aangaan, sowel as enige heffings vir die vervoer en berging van die tekens.
- (3) Enige onregmatige tekens wat die Stad verwyder en skut en wat nie binne drie maande na die verwyderingsdatum opgeëis word nie, word die eiendom van die Stad, wat geheel na eie goëddunke daarmee sal wegdoen.
- (4) Indien enige teken in stryd met hierdie verordening opgerig word en 'n aansoek daarná ingedien word om die oortreding reg te stel, sal 'n bykomende bedrag in die vorm van 'n administratiewe boete ten tyde van die indiening van die aansoek opgelê word ingevolge die Stad se goedgekeurde tariewe en heffings wat van tyd tot tyd gepubliseer word.
- (5) Indien die administratiewe boete nie betaal word teen die datum wat die Stad bepaal nie—
- (a) sal die aansoek nie verder verwerk word nie, en teruggestuur word aan die aansoeker; en
- (b) sal die aansoeker vir twee jaar na die datum waarop die aansoek aan hom of haar teruggestuur is geen verdere aansoek vir dieselfde terrein mag indien nie.
- (6) Die Stad kan enige administratiewe boetes ingevolge enige ander wet hef, ontvang of oplê ten opsigte van enige teken wat in stryd met hierdie verordening opgerig word.
- (7) Die oplegging van die bogenoemde administratiewe boete verhinder nie die Stad om strafregtelike of siviele stappe in te stel om die onregmatig opgerigte teken te laat verwyder terwyl die aansoek om regstelling nog beslis word nie.

### **18. AANNAMES**

- (1) Totdat bewys van die teendeel gelewer word, word daar aangeneem dat 'n persoon wat ingevolge hierdie verordening van 'n misdryf aangekla word en wat—
- (a) alleen of saam met ander verantwoordelik is vir die reëlings vir, of in beheer is van, enige vergadering, byeenkoms of geleentheid waarop 'n teken betrekking het, elke onregmatige teken in verband met sodanige vergadering, byeenkoms of geleentheid willens en wetens vertoon het, laat vertoon het, of toegelaat het dat dit vertoon word;

- (b) die persoon is wie se naam op 'n onregmatige teken verskyn of wie se produk of dienste op sodanige teken geadverteer word, sodanige teken willens en wetens vertoon het, laat vertoon het, of toegelaat het dat dit vertoon word;
- (c) 'n tekeneienaar of media-agent is of 'n persoon wat voordeel trek of getrek het uit die vertoning van 'n onregmatige teken, hetsy alleen of saam met enige ander persoon, sodanige teken willens en wetens vertoon het, laat vertoon het, of toegelaat het dat dit vertoon word; en
- (d) die eienaar is van enige grond of gebou waarop enige onregmatige teken vertoon is of word, sodanige teken willens en wetens vertoon het, laat vertoon het, of toegelaat het dat dit vertoon word.

#### 19. WETSTOEPASSING EN DIE VERWYDERING VAN ADVERTENSIE TEKENS

- (1) Indien enige teken vertoon word of besig is om opgerig te word in stryd met hierdie verordening of enige bepaling, voorwaardes, vereiste of goedkeuringsvoorwaarde wat ingevolge hierdie verordening opgelê is of as opgelê beskou word, kan die Stad 'n skriftelike voldoeningskennigewing aan een of meer van die volgende persone beteken:
  - (a) Die eienaar of huurder van die teken;
  - (b) Die grondeienaar of huurder op wie se grond, gebou of perseel die teken opgerig is of word;
  - (c) 'n Persoon wie se produkte of dienste op die teken geadverteer word;
  - (d) 'n Persoon wie se naam of afbeelding op die teken verskyn;
  - (e) 'n Persoon of maatskappy wat die teken oprig of opgerig het;
  - (f) Die media- of gemagtigde agent; of
  - (g) Enige ander party wat verantwoordelik is vir, of wat voordeel trek uit, die vertoning van die teken.
- (2) Die Stad sal daarop aandrang dat sodanige persone—
  - (a) goedkeuring bekom vir die genoemde ongemagtigde teken, onderworpe daaraan dat die toepaslike administratiewe boete betaal word;
  - (b) die oprigting van sodanige teken staak; of
  - (c) sodanige teken verwyder of enige verandering daaraan aanbring.
- (3) Die Stad kan daarop aandrang dat sodanige persone enige ander handeling verrig wat in 'n voldoeningskennigewing van die Stad voorgeskryf word, binne die tydperk wat die kennigewing aandui.
- (4) Ondanks die betekening van sodanige voldoeningskennigewing, kan die Stad dit terugtrek of wysig.
- (5) Indien daar nie binne die voorgeskrewe tydperk aan die Stad se versoeke in die voldoeningskennigewing gehoor gegee word nie, kan die Stad sonder verdere kennigewing aan die persoon aan wie die voldoeningskennigewing beteken is, en nadat regshulp op 'n *ex parte*-grondslag van die tersaaklike hof bekom is, die teken verwyder of aanpas, of sodanige ander werk doen as wat in die voldoeningskennigewing voorgeskryf word. Geen hofbevel word egter vereis vir die

verwydering of aanpassing van 'n onregmatige teken indien dit op Stadseiendom opgerig of vertoon word nie.

- (6) Indien die onregmatige teken vertoon word of sal word op eiendom in Stadsbesit of onder Stadsbeheer, waaronder enige grond wat deur of van die Stad gehuur word, kan die Stad—
- (a) die teken of tekenstruktuur verwyder sonder om eers 'n voldoeningskennisgewing ten opsigte daarvan te beteken, en sonder 'n hofbevel; of
  - (b) die blootstelling van die onregmatige teken beperk deur sodanige teken ontoeganklik, onleesbaar of onverstaanbaar te maak.
- (7) Indien die Stad of sy agente optree om tekens te verwyder, te skut en te berg, of om aanpassings of enige ander werk ten opsigte van ongemagtigde advertensietekens te doen, ongeag of dit voorafgegaan word deur, of gedoen word ingevolge, 'n voldoeningskennisgewing of nie, sal die Stad nie aanspreeklik wees vir redelike of onvermydelike skade aan die betrokke eiendom, waaronder die tekens en strukture self, gedurende die verrigting van sodanige handeling, of vir enige eise wat in dié verband ontstaan nie.
- (8) Enige koste wat die Stad aangaan om tekens of tekenstrukture van Stadseiendom te verwyder, te skut en te berg, of om aanpassings of ander vereiste werk ingevolge 'n voldoeningskennisgewing te doen, kan ingevolge die beleid en verordening insake kredietbeheer en skuldinvordering verhaal word van een of meer van die volgende persone wat verantwoordelik is vir die vertoning van die teken, of aan wie die voldoeningskennisgewing beteken is:
- (a) Die eienaar of huurder van die teken;
  - (b) Die grondeienaar of huurder op wie se grond, gebou of perseel die teken opgerig is;
  - (c) 'n Persoon wie se produkte of dienste op die teken geadverteer word;
  - (d) 'n Persoon wie se naam of afbeelding op die teken verskyn;
  - (e) 'n Persoon of maatskappy wat die teken opgerig het;
  - (f) Die konsessiehouer, media-agent of gemagtigde agent; of
  - (g) Enige ander party wat verantwoordelik is vir, of wat voordeel trek uit, die vertoning van die teken.
- (9) Ondanks enige ander klousule in hierdie verordening, indien 'n behoorlik gemagtigde amptenaar van die Stad wat in verband met hierdie verordening optree van mening is dat 'n teken, hetsy op Stads- of privaat eiendom, 'n gevaar inhou vir menselewens of eiendom, kan die Stad sonder voorafkennisgewing en sonder 'n hofbevel die teken verwyder of laat verwyder. Enige koste wat die Stad aangaan om sodanige teken te verwyder en te berg, of te laat verwyder en te berg, kan van enige van die persone in subartikel (8) hier bo verhaal word.

## 20. BETEKENING VAN VOLDOENINGSKENNISGEWINGS

- (1) Waar hierdie verordening vereis dat enige voldoeningskennisgewing of ander dokument aan enige persoon beteken word, word dit as behoorlik beteken beskou indien—

- (a) dit beteken is aan hulle persoonlik, of by hulle woonplek aan enige lid van hulle huishouding wat klaarblyklik ouer is as 16, of by hulle werkplek aan enige persoon in hulle diens of wat by hulle werk;
- (b) dit per geregistreerde pos gestuur is na sodanige persoon se woon- of werksadres wat op die Stad se stelsel verskyn;
- (c) dit per elektroniese pos gestuur is;
- (d) in geval van 'n maatskappy, beslote korporasie of trust, dit beteken is aan enige persoon by die geregistreerde kantoor van die maatskappy, beslote korporasie of trust wat klaarblyklik in die entiteit se diens is, of per geregistreerde pos gestuur is na sodanige kantoor; of
- (e) dit op 'n sigbare plek teen die teken, advertensie of tekenstruktuur opgesit of daarop aangebring is.

## **21. REGSBEVOEGDHEID VAN LANDDROSHOF**

- (1) Ondanks enige strydige bepalings in enige wet met betrekking tot landdroshowe, het 'n landdros regsbevoegdheid om, wanneer die Stad daarom aansoek doen, 'n bevel uit te reik wat enige persoon belet om met die oprigting van enige teken te begin of voort te gaan, of te gelas dat enige persoon 'n teken verwyder, of die Stad te magtig om sodanige teken te verwyder, indien die landdros oortuig is dat sodanige oprigting strydig is met, of nie voldoen nie aan, die bepalings van hierdie verordening of enige goedkeuring of magtiging ingevolge hiervan.
- (2) Ondanks enige strydige bepalings in enige ander wet, sal 'n landdroshof regsbevoegdheid hê om enige vonnis op te lê waarvoor hierdie verordening voorsiening maak.

## **22. RIGLYNE**

Die Stad kan van tyd tot tyd 'n handleiding oor die beheer van buitereklaam in Kaapstad, tersaaklike riglyne, inligtingsbrosjures of enige ander materiaal met betrekking tot hierdie verordening uitreik.

## **23. HERROEPING VAN VERORDENINGE**

- (1) Hierdie verordening herroep die volgende wetgewing—
  - (a) Stad Kaapstad: Verordening insake Buitereklaam en Advertensietekens, No. 10518 van 2001, Eerste Wysigingsverordening 2013, Provinsiale Koerant No. 7219 van 17 Januarie 2014; en
  - (b) Stad Kaapstad: Verordening insake Buitereklaam en Advertensietekens, No. 10518 van 2001, Provinsiale Koerant No. 5801 van 5 Desember 2001.
- (2) Enige handeling kragtens of ooreenkomstig 'n bepaling wat ingevolge hierdie verordening herroep word, word beskou asof dit kragtens die ooreenstemmende bepalings van hierdie verordening gedoen is, en sodanige herroeping het geen uitwerking op die geldigheid van enige handeling ooreenkomstig die herroepde verordening nie.
- (3) Enige handeling vóór die uitvaardiging van hierdie verordening wat nie gedoen is ooreenkomstig 'n bepaling wat deur hierdie verordening herroep word nie en wat onregmatig was, word steeds as onregmatig beskou ingeval sodanige handeling of teken ook nie aan die bepalings van hierdie verordening voldoen nie.
- (4) Enige goedkeuring, toestemming, reg of opdrag wat uitgereik, toegestaan of in werking gestel is ingevolge 'n verordening wat deur hierdie verordening herroep word en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie verordening bestaan

het, bly van krag en, waar dit van toepassing is, word beskou asof dit ooreenkomstig hierdie verordening uitgereik, toegestaan of in werking gestel is, onderworpe aan die aanvanklike voorwaardes, en bly geld vir die tydperk wat ingevolge die herroepde verordening toegestaan is.

- (5) Optrede in stryd met 'n verordening wat deur hierdie verordening herroep word, word ook as 'n oortreding van hierdie verordening beskou, en die strawwe in hierdie verordening is van toepassing indien die optrede kragtens hierdie verordening op 'n misdryf neerkom.

#### **24. VOORBEHOUDE**

- (1) Enige aansoek om die vertoning van enige advertensie of die oprigting van enige teken of tekenstruktuur vir reklamedoeleindes wat voor die uitvaardiging van hierdie verordening by die Stad ingedien is, en ten opsigte waarvan die Stad nog nie voor die uitvaardiging van hierdie verordening 'n besluit geneem het nie, word oorweeg ingevolge die verordening wat ten tyde van die indiening van die aansoek van toepassing was.
- (2) Enige goedkeuring of magtiging wat die Stad of sy voorgangers ingevolge vorige wette, verordeninge, beleide of kontrakte toegestaan het vir die vertoning van—
- (a) derdepartytekens waar geen goedkeuringstydperk aangedui is nie en waar die betrokke teken ooreenkomstig alle voorwaardes van die goedkeuring of magtiging, na gelang van die geval, vertoon word, verstryk outomaties hoogstens vyf jaar na die uitvaardigingsdatum van hierdie verordening; en
- (b) tekens op Stadseiendom ooreenkomstig kontrakte met die Stad of sy voorgangers verstryk ooreenkomstig die verstrykingstydperke wat die betrokke kontrak bepaal, en word nie deur die uitvaardiging van hierdie verordening verleng nie.

#### **25. KORT TITEL**

Hierdie verordening is bekend as die Stad Kaapstad: Verordening op Buitereklame, 2023.

**BYLAE 1  
BEHEERGEBIEDE**

MAKSIMUM			GEDEELTELIK	MINIMUM
NATUURGEBIED	LANDELIKE GEBIED	STEDELIKE GEBIED	STEDELIKE GEBIED	STEDELIKE GEBIED
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geproklameerde natuurreservate</li> <li>• Beskermd natuurgebiede</li> <li>• Bewaringsgebiede</li> <li>• Wildreservate</li> <li>• Geproklameerde voëlparke</li> <li>• Geproklameerde mariene reservate</li> <li>• Strande, seekuste, openbare kuseiendom en kussones</li> <li>• Oseane</li> <li>• Bosbougebiede</li> <li>• Rivierkorridors</li> <li>• Vleilande</li> <li>• Tafelberg-nasionale park en wêrelderfenisterrein</li> <li>• Uitsigpaaie</li> <li>• Kaapstad-biostreeksplan en die biodiversiteitsnetwerk</li> <li>• Spesifieke gebiede of terreine wat as natuurgebiede van maksimum beheer aangewys is op 'n kaart wat die Stad saamgestel het</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Landbougebiede/-sones</li> <li>• Tuinbougebiede</li> <li>• Landelike kleinhoewes</li> <li>• Groot privaat oop ruimtes (soos gholfbane)</li> <li>• Uitsigpaaie</li> <li>• Uitsig-/kulturele landskappe</li> <li>• Uitsigkenmerke</li> <li>• Stadsparke</li> <li>• Landbou- en tuinbougebiede en aanliggende pad- en spoorreserwes</li> <li>• Spesifieke gebiede of terreine wat as landelike gebiede van maksimum beheer aangewys is op 'n kaart wat deur die Stad saamgestel is</li> <li>• Sones van kulturele en ontspannings-hulpbronne</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Erfenis-beskerms-oorlegsones (HPOZ)</li> <li>• Erfenisterreine</li> <li>• Provinsiale erfenisgebiede ingevolge artikel 31 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999 (die Erfeniswet)</li> <li>• Gegradeerde geboue, plekke en terreine waarvoor die Erfeniswet voorsiening maak</li> <li>• Residensiële sones en aanliggende paaie</li> <li>• Mobiliteitsroetes</li> <li>• Voetganger-wandelhalle en -pleine</li> <li>• Skool- en institusionele terreine</li> <li>• Uitsigkenmerke</li> <li>• Uitsigpaaie</li> <li>• Oopruimte-stelsels en</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sentrale sakebuurte</li> <li>• Gemengde-gebruik-kommersiële en residensiële gebiede</li> <li>• Kommersiële ontwikkelings-nodusse en aktiwiteits-korridors</li> <li>• Kommersiële en sakebuurte en aanliggende strate</li> <li>• Mobiliteitsroetes</li> <li>• Vermaaklikheids-distrikte of -komplekse met kommersiële sones</li> <li>• Sportvelde en -stadions</li> <li>• Spesifieke gebiede of terreine wat as gebiede van gedeeltelike beheer aangewys is op 'n kaart wat deur die Stad saamgestel is</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nywerheidsone</li> <li>• Aangewese vervoer-terminusse</li> <li>• Treinstasies en spoorreserwes</li> <li>• Aangewese gebiede in beperktegebruiksones</li> <li>• Spesifieke gebiede of terreine wat as gebiede van minimum beheer aangewys is op 'n kaart wat deur die Stad saamgestel is</li> </ul>

		<p>ekologiese korridors ingevolge biostreeksplanne en die groen-infrastruktuur-netwerk</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Openbare oop ruimtes</li> <li>• Privaat oop ruimtes</li> <li>• Stedelike kleinhoewes</li> <li>• Gebiede van intensiewe stedelike landbou</li> <li>• Gebiede van stedelike bestaansboerdery</li> <li>• Rivierkorridors</li> <li>• Vleilande</li> <li>• Gemeenskapsfasiliteite (wat sportgeriewe en -stadions uitsluit)</li> <li>• Spesiale sakesones</li> <li>• Residensiële geboue</li> <li>• Angewese verkeersweë</li> <li>• Spesifieke gebiede of terreine wat as stedelike gebiede van maksimum beheer aangewys is op 'n kaart wat die Stad saamgestel het</li> </ul>		
--	--	--	--	--



**BYLAE 2****DERDEPARTYREKLAMEBORDE, EN DERDEPARTY- LOSSTAANDE ADVERTENSIE TEKENS VAN TOT 3 M<sup>2</sup>**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en/of vertoning van reklameborde groter as 4,5 m<sup>2</sup>, hetsy van 'n pasgemaakte of standaardontwerp, slegs in gebiede van minimum beheer toegelaat. Daarbenewens moet reklameborde—

1. indien die voorgestelde erf waar die reklamebord opgerig sal word aan 'n aangewese verkeersweg grens, en die geboue op die erf verder as 50 m van die padreserwelyn is, nie nader as 50 m aan die padreserwelyn geplaas word nie, welke afstand teen 'n hoek van 90° met die naaste punt van die padreserwe gemeet moet word;
  - 1.1 Hierdie afstand kan verklein word tot nie minder nie as die lyn van die openbare fasades van geboue op die erf of aanliggende erwe indien sodanige aanliggende geboue of die geboue op die erf nader as 50 m aan die padreserwe is, dog slegs by ontvangs van 'n tekenimpak- en verkeersimpakbeoordeling wat die moontlike impak van die voorgestelde vergunning aandui, tesame met aanbevelings om sodanige impak te temper.
2. aan die standaardgoedkeuringsvoorwaardes in hierdie verordening voldoen;
3. nie die grenslyn van die eiendom waarop dit opgerig word, oorskry nie, hetsy in die lug of op grondvlak;
4. 'n minimum vryhoogte van 2,4 m en 'n tekenstruktuur met 'n maksimum hoogte van 7,5 m bo die natuurlike grondvlak hê, buiten reklameborde in vertikale formaat, wat 'n maksimum hoogte van 9 m bo die natuurlike grondvlak mag hê, welke hoogtevoorskrifte laat vaar kan word onderworpe aan die volgende:
  - 4.1 Daar kan om 'n vergunning aansoek gedoen word waar 'n reklamebord voorgestel word op 'n eiendom langs 'n verhoogde stuk pad of brug.
  - 4.2 Sodanige vergunningsaansoek kan toestemming vra om die meterhoogtes hier bo so te verhoog dat die vryhoogte van die teken nie verder as 1 m uitsteek bo die bopunt van 'n keermuur of ander voetganger- of voertuigkeertoestel wat langs die verhoogde ryvlak of brug geïnstalleer is nie, welke afstand gemeet moet word op die punt van die ryvlak naaste aan die teken.
  - 4.3 Die hoër hoogtes mag nie die onderskeidelike meterhoogtes hier bo met meer as 5 m oorskry nie, en sodanige reklameborde mag slegs in horisontale formaat vertoon word.
  - 4.4 Die vergunningsaansoek moet gemotiveer word met 'n topografiese opmeting en grafiese twee- en driedimensionele skaaltekening wat die behoefte aan die hoogtevergunning toon.
5. nie 'n maksimum totale grootte van 36 m<sup>2</sup> oorskry nie, op voorwaarde dat twee sodanige panele toegelaat kan word op enige V-vormige of rug-aan-rug-enkelstruktuur. Die grootte van reklameborde wat uitkyk op paaie met 'n snelheidsgrens van 120 km/h kan egter verhoog word tot twee panele van 81 m<sup>2</sup> elk, hetsy V-vormig of rug aan rug, en mag slegs in horisontale formaat vertoon word en ekstern verlig wees, en mag nie 'n maksimum hoogte van 10 m bo die natuurlike grondvlak oorskry nie;
6. teen 'n hoek van 90° tot 60° met die rigting van aankomende verkeer vertoon word;
7. 'n minimum afstand uit mekaar geplaas word soos wat die padverkeersveiligheidsvereistes in artikel 8(5)(r) en (s) van hierdie verordening bepaal;
8. indien dit intern verlig of elektronies is, hoogstens 36 m<sup>2</sup> groot wees, op voorwaarde dat twee sulke panele van 36 m<sup>2</sup> elk op enige V-vormige of rug-aan-rug-enkelstruktuur

toegelaat kan word, mits beoordelings van die impak op pad- en verkeersveiligheid, erfenishulpbronne en die omgewing, wat deur toepaslik gekwalifiseerde persone of praktisyne onderneem is, geen nadelige impak toon nie;

9. waar dit naby enige padkruising, by kruisings met of sonder verkeersligte, of naby 'n voetganger geleë is, nie nader as 50 m aan die buitengrens van die verkeerskruising of voetganger opgerig of vertoon word indien die reklamebord onverlig is nie, en nie nader as 80 m aan die buitengrens van die verkeerskruising of voetganger indien die reklamebord verlig is nie; en
10. wat aan die regterkant van 'n stuk pad opgerig word sodat die grafika daarop sigbaar is vir bestuurders wat aan die linkerkant van die pad beweeg, beskou word asof dit die reklamegeleentheid wat aan die linkerkant van die pad bestaan het, vervang.

#### **DERDEPARTY- LOSSTAANDE TEKENS VAN TOT 3 M<sup>2</sup>**

11. Derdeparty- losstaande tekens van tot 3 m<sup>2</sup> kan toegelaat word by winkelsentrums en diensstasies in stedelike gebiede van maksimum, gedeeltelike en minimum beheer. Daarbenewens moet derdeparty- losstaande tekens van tot 3 m<sup>2</sup>—
  - 11.1 in die parkeervoorplein van 'n winkelsentrum of die voorplein van 'n diensstasie geleë wees, mits die tekens op kliënte op die perseel gerig is en die grafika daarop nie sigbaar is—
    - (a) vanaf die aanliggende straat nie;
    - (b) vanaf residensiële persele in die omgewing nie;
    - (c) vir verkeer op aangrensende/aanliggende strate nie; en
    - (d) vir motoriste wat die winkelsentrum- of diensstasieperseel binnekom of verlaat nie;
  - 11.2 nie die grenslyn van die eiendom waarop dit opgerig is, oorskry nie, hetsy in die lug of op grondvlak;
  - 11.3 nie 'n hindernis wees of 'n gevaar vir enige persoon se veiligheid inhou nie;
  - 11.4 'n vryhoogte van 2,4 m hê indien dit oor enige gebied aangebring word wat deur voetgangers gebruik word, en nie 'n maksimum totale hoogte van 4 m bo die natuurlike grondvlak oorskry nie.
12. Derdeparty- losstaande tekens van tot 3 m<sup>2</sup> kan intern verlig of elektronies wees, maar mag nie visuele of ligbesoedeling veroorsaak nie.
13. Derdeparty- losstaande tekens van tot 3 m<sup>2</sup> kan 'n enkelkant-, dubbelkant-, V-vormige of driekant-enkelstruktuur wees. Daarbenewens—
  - (a) sal slegs een sodanige teken by 'n diensstasie toegelaat word; en
  - (b) waar verskeie derdeparty- losstaande tekens met 'n gesamentlike totale reklameoppervlakte van meer as 36 m<sup>2</sup> by winkelsentrums voorgestel word, moet 'n meesterplan ingevolge artikel 5(10) ingedien word.

**BYLAE 3****PLEKGEBONDE LOSSTAANDE EN LOSSTAANDE SAAMGESTELDE ADVERTENSIE TEKENS, PLEKGEBONDE PLAASTEKENS EN DIENSSTASIE TEKENS**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van plekgebonde losstaande tekens, losstaande saamgestelde tekens en diensstasietekens toegelaat in stedelike gebiede van maksimum, gedeeltelike en minimum beheer.

1. Plekgebonde plaastekens en bewaringsfasiliteitstekens word in natuur- en landelike gebiede van maksimum beheer toegelaat.

1.1 In geval van plaas- en bewaringsfasiliteitstekens—

- (i) kan ingangshekke, hekstrukture of grensmure oorweeg word vir die vertoning van plekgebonde baniere of vlae, of as oppervlak waarop tekenpanele vasgeheg, aangebring of gevef kan word.
- (ii) sal pasgemaakte reklame op toestelle soos wynvate en plaasimmente toegelaat word.

2. Plekgebonde losstaande tekens en losstaande saamgestelde tekens word slegs by die ingang van 'n eiendom toegelaat—

- (i) waar die geboue 15 m of verder van die grens van die padreserwe teruggeset is;
- (ii) waar dit nie redelikerwys moontlik is om gepaste tekens op 'n gebou aan te bring nie; en
- (iii) waar 'n losstaande saamgestelde teken die vermenigvuldiging van tekens sal voorkom;

op voorwaarde dat waar daar meer as een ingang per perseel is, slegs een teken per straatfront toegelaat sal word.

3. Plekgebonde losstaande en losstaande saamgestelde tekens, plekgebonde plaastekens en bewaringsfasiliteitstekens mag nie 7,5 m in hoogte en 4,5 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie. 'n Vergunning vir 'n maksimum hoogte van 10 m en 'n maksimum totale oppervlakte van 15 m<sup>2</sup> per kant kan toegestaan word met inagneming van die volgende faktore:

- (i) Of sodanige vergunning die getal individuele tekens wat op enige straatgrens van die terrein uitkyk, sal verminder en sodoende die visuele impak op die omliggende omgewing sal beperk;
- (ii) Die getal ondernemings en plaas- of bewaringsfasiliteitsaktiwiteite wat op sodanige tekens geadverteer sal word;
- (iii) Die getal toegang-/uitgangsroetes na/van die betrokke terrein; en
- (iv) Die grondgebruik van die gebied rondom die betrokke terrein.

4. Losstaande mastekens by diensstasies moet plekgebonde wees en mag slegs opgerig of vertoon word by diensstasies langs en direk toeganklik vanaf die openbare pad waarop sodanige tekens afgestem is, en slegs een losstaande diensstasiefasiliteitsteken sal per straatgrens toegelaat word. 'n Vergunning in hierdie verband kan slegs toegestaan word waar hierdie tekens vanaf die aangewese N1-, N2- en N7-verkeersweë sigbaar is.

5. Losstaande mastekens by diensstasies mag nie 7,5 m in hoogte oorskry en uit meer as agt advertensiepanele van 4,5 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte per kant bestaan nie. 'n Vergunning vir 'n maksimum hoogte van 16 m en agt advertensiepanele van 6 m<sup>2</sup> elk in totale oppervlakte per kant kan toegestaan word met inagneming van die faktore in klousule 3

hier bo. Losstaande mastekens by diensstasies kan intern verlig of elektronies wees, onderworpe aan die vereistes van artikel 8(4)(h).

6. Die inhoud wat op die elektroniese skerm van 'n losstaande plekgebonde diensstasiemasteken vertoon word, mag nie van kleurkombinasies gebruik maak op 'n manier wat na die padowerheid se mening waarskynlik verwarring by padgebruikers sal veroorsaak of 'n gevaar vir padverkeersveiligheid sal inhou nie.

**BYLAE 4****PLAT, UITSTEK-, GEPROJekteERDE EN VENSTERADVERTENSIEtekENS**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van plat, uitsteek-, geprojekteerde en venstertekens toegelaat in alle gebiede van maksimum, gedeeltelike of minimum beheer.

1. Die Stad sal nie enige derdepartytekens op enige residensiële gebou goedkeur nie, buiten waar hierdie verordening uitdruklik daarvoor voorsiening maak.

**Plat en uitsteektekens**

2. Plekgebonde en derdeparty- plat en uitsteektekens moet—
  - 2.1 nie nader as 0,6 m aan die kant van 'n ryvlak opgerig word nie;
  - 2.2 nie verder as 1,5 m voor 'n muur uitsteek in geval van 'n teken met 'n vryhoogte van meer as 7,5 m, of verder as 1 m in geval van enige kleiner vryhoogte nie;
  - 2.3 nie verder as 250 mm oor 'n looppad uitsteek nie, tensy sodanige teken 'n vryhoogte van meer as 2,4 m het;
  - 2.4 nie die uitsig vanuit enige venster of enige ander buite-Opening van enige gebou versper nie, en geen gedeelte van enige teken mag oor, voor of op enige venster, deur of enige ander opening of boukundige kenmerke aangebring word nie;
  - 2.5 nie oor die posisie van bestaande of verseëlde vensters of openinge opgerig word waar die verseëling of bedekking geen ander doel het as om 'n teken te vertoon nie;
  - 2.6 nie bo die bopunt van enige muur of 'n gebou, of verby enige kant van enige muur van 'n gebou waaraan dit vasgeheg is, uitsteek nie;
  - 2.7 nie op 'n fopgebou vertoon word wat geen ander doel het as om 'n teken te vertoon en wat op sigself 'n reklamestruktuur uitmaak nie; en
  - 2.8 so ontwerp word dat dit 'n integrale deel van die gebouontwerp uitmaak.
3. Die Stad kan aansoeke om tekens op die hysermasjienkamer-, hyserskag-, diensteblok- of parkeervlakgedeeltes van nieresidensiële geboue oorweeg.
4. Die Stad kan aansoeke om plekgebonde gebouname op nieresidensiële en residensiële geboue oorweeg, welke tekens nie elektronies mag wees nie.
5. Plat en uitsteek- plekgebonde en derdepartytekens mag nie 54 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte of 'n kwart van die oppervlakte van die totale area waarop dit aangebring of gevef is, oorskry nie, wat ook al die kleinste is. Vergunnings in hierdie verband kan toegestaan word op die volgende voorwaardes:
  - 5.1 'n Tekenimpakbeoordeling moet by die Stad ingedien word wat hetsy geen nadelige omgewingsimpak toon nie, of temperingsmaatreëls aanbeveel om enige moontlike negatiewe impak te beperk.
  - 5.2 Indien die oprigting van 'n plat of uitsteekteken in 'n erfenisbeskermings-oorlegsonse voorgestel word, moet 'n erfenishulpbronnebeoordeling ingedien word wat hetsy geen nadelige impak toon nie, of temperingsmaatreëls aanbeveel om enige moontlike negatiewe impak te beperk.
  - 5.3 Buiten elektroniese tekens, moet die grafika wat vir die genoemde teken voorgestel word die hele goedkeuringstydperk deur dieselfde bly.
6. Die Stad kan aansoeke oorweeg om plekgebonde en derdeparty- intern verligte en elektroniese tekens tot 'n maksimum grootte van 4,5 m<sup>2</sup> of 'n kwart van die oppervlakte

van die totale area waarop dit aangebly is, wat ook al die kleinste is. Groottevergunninge kan toegestaan word onderworpe aan die vereistes in artikel 8(4)(h).

#### **Nie-elektroniese tekens**

7. Die Stad kan aansoek oorweeg om plekgebonde en derdepartytekens op die blinde gemeenskaplikegrensfasades van—
  - (a) nieresidensiële geboue; en
  - (b) multigebruikgeboue, maar slegs waar sodanige tekens aan die buitekant van die nieresidensiële vlakke geplaas word.
8. Die Stad kan aansoek oorweeg om plekgebonde en derdepartytekens op die openbare fasades van—
  - (a) nieresidensiële geboue; en
  - (b) multigebruikgeboue, maar slegs waar sodanige tekens aan die buitekant van die nieresidensiële vlakke geplaas word; en

in geval van derdepartytekens, moet die tekens wat op die fasades van geboue in kousule 8(a) en (b) opgerig word 'n pasgemaakte ontwerp hê en dus uitsluitlik vir oprigting op daardie spesifieke plek ontwerp en gemaak word, en moet dit ten minste een van die volgende elemente bevat:

- (i) spesiale effekte soos gespesialiseerde karaktersnymodelle, maar nie LED-strookligte waar dít die enigste spesiale effek is nie;
- (ii) gespesialiseerde karaktervorms;
- (iii) driedimensionele aanbiedings; of
- (iv) bewegende dele.

#### **Elektroniese tekens**

9. Onderworpe aan die vereistes van artikel 8(4)(h), kan die Stad aansoek oorweeg om plekgebonde en derdeparty- elektroniese tekens op die blinde gemeenskaplikegrensfasades van—
  - (a) nieresidensiële geboue; en
  - (b) multigebruikgeboue, maar slegs waar sodanige tekens aan die buitekant van die nieresidensiële vlakke geplaas word.
10. Onderworpe aan die vereistes van artikel 8(4)(h), kan die Stad aansoek oorweeg om plekgebonde en derdeparty- elektroniese tekens op die openbare fasades van—
  - (a) nieresidensiële geboue; en
  - (b) multigebruikgeboue, maar slegs waar sodanige tekens aan die buitekant van die nieresidensiële vlakke geplaas word; en

in geval van derdepartytekens, moet die tekens in die vorm wees van 'n unieke kenmerk teen die fasade of muur van die geboue waar dit opgerig word, en moet die ontwerp van die raam een of meer van die volgende ontwerpelemente bevat—

- (i) uniek ontwerpte bekleding rondom die raam wat by die ontwerp van die gebouaansig of by die boukundige kenmerke van die gebou pas;
- (ii) 'n patroon wat hetsy op die raam gedruk of uitgesny is;
- (iii) 'n kunstige kenmerk langs of om die skermoppervlak, maar wat op sy eie staan en nie deel uitmaak van die reklame-inhoud nie; of
- (iv) interne of agtergrondverligting.

### **Geprojekteerde tekens**

11. Plekgebonde en derdeparty- geprojekteerde tekens kan vir goedkeuring oorweeg word op die blinde gemeenskaplikegrensfasades van nieresidensiële geboue en multigebruikgeboue, maar slegs waar sodanige tekens aan die buitekant van die nieresidensiële vlakke aangebring word. Die volgende voorwaardes is van toepassing:
  - (a) Plekgebonde en derdeparty- geprojekteerde tekens mag nie 54 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte of 'n kwart van die oppervlakte van die totale area waarop dit geprojekteer word, oorskry nie, wat ook al die kleinste is. Vergunnings in hierdie verband kan toegestaan word onderworpe aan klousule 5.1 tot 5.3 van hierdie bylae.
  - (b) Die grafiese inhoud mag nie 15 inligtingsbrokkies in totaal oorskry nie, wat vertolk moet word ingevolge artikel 8(5)(t) en die gepaardgaande tabel 4.
  - (c) Die grafika moet die hele goedkeuringstydperk deur dieselfde bly.
  - (d) Die voorgestelde grafika mag nie enige animasie, veelvuldige grafika, bewegende kenmerke of enige ander spesiale effekte of inhoud bevat wat artikel 8(4)(j) verbied nie, tensy 'n vrystelling ingevolge artikel 8(4)(j)(ii) toegestaan word.
12. Geprojekteerde tekens mag geprojekteer word oor vensters op die openbare fasades van nieresidensiële geboue en multigebruikgeboue, maar slegs indien dit aan die buitekant van nieresidensiële vlakke verskyn en met tydelike internasionale, nasionale of plaaslike sport- of kuns-en-kultuurgeleenthede verband hou, op voorwaarde dat—
  - (a) geprojekteerde tekens slegs vir die duur van die geleentheid by die geleentheidslokaal vertoon mag word; en
  - (b) die Stad die goedkeuring van veelvuldige statiese grafika kan oorweeg, maar dat geprojekteerde tekens nie enige animasie, bewegende kenmerke of enige ander spesiale effekte of inhoud mag bevat wat artikel 8(4)(j) verbied nie, tensy 'n vrystelling ingevolge artikel 8(4)(j)(i) toegestaan word.
13. Geprojekteerde tekens op Stadsgrond, -geboue en -infrastruktuur kan vir tydelike geleenthede van liggame sonder winsoogmerk of tydelike gemeenskaps-, kulturele of sportverwante geleenthede toegelaat word, gedurende die ure wat die geleentheid oop is vir die publiek, en moet daagliks afgeskakel word wanneer die geleentheid sluit, op voorwaarde dat—
  - (a) geprojekteerde tekens slegs vir die duur van die geleentheid by die geleentheidslokaal vertoon mag word, en oor vensters geprojekteer mag word; en

- (b) die Stad die goedkeuring van veelvuldige statiese grafika kan oorweeg, maar dat geprojekteerde tekens nie enige animasie, bewegende kenmerke of enige ander spesiale effekte of inhoud mag bevat wat artikel 8(4)(j) verbied nie, tensy 'n vrystelling ingevolge artikel 8(4)(j)(i) toegestaan word.

#### **Venstertekens**

- 14. Venstertekens op 'n winkelfront of sake-, kommersiële, kantoor-, nywerheids- of vermaaklikheidseenheid wat groter is as die perke waarvoor artikel 12(7)(a)(iv) en (v) voorsiening maak, of wat op 'n eenheid tussen die eerste en vierde verdieping van 'n gebou verskyn, kan in alle beheergebiede toegelaat word, op voorwaarde dat die venstertekens—
  - (a) plekgebonde tekens is en beperk is tot die vensters van die eenheid wat beset word deur die onderneming waarop die plekgebonde reklame betrekking het;
  - (b) nie oor vensterrame, -style, -kalwe of -lateie mag strek nie;
  - (c) nie op of oor die mure van die gebouvlak waarin die vensters geplaas is, mag strek nie;
  - (d) dalk as individuele letterskilder-elemente ontwerp of op 'n deursigtige materiaal vertoon moet word ter wille van estetika, erfenis of natuurlike lig in die eenheid;
  - (e) indien dit tussen die eerste en vierde verdieping van 'n gebou vertoon word, nie 25% van die glasoppervlakte of 54 m<sup>2</sup> in totaal mag oorskry nie, wat ook al die kleinste is;
  - (f) nie hoër as die vierde verdieping van enige gebou vertoon mag word nie; en
  - (g) indien dit verskyn op vensters wat glasbekleding is, of wat die buitemure uitmaak van 'n fasade van glas, en waar sodanige glas as 'n glasmuur beskou word, die Stad die tekens ingevolge die bepalings vir plat, uitsteek- en geprojekteerde tekens sal oorweeg, en nie as venstertekens nie.



**BYLAE 5****KIMTEKENS**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van kimtekens, hetsy van 'n pasgemaakte of standaardontwerp, slegs in gebiede van minimum beheer toegelaat. Daarbenewens is die volgende van toepassing:

1. Kimtekens moet—
  - (a) beperk wees tot 'n maksimum totale grootte van 4,5 m<sup>2</sup>, op voorwaarde dat 'n vergunning vir 'n maksimum grootte van 18 m<sup>2</sup> per paneel toegestaan kan word by ontvangs van 'n tekenimpakbeoordeling wat geen nadelige omgewings-impak identifiseer nie, en wat temperingsmaatreëls aanbeveel om enige ander moontlike impak te beperk. Sodanige teken kan 'n enkelkant-, dubbelkant- of V-vormige struktuur wees;
  - (b) nie die uitsig vanaf enige ander gebou versper nie; en
  - (c) hetsy onverlig, intern of ekstern verlig of elektronies wees.

Kimtekens op die borand van die dak van geboue van kulturele, historiese of boukundige belang sal slegs toegelaat word indien dit plekgebonde, onverlig en nie-elektronies is en uit individuele uitsnyletters of -logo's bestaan.

**BYLAE 6****PLEKGEBONDE DAKTEKENS**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van plekgebonde daktekens in alle stedelike beheergebiede toegelaat, buiten in residensiële sones in gebiede van maksimum beheer. Daarbenewens is die volgende van toepassing:

1. Daktekens groter as 4,5 m<sup>2</sup> kan gelyk met die dak van 'n gebou aangebring of daarop gevef word en mag nie 25% van die totale oppervlakte van die dak waarop dit aangebring of gevef is, oorskry nie.
2. Indien dit aan die onderrand van 'n dak vasgeheg word, of halfpad op teen die dak, mag sodanige teken nie hoër wees as 1 m nie, en mag die totale oppervlakte van die teken nie 25% van die oppervlakte waarop dit aangebring is, oorskry nie.
3. Dit is toelaatbaar om 'n dakteken op die rand van 'n geboudak aan te bring indien sodanige teken uit 'n enkele ry individuele uitsnyletters bestaan, sonder sigbare span- of steunstukke, maar sodanige teken mag nie—
  - (a) op meer as twee rante van sodanige dak aangebring word nie;
  - (b) 3,6 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie; en
  - (c) 'n maksimum hoogte van 1 m oorskry nie.

**BYLAE 7****ADVERTENSIETEKENS OP 'N VERANDA, BALKON, AFDAK, STEUNKOLOMME, PILARE EN PALE**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, kan die oprigting en vertoning van tekens op 'n veranda, balkon, afdak, steunkolomme, pilare en pale in alle beheergebiede toegelaat word, mits sodanige tekens aan die volgende voorwaardes voldoen:

1. Tekens op of oor boukundige kenmerke van geboue is verbode.
2. Tekens kan plat aangebring word teen, of geverf word op, 'n borsweringmuur, balustrade of reling van 'n veranda, balkon of afdak, en die balk of fassieplank van 'n veranda, balkon of afdak, en mag nie—
  - (a) 1 m in hoogte oorskry nie;
  - (b) uitsteek bo, onder of verby enige punt van die oppervlak waarop dit aangebring is nie;
  - (c) verder as 250 mm uitsteek voor die oppervlak waarop dit aangebring is nie;
  - (d) oor 'n ryvlak uitsteek nie; of
  - (e) nader as 0,6 m aan die rand van 'n ryvlak wees nie.
3. Tekens kan plat aangebring word teen, of geverf word op, steunkolomme, pilare en pale van geboue. Geen teken mag verder as 50 mm uitsteek voor die oppervlak waarop dit aangebring is nie, en mag nie verby enige van die verste punte van sodanige kolomme, pilare of pale strek nie. Tekens wat plat op niereghoekige steunstrukture aangebring word, moet gerond wees om by die vorm van sodanige strukture te pas. Slegs een teken word per kolom, pilaar of paal toegelaat.
4. Tekens wat onder die dak van 'n veranda, afdak of die vloer van 'n balkon gehang word, mag nie 1,8 m in lengte of 600 mm in hoogte oorskry nie. Elke sodanige teken moet hetsy parallel of reghoekig met die boulyn wees. Sodanige teken mag nie verby die buiterand van die veranda, afdak of balkon waaraan dit vasgeheg is, strek nie, en moet 'n vryhoogte van 2,4 m hê.
5. Tekens op die dak van 'n veranda, afdak of balkon, wat die hoofdak van 'n gebou uitsluit—
  - (a) moet uit 'n enkele ry losstaande, individuele uitsnylilhoeëtletters bestaan, sonder sigbare spanstukke of ander sigbare steunmiddele;
  - (b) mag nie op meer as twee rande van sodanige dak van 'n veranda, balkon of afdak opgerig word nie; en
  - (c) mag nie 1 m in hoogte oorskry nie.

**BYLAE 8****ADVERTENSIE TEKENS OP GRENSMURE EN -HEININGS, BOUTERREINTEKENS EN ONTWIKKELINGSBORDE****1. Plekgebonde tekens op grensmure en -heinings**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van tekens op grensmure en -heinings slegs vir plekgebonde reklame in stedelike gebiede van maksimum, gedeeltelike of minimum beheer toegelaat. Daarbenewens is die volgende van toepassing:

- 1.1 In gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer kan die Stad goedkeuring verleen vir—
- (a) aansoeke om die oprigting van plekgebonde tekens van tot 3 m<sup>2</sup> elk teen 'n grensmuur, welke tekens gesamentlik nie 10% van die sigbare totale oppervlakte van die grensmuur waarteen dit aangebring word, oorskry nie, mits die genoemde tekens—
    - (i) as plat tekens teen sodanige muur vertoon word; of
    - (ii) uit individuele uitsnyletters of -simbole bestaan wat plat teen die muur aangebring word; en
    - (iii) nie verder as 50 mm van die oppervlak van die muur uitsteek nie;
  - (b) aansoeke om die oprigting van plekgebonde tekens groter as 3 m<sup>2</sup> elk teen 'n grensmuur, welke tekens gesamentlik nie 10% van die sigbare totale oppervlakte van die grensmuur waarteen dit aangebring word, oorskry nie, mits die genoemde tekens—
    - (i) in die muur versonke is of bestaan uit individuele uitsnyletters of -simbole; of
    - (ii) plat teen die muur aangebring word en nie verder as 50 mm van die oppervlak van sodanige muur uitsteek nie;
  - (c) sodanige tekens, mits 'n strook van minstens 300 mm aan die bo- en syrande van die muur- of heiningoppervlak oopgelaat word;
  - (d) sodanige tekens indien dit ekstern verlig is of uit individuele uitsnyletters bestaan, wat met halo-ligte verlig kan word.
- 1.2 In gebiede van minimum beheer kan die Stad goedkeuring verleen vir—
- (a) aansoeke om die oprigting van plekgebonde tekens met 'n maksimum totale reklameoppervlakte van hoogstens 25% van die sigbare totale oppervlakte van die grensmuur waarteen dit aangebring word, mits—
    - (i) die tekens as plat of gevefde tekens vertoon word of uit individuele uitsnyletters of -simbole bestaan;
    - (ii) die tekens plat teen sodanige muur aangebring word en nie verder as 50 mm van die oppervlak van die muur waarop dit aangebring of gevef word, uitsteek nie; en
    - (iii) 'n strook van minstens 300 mm aan die bo- en syrande van die muur- of heiningoppervlak oopgelaat word;
  - (b) sodanige tekens indien dit ekstern verlig is of uit individuele uitsnyletters bestaan, wat met halo-ligte verlig kan word;

- (c) onverligte plekgebonde plat tekens met 'n maksimum grootte van 1 m<sup>2</sup> teen die permanente heining van 'n erf, welke tekens gesamentlik nie 25% van die sigbare totale oppervlakte van die heining oorskry nie. Die aansoeker moet die struktuurstabyliteit en windlasvermoë van die heining tot bevrediging van die Stad bepaal.

## 2. Bouterreintekens

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van derdeparty- en plekgebonde reklame op bouterreintekens in alle beheergebiede toegelaat.

2.1 Plekgebonde en derdepartyreklame op bouterreinafskortings moet aan die volgende voorwaardes voldoen—

- (a) Geen enkele teken mag 'n hoogte van 3 m en 'n totale oppervlakte van 18 m<sup>2</sup> oorskry nie, en 'n herhaling van dieselfde grafiese en prentevoorstellings met leë ruimtes tussenin kan toegelaat word, mits die tersaaklike padowerheid dit skriftelik ondersteun.
- (b) Geen sodanige teken mag verder as 100 mm uitsteek voor die afskorting waarteen dit aangebring is nie.
- (c) Geen verligting van sodanige tekens word in gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer toegelaat nie.
- (d) Reklame op bouterreinafskortings is verbode agter 'n verkeersligkruising waar sodanige reklame binne motoriste se sigdriehoek val.
- (e) Sodanige tekens word slegs toegelaat indien die bouterreinafskortings om regs-, veiligheids- of konstruksieredes vereis word, en nie uitsluitlik of hoofsaaklik vir die doel van reklame opgerig word nie.
- (f) Benewens enige sertifikaat wat met betrekking tot struktuurveiligheid vereis word, kan die Stad ook vereis dat die aansoeker afskrifte van enige bykomende permitte ingevolge enige tersaaklike wetgewing voorlê.
- (g) Die Stad kan vereis dat die aansoeker 'n geskatte projektydlyn of -program voorlê wat die projek- of konstruksieaanvangs- en -voltooiingsdatum aandui.
- (h) Reklame op bouterreinafskortings mag eers een week voor die aanvang van bouwerk op die terrein opgerig word, en moet binne 'n week na die voltooiingsdatum verwyder word.

2.2 Plekgebonde en derdepartyreklame op hysplatforms, wat 'n veilige werksomgewing bied vir diegene wat op 'n hoogte moet werk, sowel as reklame op steierwerk en op die maassif en omhulsels van steierwerk, moet aan die volgende voorwaardes voldoen—

- (a)(i) Slegs een teken met 'n maksimum totale reklameoppervlakte van 54 m<sup>2</sup> mag per straatfront vertoon word.
- (ii) Die vertoning van 'n kunswerk wat nie met die teken of met 'n afbeelding van die argitekvoorstelling van die ontwikkeling verband hou nie, kan toegelaat word.
- (iii) Geen verligting word in gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer toegelaat nie.
- (iv) Sodanige tekens word slegs toegelaat indien die hysplatforms, die steierwerk en die maassif en omhulsel van die steierwerk om regs-,

veiligheids- of konstruksieredes vereis word, en nie uitsluitlik of hoofsaaklik vir die doel van reklame opgerig word nie.

- (b) Benewens enige sertifikaat wat met betrekking tot struktuurveiligheid vereis word, kan die Stad ook vereis dat die aansoeker afskrifte van enige bykomende permitte ingevolge enige tersaaklike wetgewing voorlê.
- (c) Die Stad kan vereis dat die aansoeker 'n geskatte projektydlyn of -program voorlê wat die projek- of konstruksieaanvangs- en -voltooiingsdatum aandui.
- (d) Reklame op hysplatforms, steierwerk en die maassif en omhulsel van steierwerk mag eers een week voor die aanvang van bouwerk op die terrein opgerig word, en moet binne 'n week na die voltooiingsdatum verwyder word.

2.3 Losstaande plekgebonde bouterreintekens moet aan die volgende voorwaardes voldoen—

- (a) In gebiede van maksimum beheer mag die totale grootte van die teken nie 4,5 m<sup>2</sup> oorskry nie.
- (b) In gebiede van gedeeltelike beheer mag die totale grootte van die teken nie 9 m<sup>2</sup> oorskry nie.
- (c) In gebiede van minimum beheer mag die totale grootte van die teken nie 18 m<sup>2</sup> oorskry nie.
- (d) Sodanige teken mag nie 'n totale hoogte van 5,5 m oorskry nie.
- (e) Slegs een teken mag per straatfront vertoon word.
- (f) In gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer mag sodanige tekens nie verlig wees nie.
- (g) Sodanige tekens mag nie enige inligting buiten die naam en kontakbesonderhede van die konstruksie maatskappy bevat nie.
- (h) Die Stad kan vereis dat die aansoeker 'n geskatte projektydlyn of -program voorlê wat die projek- of konstruksieaanvangs- en -voltooiingsdatum aandui.
- (i) Reklame op bouterreintekens mag eers een week voor die aanvang van bouwerk op die terrein opgerig word, en moet binne 'n week na die voltooiingsdatum verwyder word.

### 3. Ontwikkelingsborde

3.1 Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, sal die oprigting en vertoning van ontwikkelingsborde buiten dié waarna artikel 12(4) verwys, toegelaat word op die terrein ten opsigte waarvan 'n bou- of terreinontwikkelingsplan vir 'n voorgestelde ontwikkeling goedgekeur is. Daarbenewens is die volgende van toepassing—

- (a) Indien die terrein waarop boubedrywighede aan die gang is in 'n gebied van maksimum beheer geleë is en nie uitsluitlik vir residensiële doeleindes gebruik sal word nie, mag slegs een ontwikkelingsbord per straatfront vertoon word, welke ontwikkelingsbord—
  - (i) nie 6 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte mag oorskry nie;
  - (ii) nie 5,5 m in totale hoogte mag oorskry nie; en

- (iii) 'n vryhoogte van 2,1 m moet hê.
  - (b) Indien die terrein waarop boubedrywighede aan die gang is in 'n gebied van gedeeltelike beheer geleë is en nie uitsluitlik vir residensiële doeleindes gebruik sal word nie, mag slegs een ontwikkelingsbord per straatfront vertoon word, welke ontwikkelingsbord—
    - (i) nie 18 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte mag oorskry nie;
    - (ii) nie 5,5 m in totale hoogte mag oorskry nie; en
    - (iii) 'n vryhoogte van 2,1 m moet hê.
  - (c) Indien die terrein waarop boubedrywighede aan die gang is in gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer geleë is, uitsluitlik vir residensiële doeleindes gebruik sal word, en met 'n nuwe ontwikkeling van drie of meer residensiële wooneenhede verband hou, kan 'n ontwikkelingsbord van tot 18 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte en 5,5 m in totale hoogte oorweeg word, en is die getal borde beperk tot een per straatfront, met inagneming van—
    - (i) die grootte van die ontwikkeling;
    - (ii) die getal ingange van die terrein wat ontwikkel word; en
    - (iii) die visuele impak op die omliggende omgewing.
  - (d) Indien die terrein waarop boubedrywighede aan die gang is in 'n gebied van minimum beheer geleë is, mag sodanige ontwikkelingsbord nie 36 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte en 7,5 m in totale hoogte oorskry nie, en—
    - (i) moet dit 'n vryhoogte van 2,4 m hê; en
    - (ii) mag twee ontwikkelingsborde, een per straatfront, op 'n perseel vertoon word.
  - (e) Ontwikkelingsborde mag nie langer as drie maande voor die aanvang van die ontwikkeling opgerig word nie.
  - (f) As deel van die aansoek om 'n ontwikkelingsbord, moet die aansoeker 'n geskatte projektydlyn of -program indien wat die projekaanvangs- en -voltooiingsdatum aandui.
  - (g) Ontwikkelingsborde moet onverlig wees en mag nie weerkaats nie.
  - (h) Ontwikkelingsborde mag slegs die volgende inligting vertoon:
    - (i) Die naam en kontakbesonderhede van die ontwikkelaar, finansiële diensteverskaffer of eiendomsbemarkingsagent;
    - (ii) 'n Prentevoorstelling van die voorgestelde ontwikkeling;
    - (iii) 'n Beskrywing van die voorgestelde ontwikkeling;
    - (iv) Die woorde 'Te koop', 'Te huur', 'Nou te koop', 'Verkoop', 'Word binnekort bekend gestel', 'Kom binnekort', 'Nuwe ontwikkeling' of 'Herontwikkeling'; en
    - (v) Enige prysinligting.
- 3.2 Die Stad kan voldoeningskennisgewings uitreik vir die verwydering van enige ontwikkelingsborde indien die boubedrywighede wesenlik voltooi is of gestaak word, of wanneer die Stad 'n okupasiesertifikaat uitreik, en sodanige tekens moet verwyder word binne die tydperk wat sodanige kennisgewings aandui.

**BYLAE 9****KOERANTOPSKRIFPLAKKATE**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van koerantopskrifplakkate toegelaat in alle stedelike beheergebiede en op aangewese toegelate roetes in natuur- en landelike gebiede van maksimum beheer. Daarbenewens is die volgende van toepassing:

1. Elke koerantgroep moet jaarliks aansoek doen om toestemming om sodanige koerantopskrifplakkate op Stadsgrond te vertoon, onderworpe aan 'n jaarlikse registrasiefooi ingevolge die Stad se goedgekeurde tariewe en heffings wat van tyd tot tyd gepubliseer word.
2. Slegs koerantopskrifplakkate vir koerante wat daagliks of weekliks te koop is, mag teen die Stad se elektriese straatlamppale vertoon word.
3. In die oorweging van 'n aansoek kan die Stad die getal plakkate op aangewese roetes beperk om die vermenigvuldiging van koerantopskrifplakkate te verhoed. Die Stad kan hierdie getalle van tyd tot tyd hersien.
4. Die inhoud van koerantopskrifplakkate wat op Stadseiendom vertoon word, is beperk tot opskrifte, berigte of hoofberigte wat op 'n bepaalde dag in die koerante verskyn, en geen derdepartyreklame-inhoud word toegelaat nie.
5. Koerantopskrifplakkate mag nie as of vir plakkate vir tydelike veldtogte en geleenthede gebruik word nie.
6. Koerantopskrifplakkate mag nie 0,9 m x 0,6 m in grootte oorskry nie.
7. Koerantopskrifplakkate mag nie teen die Stad se elektriese straatlamppale vasgeplak word nie, maar moet op bord gemonteer en stewig met sterk tou of plastiekbande vasgebind word.
8. Die kommersiële inhoud van die koerantopskrifplakkaat mag nie 20% van die oppervlakte van die plakkaat oorskry nie, en sodanige kommersiële letters mag nie groter wees as die letters wat grotendeels op die res van die plakkaat gebruik word nie.
9. Koerantopskrifplakkate mag nie aangebring word teen verkeersligpale, ander pale met padverkeerstekens op, of pale wat vir enige ander doel opgerig is buiten die Stad se elektriese straatlamppale soos in klousule 7 hier bo, of teen enige ander straatmeubels, mure, heinings, bome, rotse of ander natuurkenmerke op Stadseiendom nie.
10. Slegs een koerantopskrifplakkaat word per elektriese straatlamppaal van die Stad toegelaat, ongeag van watter koerantgroep.
11. Koerantopskrifplakkate en die tou of plastiekbande waarmee dit vasgebind is, moet daagliks verwyder word. Indien nie, sal die Stad of sy gemagtigde agent die plakkate en tou of bande verwyder op die onkoste van die persoon/persone wat verantwoordelik is vir die vertoning van sodanige koerantopskrifplakkate of die koerantgroep.
12. Geen koerantopskrifplakkaat mag nader as 30 m aan enige padverkeersteken of verkeerslig vertoon word nie, tensy 'n vrystelling of voorwaardelike vrystelling van sodanige afstand ingevolge artikel 7(6) in 'n aangewese gebied toegestaan word.
13. Die Stad sal die betrokke koste bepaal indien die Stad of sy gemagtigde agent koerantopskrifplakkate moet verwyder wat ongemagtig is, wat in stryd met enige



bepaling in hierdie bylae vertoon word en/of wat nie daaglik verwyder word nie. Die koste word bepaal ooreenkomstig die Stad se goedgekeurde tariewe en heffings wat van tyd tot tyd gepubliseer word, en word jaarliks hersien.

14. Die Stad of sy gemagtigde agent sal koerantopskrifplakkate verwyder wat ongemagtig is, wat in stryd met enige bepaling in hierdie bylae vertoon word en/of wat nie daaglik verwyder word nie. Benewens die verhaling van die koste verbonde aan die verwydering van hierdie koerantopskrifplakkate, kan die Stad ook die koste vir die herstel van die oppervlak waarvan hierdie koerantopskrifplakkate verwyder is, verhaal van die persoon/persone wat verantwoordelik is vir die vertoning van sodanige koerantopskrifplakkate of die koerantgroep.

**BYLAE 10****REKLAME OP VASGEBINDE BANIERE, VLAE, BALLONNE, OPBLAASTEKENS EN LAMPPAALDRAAIBANIERE**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting of vertoning van vasgebinde baniere, vlae, ballonne, opblaastekens en lamppaaldraaibanier toegelaat in alle beheergebiede buiten natuur- en landelike gebiede van maksimum beheer, en geld die Stad se standaardvoorwaardes met betrekking tot die vertoning daarvan, wat hier onder uiteengesit word.

**Vasgebinde baniere, vlae, ballonne en opblaastekens**

1. Goedkeuring vir plekgebonde reklame op vasgebinde baniere, vlae, ballonne en opblaastekens sal slegs toegestaan word vir 'n byeenkoms of geleentheid wat vir godsdienstige, opvoedkundige, maatskaplikewelsyns-, dierewelsyns-, sport-, burgerlike, kulturele of kieserregistrasiedoeleindes aangebied word, of vir partypolitieke geleenthede.
2. Goedkeuring vir vasgebinde gemeenskapsinligtingsbanier van tot 4,5 m<sup>2</sup> wat deur 'n staatsorgaan op openbare grond vertoon word en wat openbare boodskappe bevat, kan toegestaan word, mits sodanige vasgebinde banier—
  - (a) geen kommersiële reklame, kommersiële borgskap of kommersiële advertensieveldtogte bevat nie;
  - (b) indien dit losstaande is, 'n minimum vryhoogte van 2,1 m het en nie 'n maksimum totale hoogte van 4,5 m oorskry nie; en
  - (c) nie verlig is nie.
3. Slegs een plekgebonde vasgebinde reklamebanier, -vlag, -ballon of -opblaasteken per perseel word toegelaat, tensy die Stad se skriftelike toestemming vir meer as een van hierdie tekens bekom word, en die aansoeker moet die vereiste tydperk vir die oprigting van sodanige vasgebinde banier, vlag, ballon of opblaasteken skriftelik bevestig, welke tydperk nie tien dae mag oorskry nie, tensy die Stad in sy goedkeuring aandui dat 'n langer tydperk toegestaan word.
4. Vasgebinde baniere, vlae, ballonne en opblaastekens mag nie—
  - (a) op enige brug of oor enige openbare pad vertoon word nie, tensy spesifieke toestemming daarvoor van die Stad bekom word;
  - (b) so vasgebund word dat dit verbygaande voetgangers of voertuigverkeer hinder of in gevaar stel nie;
  - (c) groter wees as 4,5 m<sup>2</sup> nie, buiten met die vooraf- skriftelike goedkeuring van die Stad;
  - (d) nader as 30 m aan enige padverkeersteken of verkeerslig vertoon word nie;
  - (e) teen verkeersligpale of ander pale met padverkeerstekens op, die verdeelkaste van elektrisiteits- of diensowerhede, straatmeubels, rotse, bome, ander natuurkenmerke of ander Stadseiendom aangebring word nie;
  - (f) so aangebring word dat dit ander ondernemings of organisasies onbillik benadeel of enige goedgekeurde bestaande tekens verberg nie;
  - (g) verlig wees nie, tensy dit in 'n aangewese verligtingsarea binne die geleentheidsgebied of -lokaal geleë is; en
  - (h) op enige perseel buiten die betrokke perseel aangebring word nie, en mag nie enige sigdriehoeke by uitdraaipaaie of voertuigtoegangspunte versper nie.

**Lamppaaldraaibanier**

5. Lamppaaldraaibanier word slegs toegelaat vir byeenkomste of geleenthede wat vir godsdienstige, opvoedkundige, maatskaplikewelsyns-, dierewelsyns-, sport-, burgerlike of kulturele doeleindes aangebied word, of vir 'n byeenkoms of geleentheid met betrekking tot 'n verkiesing of referendum van die Stad, die Provinsie of die Parlement, of vir verkiesingsveldtog- of kieserregistrasiedoeleindes. Geen lamppaaldraaibanier word vir enige ander tipes byeenkomste, geleenthede of doeleindes toegelaat nie. Daarbenewens is die volgende van toepassing:
  - (a) Lamppaaldraaibanier mag nie groter wees as 1,2 m x 2,7 m nie.
  - (b) Derdepartyborger se name en logo's mag nie 5% van die banieroppervlakte oorskry nie, buiten met die vooraf- skriftelike goedkeuring van die Stad.
  - (c) Die lamppaaldraaibanier mag slegs op aangewese roetes en aangewese elektriese straatlamppale van die Stad vertoon word.
  - (d) Slegs die aangeduide tydelike draaiskarnierarms wat deur die Stad goedgekeur is, mag gebruik word om die banier te monteer.
  - (e) Lamppaaldraaibanier mag nie nader as 30 m aan enige padverkeerstekens of verkeersligte vertoon word nie.
  - (f) Die naam van die geleentheid moet groter wees as die name en logo's van die derdepartyborger.
  - (g) Lamppaaldraaibanier mag sewe dae voor die geleentheid aangebring word, of op sodanige ander tyd as wat die Stad goedkeur, en moet binne drie dae na die geleentheid verwyder word.
6. Die Stad sal die koste vir die verwydering van enige ongemagtigde vasgebinde banier, vlag, ballonne, opblaastekens en lamppaaldraaibanier, sowel as die koste vir die herstel van die oppervlak waarvan sodanige vasgebinde banier, vlag, ballonne, opblaastekens en lamppaaldraaibanier verwyder is, verhaal van die persoon/persone wat verantwoordelik is vir die vertoning van sodanige materiaal.
7. Elke persoon wat van plan is om vasgebinde banier, vlag, ballonne, opblaastekens en lamppaaldraaibanier te vertoon, moet 'n fooi per banier, vlag, ballon, opblaasteken en lamppaaldraaibanier aan die Stad betaal ooreenkomstig die Stad se goedgekeurde tariewe en heffings wat van tyd tot tyd gepubliseer word, welke fooi nieterugbetaalbaar is en sodanige persoon slegs die reg gee om die vasgebinde banier, vlag, ballonne, opblaastekens en lamppaaldraaibanier vir die tydperk in die goedkeuringsbrief te vertoon.

**BYLAE 11****PLAKKATE**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van plakkate toegelaat in alle beheergebiede buiten natuur- en landelike gebiede van maksimum beheer. Daarbenewens is die volgende van toepassing:

1. Alle plakkate moet aan die Stad voorgelê word om 'n Stadsuitgereikte permitgoedkeuringsplakker te ontvang waarop die datum staan wanneer die plakkate teen die Stad se elektriese straatlamppale aangebring mag word sowel as die datum waarop dit verwyder moet word. Hierdie gedrukte permitgoedkeuringsplakker moet duidelik voorop die plakkaat verskyn. Plakkate en alle toue of bande waarmee dit vasgemaak is, moet verwyder word voor of op die verwyderingsdatum wat op die permitgoedkeuringsplakker gedruk is.
2. Die naam van die geleentheid, die gasheerorganisasie, die datum van die geleentheid of veldtog en die lokaal moet in letters van minstens 50 mm hoog op die plakkate verskyn.
3. Die letters en logo van die kommersiële inhoud van die plakkaat mag nie groter wees as die letters wat grotendeels vir die inligting in klousule 2 hier bo gebruik word nie.
4. Buiten verkiesingsplakkate, mag 'n totaal van hoogstens 2 000 plakkate per geleentheid of veldtog, of groep verbandhoudende geleenthede of veldtogte, in enige stadium vertoon word, en slegs teen die Stad se elektriese straatlamppale.
5. Plakkate mag nie 0,9 m x 0,6 m in grootte oorskry nie.
6. Plakkate word as kategorie A geklassifiseer indien die gasheer of organiseerder 'n liggaam sonder winsoogmerk is en die plakkate betrekking het op—
  - (a) geleenthede, veldtogte, lewende teaterproduksies of kunsuitstallings sonder winsoogmerk en vir gemeenskapsdoeleindes, en hoogstens 10% kommersiële borginhoud bevat, mits die liggaam sonder winsoogmerk die werklike veldtogorganiseerder, -gasheer of -medegasheer is en nie bloot toelaat dat sy naam/logo op die plakkaat verskyn nie, en nie net 'n ondersteuner of begunstigde van die geleentheid/veldtog is nie.
7. Plakkate word as kategorie B geklassifiseer indien die gasheer of organiseerder nie 'n liggaam sonder winsoogmerk is nie en die plakkate betrekking het op—
  - (a) 'n handelskou (ekspo, handelstentoonstelling, verbruikerskou, handelsuitstalling) wat oop is vir die algemene publiek;
  - (b) nasionale of internasionale verhoog- of vermaaklikheidskunstenars wat lewend 'konsert hou';
  - (c) 'n doeleinde sonder winsoogmerk (d.w.s. hoofsaaklik vir fondswerwing of bewusmaking) of 'n sportsoort, die kunste, onderwys, gesondheid of kultuur, selfs al is die vertoning van die plakkaat van 'n sekondêre kommersiële aard;
  - (d) geleenthede en opedae van privaat skole en privaat kolleges;
  - (e) tydelike geleenthede en veldtogte van liggame sonder winsoogmerk, en hoogstens 20% kommersiële borginhoud bevat; en
  - (f) gemeenskapsmarkte en kulturele geleenthede wat nie meer as twee keer per maand gehou word nie.
8. Plakkate ten opsigte van die volgende word nie toegelaat nie—
  - (a) Kommersiële reklame, of reklame vir kommersiële geleenthede, uitverkopings by winkels, winkelsentrums of -wandelhalle, winkelpromosies, fabrieksuitverkopings, kommersiële dienste of produkte, privaat boekuitverkopings, goedereveilings,

- produkbekendstellings, wedstryde, filmbekendstellings, filmopnames of fotosessies, musiekbekendstellings, privaat partytjies, motiveringspraatjies, persone wat van die huis af werk, en privaat opleiding;
- (b) Daaglikse, weeklikse of geleentheid- lewende vertonings en platejoggie-optredes (ondanks 'n verandering in kunstenaar(s)) wat by privaat klubs, nagklubs, kroëë, kuierkamers, hotelle, winkelsentrums of -wandelhalle en restaurante gehou word;
- (c) Markte of uitstallings wat gereeld of meer as twee keer per maand gehou word; en
- (d) Uitsluitlik kommersiële doeleindes en kommersiële aktiverings.
9. Plakkate moet teen die Stad se elektriese straatlamppale vasgebind word, waar sodanige pale beskikbaar is, en gomplakkate mag slegs teen aangewese strukture aangebring word wat die Stad vir die uitdruklike doeleinde van gomplakkate goedkeur. Plakkate mag nie teen verkeersligpale, ander pale met verkeerstekens op, pale wat vir enige ander doeleinde opgerig is, die verdeelkaste van elektrisiteitsdiensowerhede of enige ander straatmeubels, mure, heinings, bome, rotse of ander natuurkenmerke op Stadseiendom opgerig word nie.
10. Plakkate mag nie teen die Stad se elektriese straatlamppale vasgeplak word nie, maar moet op bord gemonteer en stewig met sterk tou of plastiekbande vasgebind word. Geen vashegtingsmateriaal met metaal in word toegelaat nie.
11. Slegs een plakkaat per byeenkoms (of geleentheid) mag op enige enkele elektriese straatlamppaal van die Stad vertoon word.
12. Geen plakkaat mag nader as 30 m aan enige padverkeersteken of verkeerslig vertoon word nie, tensy 'n vrystelling of voorwaardelike vrystelling van sodanige afstand ingevolge artikel 7(6) toegestaan word.
13. Plakkate mag nie langer as sewe dae voor die datum van die byeenkoms of geleentheid aangebring word nie, en moet binne drie dae na die byeenkoms of geleentheid verwyder word.
14. Die vertoning van plakkate is verbode op enige brug en in enige ander gebiede waar dit verbode is ingevolge enige verordening wat deur hierdie verordening herroep word.
15. Die Stad of sy gemagtigde agent sal plakkate verwyder wat ongemagtig is, wat in stryd met enige bepaling in hierdie bylae vertoon word en/of wat nie verwyder word teen die datum waarna klousule 1 verwys nie.
16. Die Stad kan die koste verbonde aan die verwydering van die plakkate in klousule 15 hier bo, sowel as die koste vir die herstel van die oppervlak waarvan sodanige plakkate verwyder is, verhaal van die persoon/persone wat verantwoordelik is vir die vertoning van sodanige plakkate, of die persoon/persone wat verantwoordelik is vir die reëlins vir, of in beheer is van, enige vergadering, byeenkoms of geleentheid waarop sodanige plakkate betrekking het.
17. Die vertoning van plakkate vir uitsluitlik kommersiële reklame is verbode, op voorwaarde dat enige plakkaat wat 'n persoon vir die kommersiële voordeel van 'n sportsoort, die kunste of 'n kulturele geleentheid oprig of vertoon, toegelaat kan word, al is die vertoning van die plakkaat vir uitsluitlik kommersiële reklame.
18. Elke persoon wat van plan is om 'n plakkaat op Stadseiendom te vertoon, moet 'n nieterugbetaalbare fooi per plakkaat aan die Stad betaal, wat sodanige persoon die reg gee om die genoemde plakkaat vir 14 dae, of sodanige ander tydperk wat die Stad aandui, te vertoon. Die fooi word vasgestel ooreenkomstig die Stad se goedgekeurde tariewe en heffings wat van tyd tot tyd gepubliseer word. Geen plakkaat mag vertoon word sonder dat die fooi betaal is nie.
19. Die Stad kan aandring op dokumentêre bewys dat 'n liggaam sonder winsoogmerk wel as sodanig geregistreer is, sowel as enige ander tersaaklike dokumente wat die Stad kan vereis.

**BYLAE 12****RIGTINGTEKENS VIR EIENDOMSBEMARKING VAN TOT 0,3 M<sup>2</sup> EN TYDELIKE  
EIENDOMSBEMARKINGSTEKENS GROTER AS 0,3 M<sup>2</sup>**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van rigtingtekens vir eiendomsbemarking, waaronder tekens vir veilings, en tydelike eiendomsbemarkingstekens (groter as 0,3 m<sup>2</sup>), toegelaat in alle beheergebiede buiten natuurgebiede van maksimum beheer. Daarbenewens is die volgende van toepassing:

1. Rigtingtekens vir eiendomsbemarking mag slegs van 06:00 op Saterdag tot 20:00 op Sondag vertoon word. Sodanige tekens mag slegs ooreenkomstig hierdie bylae op Stadseiendom vertoon word indien dit die pad beduie na 'n eiendom wat op skou is.
2. Rigtingtekens vir eiendomsbemarking mag nie 0,3 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie.
3. Rigtingtekens vir eiendomsbemarking—
  - (a) mag slegs teen die Stad se elektriese straatlamppale aangebring word, waar sodanige pale beskikbaar is;
  - (b) mag slegs met stewige tou of plastiekbande vasgebind word, en geen vashegtingsmateriaal met metaal in word toegelaat nie;
  - (c) mag nie teen bome, verkeersligpale of ander pale met padverkeerstekens op, mure, heinings, rotse, ander natuurkenmerke of teen enige straatmeubels of ander Stadseiendom aangebring word nie, tensy die Stad dit skriftelik magtig; en
  - (d) mag nie enige derdepartyreklame bevat nie.
4. Waar geen elektriese straatlamppale van die Stad beskikbaar is nie, kan rigtingtekens vir eiendomsbemarking op penne vertoon word. Sodanige penne mag nie in enige beton-, teer- of geplaveide oppervlakte ingeslaan word nie, en mag nie die grond dieper as 15 cm binnedring nie.
5. Slegs een rigtingteken per agent mag per elektriese straatlamppaal van die Stad vertoon word. Twee tekenborde wat rug aan rug saamgevoeg word en teen 'n elektriese straatlamppaal van die Stad verskyn, word as een teken beskou.
6. Benewens die woorde 'Op skou' of 'Skouhuis', 'Veiling', 'Te huur' of iets soortgelyks, mag slegs die volgende inligting voorop elke rigtingteken vir eiendomsbemarking verskyn—
  - (a) Die oorspronklike permitplakker wat die Stad uitreik
  - (b) Die naam, telefoonnommer of ander kontakbesonderhede van die eiendomsbemarkingsagent, afslaer en/of eiendomsagentskap
  - (c) In geval van privaat verkopers, die woorde 'Privaat verkoper' tesame met die verkoper se telefoonnommer of ander kontakbesonderhede
  - (d) 'n Rigtingpyl
  - (e) 'n QR-kode
7. Eiendomsbemarkingsagente of -agentskappe mag geen tekens oprig of vertoon wat enigiets anders aandui as die eiendom wat bemark word nie.
8. Hoogstens ses permitplakkers vir rigtingtekens vir eiendomsbemarking of -veilings sal per eiendomsbemarkingsagent of afslaer uitgereik word, en 'n totaal van hoogstens ses rigtingtekens vir eiendomsbemarking sal toegelaat word per eiendom wat bemark word, waaronder skouhuise, -erwe, en woonstelblokke waarin 'n skouwoonstel geleë is.

9. Rigtingtekens vir eiendomsbemarking is verbode langs uitsigpaaie, op enige brug, in enige openbare park of openbare oop ruimte, of in enige ander gebiede waar dit verbode is ingevolge enige verordening wat deur hierdie verordening herroep word.
10. Slegs twee rigtingtekens vir eiendomsbemarking mag per skouhuis, -woonstel, -erf of veiling langs enige aangewese hoofpad vertoon word, wat die paaie in klousule 9 hier bo uitsluit.
11. Geen rigtingtekens vir eiendomsbemarking mag 'n padverkeersteken verberg nie.
12. Geen rigtingtekens vir eiendomsbemarking mag op verkeersirkels opgerig word nie.
13. Geen rigtingtekens vir eiendomsbemarking mag oor die padrand strek of die sigdriehoeke by uitdraaipaaie of voertuigtoegangspunte versper nie.
14. Rigtingtekens vir eiendomsbemarking moet op die kortste roete vanaf 'n hoofpad tot by die eiendom vertoon word.
15. Elke individuele eiendomsbemarkingsagent of afslaer moet jaarliks by die Stad aansoek doen om toestemming om rigtingtekens vir eiendomsbemarking te vertoon.
16. Goedkeuring vir die vertoning van rigtingtekens vir eiendomsbemarking word slegs toegestaan ná die betaling van 'n jaarlikse registrasiefooi en 'n permitfooi vir ses permitplakkers, welke fooie vasgestel word ooreenkomstig die Stad se goedgekeurde tariewe en heffings wat van tyd tot tyd gepubliseer word, op voorwaarde dat:
  - (a) in geval van eiendomsbemarkingsagente en -verhuringsagente, slegs hoof-, niehoof- en volstatusagente mag registreer, en nie ander personeellede van eiendomsbemarkingsagente of huisoppassers nie;
  - (b) in geval van afslaaers, slegs gekwalifiseerde afslaaers wat tot 'n erkende instituut vir afslaaers behoort, mag registreer, en nie ander personeellede van 'n afslaermaatskappy, waardeerders of huisoppassers nie; en
  - (c) in geval van privaat verkopers waar geen eiendomsbemarkingsagente betrokke is nie, die privaat verkoper 'n ad hoc-aansoek om drie permitplakkers kan indien.
17. Die Stad of sy gemagtigde agente sal enige rigtingteken vir eiendomsbemarking of afslaersteken wat in stryd met die bepalings van hierdie bylae vertoon word, verwyder, wat onderworpe kan wees aan 'n verwyderingsheffing wat die Stad sal vasstel ooreenkomstig sy goedgekeurde tariewe en heffings wat van tyd tot tyd gepubliseer word. Benewens die verhalings van die koste om die tekens te verwyder, kan die Stad ook die koste vir die herstel van die oppervlak waarvan die tekens verwyder is, verhaal.  
  
Ingeval die Stad nie 'n teken kan verwyder nie omdat dit ontoeganklik is, sal die Stad fotografiewe bewyse bekom van die teken wat in stryd met die bepalings van hierdie bylae vertoon word, en sal 'n nievoldoeningsfooi ooreenkomstig die bogenoemde tariewe en heffings gehê word. Die Stad behou voorts die reg om strafregtelike stappe ten opsigte van sodanige tekens in te stel.
18. **TYDELIKE PLEKGEBONDE EIENDOMSBEWAKINGSTEKENS GROTER AS 0,3 m<sup>2</sup>**
  - 18.1 Aansoeke om tekens groter as 0,3 m<sup>2</sup> moet 'n motivering insluit en sal slegs goedgekeur word indien die Stad oortuig is dat 'n teken van tot 0,3 m<sup>2</sup>—
    - (a) onvoldoende blootstelling kry of verberg word deur 'n gebou, bome of ander kenmerke op of buite die betrokke eiendom;
    - (b) nie baie duidelik is nie as gevolg van die afstand waarop dit besigtig word;
    - (c) opgerig of aangebring moet word waar die gebou verder as 15 m van die eiendom se straatgrens teruggeset is; of
    - (d) moeilik sigbaar is vanaf die oorkant van 'n aangrensende dubbelbaanpad.

### Plat en uitsteektekens

- 18.2 Indien 'n teken van tot 0,3 m<sup>2</sup> nie voldoende blootstelling sal kry nie, kan aansoeke ingedien word om groter tekens in die vorm van plat of uitsteektekens—
- (a) van tot en met 1 m<sup>2</sup> in geval van residensiële eiendomme en enkele-eenheidwoonstelle;
  - (b) van tot en met 1,5 m<sup>2</sup> in geval van kommersiële eiendomme en multi-eenhede of woonstelle; en
  - (c) van tot en met 4,5 m<sup>2</sup> in geval van eiendomme in nywerheidsgebiede.
- 18.3 Plat of uitsteektekens mag nie vir langer as drie maande vertoon word nie, en indien die eiendom na drie maande steeds in die mark is, moet 'n nuwe aansoek ingedien word.
- 18.4 Indien sodanige tekens in die vorm van plat of uitsteektekens opgerig word, mag dit nie enige vensters, ander openinge of boukundige kenmerke van 'n gebou bedek nie, moet dit tot die bevrediging van die Stad wees, moet dit binne die fassieplanke van balkonne, afdakke of verandas inpas, en mag dit nie bo, onder of verby die rand van sodanige balkonne, afdakke of verandas uitsteek nie.
- 18.5 Slegs een plat of uitsteekteken per straatfront word toegelaat, wat tot hoogstens twee tekens per straatfront verhoog kan word, maar slegs indien een teken nie voldoende blootstelling sal kry nie.
- 18.6 Sodanige plat of uitsteektekens moet 'Te koop', 'Nou te koop', 'Te huur' of 'Veiling' as hoofbewoording bevat.
- 18.7 'n Plakker met die woorde 'Verkoop', 'Bod toegestaan' of 'Ten volle verhuur' kan aangebring word oor enige goedgekeurde tydelike plekgebonde eiendomsbemarkingsteken groter as 0,3 m<sup>2</sup> wat sê 'Te koop', 'Nou te koop', 'Te huur' of 'Veiling', welke teken by die verstryking van die drie maande lange goedkeuringstydperk of binne twee weke na die verkoop of verhuur van die eiendom verwyder moet word. Die vertoontydperk sal nie verleng word om vir 'n 'Verkoop', 'Bod toegestaan'- of 'Ten volle verhuur'-plakker voorsiening te maak nie, en geen nuwe sodanige teken mag opgerig word nie.

### Losstaande tekens

- 18.8 Indien 'n teken van 0,3 m<sup>2</sup> nie genoeg blootstelling sal kry nie, kan aansoeke ingedien word om groter tekens in die vorm van losstaande tekens—
- (a) van tot en met 1 m<sup>2</sup> in geval van residensiële eiendomme en enkele-eenheidwoonstelle;
  - (b) van tot en met 1,5 m<sup>2</sup> in geval van kommersiële eiendomme en multi-eenhede of woonstelle; en
  - (c) van tot en met 4,5 m<sup>2</sup> in geval van eiendomme in nywerheidsgebiede.
19. Losstaande tekens sal slegs toegelaat word by 'n residensiële, kommersiële of nywerheidsperseel sonder enige grensmure of heinings, of op onbeboude erwe, en onderworpe aan die voorwaardes oor onvoldoende blootstelling in klousule 18.1 hier bo.
- 19.1 Slegs een losstaande teken of een V-vormige teken sal per eiendom per straatfront oorweeg word.
- 19.2 Sodanige losstaande tekens mag nie vir langer as drie maande vertoon word nie, en indien die eiendom na drie maande steeds in die mark is, moet 'n nuwe aansoek ingedien word.



- 19.3 Sodanige losstaande tekens mag nie munisipale verkeerstekens, straatname of verkeersligte verberg of die sigdriehoeke by uitdraaipaaie of voertuigtoegangspunte versper nie.
- 19.4 Sodanige losstaande tekens mag nie oor die grens van die eiendom uitsteek nie.
- 19.5 Sodanige losstaande tekens moet 'Te koop', 'Nou te koop', 'Te huur' of 'Veiling' as hoofbewoording bevat.
- 19.6 'n Plakker met die woorde 'Verkoop', 'Bod toegestaan' of 'Ten volle verhuur' kan aangebring word oor enige goedgekeurde tydelike plekgebonde eiendomsbemarkingstekens groter as 0,3 m<sup>2</sup> wat sê 'Te koop', 'Nou te koop', 'Te huur' of 'Veiling', welke teken by die verstryking van die drie maande lange goedkeuringstydperk of binne twee weke na die verkoop of verhuring van die eiendom verwyder moet word. Die vertoontydperk sal nie verleng word om vir 'n 'Verkoop'-, 'Bod toegestaan'- of 'Ten volle verhuur'-plakker voorsiening te maak nie, en geen nuwe sodanige teken mag opgerig word nie.

**BYLAE 13****LOS DRAAGBARE ADVERTENSIE TEKENS**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van los draagbare tekens in alle stedelike beheergebiede toegelaat. Daarbenewens is die volgende van toepassing:

1. Los draagbare tekens wat sonder die Stad se skriftelike toestemming in 'n padreserwe of op Stadseiendom geplaas word, is verbode ingevolge hierdie verordening.
2. Die Stad kan los draagbare tekens wat sonder die Stad se toestemming in 'n padreserwe of op Stadseiendom geplaas word, summier verwyder en skut.
3. Die Stad sal aansoeke om die plasing van een los draagbare teken per onderneming in 'n padreserwe of op Stadseiendom oorweeg, op die volgende voorwaardes—
  - (a) Die los draagbare teken mag nie 'n gevaar vir openbare veiligheid inhou nie.
  - (b) Nóg die fisiese grootte nóg die ligging van die los draagbare teken mag 'n belemmering wees of ongerief vir die publiek veroorsaak.
  - (c) Die los draagbare teken mag nie ander handelaars onbillik benadeel nie.
  - (d) Die los draagbare teken mag nie afbreuk doen aan die plaaslike straataansig of die gerief van die plaaslike omgewing nie.
  - (e) Die los draagbare teken mag slegs gebruik word om die naam van die onderneming sowel as die goedere of dienste wat vanaf die adverteerder se perseel verkoop of gelewer word te adverteer.
  - (f) Die maksimum afmetings van die los draagbare teken is 1,2 m (hoogte) x 0,6 m (breedte).
  - (g) Die los draagbare teken moet gelyk met die adverteerder se perseel geplaas word, op voorwaarde dat daar aan die bogenoemde kriteria voldoen word.
  - (h) 'n Onversperde looppad van ten minste 1,2 m breed moet langs die teken oopgelaat word, en sodanige tekens mag nie sigdriehoek versper nie.
4. Goedgekeurde los draagbare tekens sal toegeken word aan 'n bepaalde gebied in 'n padreserwe of op Stadseiendom, waar adverteerders die tekens gedurende gewone handelsure kan plaas. Buite gewone handelsure moet die genoemde los draagbare tekens verwyder en buite sig van die publiek gestoor word.
5. Die toegekende gebied vir die vertoning van los draagbare tekens is onderworpe aan 'n oorskrydingsfooi wat die adverteerder moet betaal teen 'n koers wat die Stad vasstel ooreenkomstig sy goedgekeurde tariewe en heffings wat van tyd tot tyd gepubliseer word.
6. Ondanks die bepalings hier bo, kan die Stad enige los draagbare tekens laat verwyder of skut indien dit in stryd met enige bepaling van hierdie bylae vertoon word, en die Stad kan die koste verbonde daaraan ooreenkomstig die bogenoemde tariewe en heffings verhaal van die persoon/persone wat verantwoordelik is vir die vertoning van sodanige tekens.

**BYLAE 14****LUGTEKENS**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, kan die oprigting en vertoning van lugtekens as tydelike plekgebonde tekens oorweeg word, dog slegs in stedelike gebiede van gedeeltelike of minimum beheer, tensy daar hier onder anders aangedui word. Daarbenewens is die volgende van toepassing:

1. 'n Lugteken wat aan enige gebou of struktuur op 'n eiendom vasgemaak word, mag nie 'n hoogte van 45 m, wat vanaf die grondvlak gemeet word, oorskry nie.
2. Lugtekens wat aan enige gebou of struktuur vasgemaak word, moet so vasgemaak word dat dit nie bo 'n openbare pad verskyn nie.
3. 'n Lugadvertensie mag nie 36 m<sup>2</sup> in algehele oppervlakte oorskry nie.
4. Aansoeke om lugtekens wat aan 'n gebou vasgemaak sal word, moet vergesel word van die aanstellingsvorm van 'n struktuuringenieur sowel as ingenieursbesonderhede oor hoe die teken vasgemaak sal word.
5. Slegs een lugteken per eiendom sal goedgekeur word vir 'n vertoontydperk van hoogstens 14 dae per kalendermaand.
6. Lugtekens mag nie bo 'n openbare pad vertoon word nie, tensy die pad tydelik gesluit is vir 'n geleentheid van 'n liggaam sonder winsoogmerk en sodanige tekens ooreenkomstig 'n tekenmeesterplan vertoon word.
7. Lugtekens mag slegs in daglig opgerig of vertoon word.
8. Die Stad kan meer as een lugteken met of sonder derdepartyborginhoud in enige beheergebied goedkeur vir 'n geleentheid van 'n liggaam sonder winsoogmerk of 'n sportgeleentheid, op voorwaarde dat dié tekens tot die lokaal, die gebied of die roete van die geleentheid beperk word.
9. Lugtekens wat die gebruik van hommeltuie of modelvliegtuie behels om enige tipe geleentheids- of borgreklame te vervoer of te vertoon, kan onderworpe aan die Stad se geleentheidspermitvereistes toegelaat word, en sal tot die lokaal, gebied of roete van die geleentheid beperk word.
10. Behoudens klousule 9 hier bo, is lugtekens wat die gebruik van hommeltuie of modelvliegtuie behels om enige tipe derdepartyreklame te vervoer of te vertoon, verbode.
11. Lugtekens mag nie verlig of elektronies wees nie, en geen animasie van enige vorm mag op lugtekens verskyn nie.

**BYLAE 15****TRANSITO-ADVERTENSIETEKENS VIR GELEENTHEDE SONDER WINSOOGMERK**

Onderworpe aan goedkeuring ingevolge hierdie verordening, word die oprigting en vertoning van transito-advertensietekens in alle stedelike beheergebiede toegelaat, soos dit hier onder uiteengesit word. Daarbenewens is die volgende van toepassing:

1. Die karwei van 'n transito-advertensieteken word nie toegelaat nie, tensy dit slegs vir vervoerdoeleindes is, en nie vir derdepartyreklamedoeleindes nie.
2. Die parkering van 'n transito-advertensieteken vir die doel van derdepartyreklame is verbode indien dit sigbaar is vanaf 'n openbare pad of 'n openbare plek, buiten by die lokaal van 'n geleentheid van 'n liggaam sonder winsoogmerk in enige stedelike beheergebied, vir die duur van die geleentheid, en ooreenkomstig die toegekende posisies in 'n tekenmeesterplan vir die geleentheidsgebied.
3. Transito-advertensietekens wat vir stoordoeleindes op privaat eiendom geparkeer word, moet so geposisioneer wees dat dit nie vanaf 'n openbare straat of openbare plek sigbaar is nie.
4. Die reklamepanele aan die kante van die transito-advertensietekens mag nie 18 m<sup>2</sup> elk oorskry nie, en die voor- en agterpanele mag nie 6 m<sup>2</sup> elk oorskry nie.
5. Ondanks enige bepalings van hierdie verordening, kan die Stad of sy gemagtigde agente sonder voorafkenningsgewing enige ongemagtigde transito-advertensietekens van Stads-eiendom laat verwyder, en in geval van ongemagtigde transito-advertensietekens op privaat eiendom, kan die Stad kragtens hierdie verordening 'n voldoeningkenningsgewing vir die verwydering van die tekens uitreik.
6. Geparkeerde transito-advertensietekens moet stewig aan die grond geanker word.
7. Transito-advertensietekens mag slegs verlig of elektronies wees indien dit by die lokaal of in die gebied van 'n Stadsgoedgekeurde geleentheid van 'n liggaam sonder winsoogmerk geparkeer word.
8. Transito-advertensietekens mag nie vir die primêre doel van reklame op of vanaf enige vaartuig, boei, platform of boot op water vertoon word indien dit vanaf enige openbare plek sigbaar is nie.
9. Enige transito-advertensietekens wat onregmatig op Stadsgrond geparkeer word of wat enige van die bepalings van hierdie bylae oortree, sal deur die Stad of sy gemagtigde agente verwyder word, en sal onderworpe wees aan 'n verwyderings- en stoorheffing wat die Stad sal vasstel ooreenkomstig sy goedgekeurde tariewe en heffings wat van tyd tot tyd gepubliseer word.

**BYLAE 16****ADVERTENSIE TEKENS OP STADSGROND, -GEBOU OF -INFRASTRUKTUUR**

1. Die Stad kan van tyd tot tyd sy grond, geboue en straatmeubels beskikbaar stel vir die maandelike oprigting en vertoning van advertensie tekens van liggame sonder winsoogmerk of kommersieel geborgde tekens, ongeag of die Stadseigendom deur die Stad self of deur 'n huurder van die Stad beset word, en kan vir dié doeleinde konsessies aan bepaalde persone of organisasies toestaan, op die volgende voorwaardes—
  - (a) Die Stad se toepaslike verkrygingsbeleid en batebestuursprosesse en -prosedures moet gevolg word.
  - (b) Die Stad sal die spesifikasies vir tekens op Stadgrond neerlê voordat voorstelle aangevra word.
  - (c) Sodanige tekens moet aan die bepalings van hierdie verordening voldoen, waaronder dié met betrekking tot die spesifieke tekentipes.
  - (d) Die oprigting en vertoning van sodanige tekens moet ook in 'n geïdentifiseerde behoefte voorsien, 'n bepaalde voordeel bied of 'n spesifieke doel bereik ter wille van die publiek of gemeenskap.
  - (e) Tekens met politieke inhoud sal nie toegelaat word nie, tensy hierdie verordening elders daarvoor voorsiening maak.
  - (f) Die Stad, as grondeienaar, behou die reg om vóór finale goedkeuring te besluit om nie met 'n voorstel voort te gaan nie, en die versoek vir voorstelle moet nie in enige opsig beskou word as 'n besluit deur die Stad om met die oprigting van 'n teken op 'n bepaalde terrein voort te gaan nie.
2. Advertensie tekens met betrekking tot tydelike geleenthede wat op Stadgrond, -geboue en -infrastruktuur opgerig word, is beperk tot die geleenthede van liggame sonder winsoogmerk, gemeenskapsgelentehede, kultuurgeleenthede of sportgeleenthede, waaronder sportgeleenthede wat deur ander entiteite aangebied word, wat gratis en toeganklik is vir die algemene publiek.
3. Tydelike tekens vir uitsluitlik kommersiële geleenthede, waaronder promosies, bemerking, kommersiële aktiverings en die bekendstelling van produkte en dienste, word nie op Stadgrond, -geboue en -infrastruktuur toegelaat nie.

**BYLAE 17****ADVERTENSIE TEKENS WAT DEUR OF TOT DIE VOORDEEL VAN LIGGAME SONDER WINSOOGMERK OPPERIG WORD**

1. Ondanks die beheergebied waarin die oprigting van 'n teken deur of tot die voordeel van 'n liggame sonder winsoogmerk voorgestel word, en onderworpe aan voldoening aan alle ander bepalings van hierdie verordening, kan die Stad sodanige teken vir goedkeuring oorweeg, op die volgende voorwaardes—
  - (a) Die gasheerliggame sonder winsoogmerk moet 'n aansoek ingevolge artikel 5 indien. Die aansoek moet skriftelike besonderhede bevat oor die aard en omvang van die voordeel wat uit die oprigting of vertoning van die teken ontvang sal word, sowel as die ander inligting wat artikel 5 bepaal.
  - (b) Die spesifieke vereistes vir elke tekentipe in hierdie verordening word ook op tekens deur of tot die voordeel van liggame sonder winsbejag toegepas.
  - (c) Sodanige tekens word slegs toegelaat op grond wat deur sodanige liggame sonder winsoogmerk beheer en gebruik word.
  
2. Benewens die voorwaardes in die bylae van toepassing op die spesifieke tekentipe, word die volgende voorwaardes ook toegepas—
  - (a) Tekens met politieke inhoud word nie toegelaat nie.
  - (b) Die naam van die liggame sonder winsoogmerk moet duidelik aan die bokant van die teken in letters van ten minste 300 mm hoog vertoon word.
  - (c) Slegs een reklamebord of plat teken van tot 6 m x 3 m elk sal per straat- of spoorreserwefront per eiendom toegelaat word, of indien dit as 'n reklamebord opperig word, een V-vormige of rug-aan-rug-teken wat nie twee panele van 6 m x 3 m elk per sodanige front op enige enkele eiendom oorskry nie.
  - (d) Intern verligte of elektroniese reklameborde of plat tekens van tot 18 m<sup>2</sup> per paneel mag vertoon word indien 'n vergunning ingevolge artikel 8(4)(h) toegestaan word. In die oorweging van sodanige vergunning sal die Stad ag slaan op beoordelings van die impak op pad- en verkeersveiligheid, erfenishulpbronne, uitsigpaaie en -hulpbronne, residensiële geriewe en die omgewing, na gelang van wat die Stad dalk aanvra, welke beoordelings die moontlike impak van die voorgestelde vergunning moet aandui, tesame met aanbevelings om die impak te temper. Hierdie beoordelings moet deur toepaslik gekwalifiseerde persone of praktisyns onderneem word.
  - (e) Indien 'n liggame sonder winsoogmerk 'n teken op staatsgrond voorstel, moet die aansoek die oorspronklike skriftelike magtiging van die betrokke staatsorgaan, of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, insluit waarin die staatsorgaan goedkeuring verleen dat die grond vir inkomsteskeppingsdoeleindes uit 'n reklamekonsessie gebruik word, welke magtiging ook die aard en omvang van die voordeel vir die liggame sonder winsoogmerk moet goedkeur.
  - (f) Die Stad kan aandrang op die indiening van 'n tekenimpak-, verkeersimpak- of erfenishulpbronnebeoordeling wat deur toepaslik gekwalifiseerde persone of praktisyns onderneem is en wat geen negatiewe impak identifiseer nie.
  - (g) Die Stad kan aandrang op dokumentêre bewys dat 'n liggame sonder winsoogmerk wel as sodanig geregistreer is, sowel as enige ander tersaaklike dokumente wat die Stad kan vereis.



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD

Making progress possible. Together.

UMTHETHO KAMASIPALA  
WENTENGISO EZIXHONYWE  
NGAPHANDLE WESIXEKO SASEKAPA,  
2023

**UMTHETHO KAMASIPALA WEENTENGISO EZIXHONYWE NGAPHANDLE  
WESIXEKO SASEKAPA**

**Ukulawula usetyenziso lomhlaba nezakhiwo kwintengiso neempawu ezixhonywe ngaphandle kunye nemiba ehambelana nale; ukubhangisa uMthetho kaMasipala weNtengiso zaNgaphandle neeMiqondiso wango2001.**

**IMBULAMBETHE**

**NGENXA YOKUBA icandelo 156(2) nelesi(5) loMgaqosiseko weRiphabliki yoMantsi Afrika, 1996 linikeza ilungelo lokuba uMasipala angenza ze dlawule imithetho kamasipala ukulungiselela ukuba imisebenzi yawo enelungelo lokuyilawula yenziwe ngempumelelo, kwakunye nokusebenzisa nawaphi na amagunya amalunga nemeko ekufuneka ilungisiwe ukuze umasipala enze umsebenzi wakhe ngempumelelo;**

**Ngenxa yokuba ngokweCandelo B leShedyuli 5 loMgaqosiseko weRiphabliki yoMzantsi Afrika, 1996, iSixeko siyavumeleka ukuba sisebenzise umthetho kwimiba enxulumene neeBhodi ezinkulu zentengiso ezixhonywa esidlangaleni;**

**NGOKO KE, MAWUMISELWE** libhunga likaMasipala weSixeko saseKapa ngolu hlobo lulandelayo:—

**IZIQULATHO**

1. linkcazelo
2. linjongo zalo Mthetho kaMasipala
3. Iimpawu ezingachatshazelwayo ngulo Mthetho kaMasipala
4. Iimpawu ezingavumelekanga ngokwalo Mthetho kaMasipala
5. Ukungeniswa kwezicelo
6. Iintlawulo nemiba gabalala ethi ithathelwe ingqalelo kunikezo lwemvume okanye imiqathango yemvume
7. Imiba ebhekisele kwiimpawu ezithile, iimpawu ezixhaswa ngezimali kunye nemimandla yolawulo
8. Izinto ezifunwayo xa kusenziwa uvavanyo nemiqathango yesiqhelo yemvume
9. Iimfuno zomthetho
10. Imvume
11. Isibheni
12. Iimpawu ezingadingi imvume
13. Ukumoshwa kweempawu
14. Ukonakaliswa kwepropati yeSixeko
15. Ukungena nokuhlola
16. Amatyalala
17. Iintlawuliso nezohlwayo
18. Ucingelo
19. Unyanzeliso-mthetho nokususwa kweempawu
20. Ukuhanjiswa kwezaziso zothotyelo-migaqo
21. Imiba enokungenelela kuyo inkundla kamantyi
22. Izikhokelo
23. Ukubhangiswa kwemithetho kamasipala
24. Izaphulelo kwemithetho
25. Isihloko esifutshane



**lishedyuli**

- Ishedyuli 1** Imimandla yolawulo  
**Ishedyuli 2** libhilibhodi zamaqela neempawu ezizibhodi ezingaxhaswanga nganto ukuya kuma kwi3m<sup>2</sup>  
**Ishedyuli 3** limpawu ezikummandla othile ezingaxhaswanga nganto kunye nezizimeleyo kodwa zinesixhaso, iimpawu ezikummandla othile wefama neempawu ezixhonywe kwiigaraji ekutha kuzo iimoto  
**Ishedyuli 4** limpawu ezisicaba, ezivelelelayo neziprojekthiweyo ezisezifestileni  
**Ishedyuli 5** limpawu ezisesibhakabhakeni  
**Ishedyuli 6** limpawu ezixhonywe emaphahleni  
**Ishedyuli 7** limpawu ezikwiveranda, ibhalkhoni, iipali zenkxaso nakwiintsika  
**Ishedyuli 8** limpawu kumadonga namacingo akwimida, iimpawu ezikwisiza solwakhiwo nakwiibhodi ezikwiindawo ekwakhiwa kuzo  
**Ishedyuli 9** lipowusta ezinemihlathi eyintloko yamaphephandaba  
**Ishedyuli 10** lintengiso ezikwiibhena, kwiiflegi, kwiibhaluni nakwizinto ezivuthelwayo neebhena ezijikelezayo ezisezipalini  
**Ishedyuli 11** lipowusta  
**Ishedyuli 12** limpawu zokumaketha ezikhomba ipropati ukuya kuma ku0.3m<sup>2</sup> neempawu zethutyana zokumaketha iipropati ezingaphezu kwe0.3m<sup>2</sup> ngokobungakanani  
**Ishedyuli 13** limpawu eziphathwa ngesandla  
**Ishedyuli 14** limpawu ezilengalenga esithubeni  
**Ishedyuli 15** limpawu zentengiso ezitulatulayo zemisitho engenzi nzuzo  
**Ishedyuli 16** limpawu ezikumhlaba, izakhiwo okanye izibonelelo zeSixeko  
**Ishedyuli 17** limpawu ezenziwa ziindawo ezingajonganga ngeniso

**IINKCAZELO**

1. Kulo Mthetho kaMasipala, ngaphandle kokuba into ekuthethwa ngayo ibhekisa kwenye into:

**“Intengiso”** ithetha nayiphi na into echazwa ngegama, unobumba, umfanekiso okanye into okanye isishunqulelo segama, okanye nayiphi isimboli okanye isikhanyiso esingenzelwanga kuphela ukuba siqaqambise into ethile okanye sibe sisilumkiso kwingozi ethile, ukanti no“kuthengisa” kukwanentsingiselo efanayo.

**“Uphawu olulengalengayo”** luthetha uphawu oluxhonyiweyo okanye oluboniswa emoyeni, olubandakanya kodwa olungaphelelanga kwiibhaluni ezincinci nezenziwa zibe yimilo yento ethile ezibotshelwa kwizakhiwo okanye izakhelo ezikwiyadi leyo ezikummandla olawulwa siSixeko.

**“Umntu ofundele umsebenzi othile okanye owenza loo msebenzi”** ithetha umntu ophumelele izifundo zomsebenzi awenzayo, okanye onezakhono aziqaqeshelweyo, okanye amava anento yokwenza neentengiso ezixhonywe ngaphandle kwizakhiwo nakwiipali yaye onokukwazi ukwenza enegunya lolwazi analo, anikeze iingcebiso enze nophononongo lweentengiso ezixhonywe ngaphandle kwizakhiwo nakwiipali yaye angasebenzisa ulwazi loluncwadi, iiprotokholi ezimiselweyo okanye imigangatho neenkqubo ezinesihlahla.

**“Imvume”** ithetha imvume enikezwe siSixeko okanye ngamagosa aso, ngamabhungana, okanye iikomiti.

**“Imimandla yolawulo”** ithetha imiandla ehlelwe ngokwemihlaba, iingingqi, iza neendlela ezingena kwimimandla, yaye ibonisa ubungakanani bolawulo lwalo mimandla

obufana nolawulo loomandla wonke, inxalenye yawo okanye igcuntswana lawo olusetyenziswa kwezo ndawo, njengoko kuchaziwe kwiShedyuli 1.

**“Igosha eligunyazisiweyo”** ithetha umsebenzi weSixeko responsible onoxanduva lomsebenzi okanye igunya ngokwemiqathango yalo Mthetho kaMasipala yaye libandakanya nawuphi umsebenzi onikwe igunya lokwenza loo msebenzi okanye onikezwe amandla.

**“Ibhalkhoni”** ithetha indawo ebiyelwe ngodonga okanye iintsinjana ezingaphandle kwesakhiwo, ekukwazi ukungenwa nokuphunyelwa kuyo kumgangatho ophezulu an wesakhiwo.

**“Ibhena”** ithetha nayiphi into apho uphawu lunokuthi luboniswe khona ngendlela apho olunokuthi lubonakale ngokwendlela oluboniswe ngayo, luxokomezwe kwintambo enye okanye kwintambo ezininzi, ezipalini okanye kwiflegi ezibonisa ngendlela ethe nkqo, mtyaba okanye ngangayiphi indlela okanye exokomezwe kwisakhiwo okanye kwizakhiwo ezikhethekileyo, kodwa ayibandakanyi ibhena ezenzelwe umngcelele. Iflegi engaboniswa kwipali yeflegi eyamkelweyo ngokwalo mthetho.

**“Ibhilbhodi”** ithetha nasiphi isikrini okanye ibhodi ethi izimele enobukhulu obungaphezulu kwe4.5m<sup>2</sup>, ethi ixhaswe, okanye iqulathe, isakhiwo esenzelwe, okanye esinokuthi sisetenziselwe, injongo yokuncamathisela, ukubonisa okanye sibonise uphawu lweqela

**“Isikhanyisi”** sithetha iyunithi yokukhanya eyiSI (ukhanyiso lomzuzwana ngamnye) enento yokwenza namandla okukhanyisa omthombo wokukhanyisa ojonge kwicala elithile.

**“ISixeko”** sithetha iSixeko saseKapa, uMasipala omiselwe ngeSaziso soMiselo 479 sango2000 seSixeko saseKapa esakhutshwa kulandelwa icandelo 12 loMthetho woRhulumente weMimandla: weZigqeba zoMasipala wango1998 (Umthetho 117 wango1998), yaye sibandakanya nasiphi isigqeba okanye umsebenzi, ummeli okanye iarhente yaso, eseebnza ilandela lo Mthetho kaMasipala ngenxa yamagunya eSixeko okanye alowo ugunyazisiweyo egameni leSixeko.

**“Ubude obucacileyo”**, kumba wophawu, buthetha the ubude obuphakathi kwendawo esezantsi oluphela kuyo uphawu nomgangatho wendawo engqonge uphawu olo, nendledlana okanye indlela esezantsi kolo phawu.

**“Ummandla okunxweme”** uthetha ‘ummandla okunxweme’ njengoko uchaziwe kwiNational Environmental Management: Integrated Coastal Management Act, 2008 (Umthetho 24 ka2008).

**“Intengiso yoshishino”** ithetha nawaphi amagama, iileta, iilogo, amanani, amagama, imifanekiso ebhekiselele kwigama loshishino, urhwebo, eyobuhlakani, eyomntu, okanye enazo naziphi iinkcukacha, isindululo okanye isibongozo; ebhekiselele nakweziphi impahla ezithi zenziwe okanye zithengiswe, okanye naluphi ushishino oluthi lunikwe okanye lwenziwe, okanye naluphi ushishino oluthi lunike okanye lwenziwe okanye nasiphi isiganeko soqoqosho okanye sokuzonwabisa, nolubandakanya iziganeko zemidlalo.

**“Uphawu oluxhaswa lishishini elithile”** luthetha uphawu oluthengisa iimpahla okanye iinkonzo; kodwa ukuxhonywa kwalo kube kunenye injongo, ekukuxhasa okanye ukuba negalelo kwinjongo ethile yoluntu, kwisisusa ethile okanye isiganeko esithile.

**“Udonga olukumda wesakhiwo”** ithetha naluphi udonga lwesakhiwo olwakhiwe lwadlulela ngaphaya komda ongasemva okanye osecaleni wesiza olungenanto kulo, efana neefestile okanye izino ezivulwayo.

**“Uphawu lwezinto ezahlukileyo”** luthetha isakhelo sophawu esizimeleyo ekunokuxhonywa kuso iintengiso eziliqela.

**“Uphawu olukwisiza solwakhiwo”** luthetha uphawu lwethutyana olunentengiso ejoliswe kummandla othile okanye intengiso yeqela elithile exhonywe kwisiza solwakhiwo oluxhonywe okanye oluncanyathiselwe kwisakhiwo, isikrini esibekwe kwisakhiwo okanye uphawu oluzimeleyo lommandla othile, kodwa alubandakanyi iimpawu zokumaketha iipropati neeBhodi zooNokotraka.

